



WAT S OORSAKELIK IS ENDE
GEEN OORSAKELIK IS UIT DE
BIBLIOTEK VAN HIER WORD NIE

UOVS-SASOL-BIBLIOTEK 0241216



11117394910122000019

A rectangular library label with a white background and a yellow border. It contains the text "UOVS-SASOL-BIBLIOTEK 0241216" at the top, a barcode in the middle, and the number "11117394910122000019" at the bottom.

DIE POLITIEKE IMPLIKASIES VAN
SWART VERSTEDELIKING IN SUID-AFRIKA,

1939 - 1946

deur

JOHANNES SCHABORT ROUSSEAU

Verhandeling voorgelê om te voldoen aan
die vereistes vir die graad Magister
Artium in die Fakulteit Lettere en Wys=
begeerte (Departement Geskiedenis) aan
die Universiteit van die Oranje-Vrystaat,
Bloemfontein.

STUDIELEIER: Prof. dr. A.H. Marais

Desember
1978

DE
RECHTER
HANDLIJKE VAN DE
RECHTER WOULD NIE

T968.641 Rou
241216

I N H O U D S O P G A W EBladsynommer

VOORWOORD	i
INLEIDING	1
HOOFSTUK I VERSTEDELIKING EN VERSTEDELIKINGS= PROBLEME VAN DIE SWARTES GEDURENDE DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG	13
1. Instroming na stedelike gebiede ...	13
1.2 Verstedelikingsprobleme	20
1.2.1 Behuisingsprobleme	20
1.2.2 Maatskaplike vraagstukke van die verstedelikte swarte	26
1.2.3 Misdaad en die verstedelikte swartes	31
1.2.4 Die probleem rondom die passtelsel	37
1.2.5 Die swartes en die Vakbonde	49
HOOFSTUK II POLITIEKE REAKSIE OP DIE SWART VER= STEDELIKINGSPROBLEEM	58
1. Segregasie as beleidsrigting in Suid-Afrika	58
1.1 Die Verenigde Party en sy toepas= sing van segregasie gedurende die Tweede Wêreldoorlog	63
1.2 Die Herenigde Nasionale Party as voorstanders van Segregasie	79
1.2.1 Die Herenigde Nasionale Party se petisie van 1939	79
1.2.2 Die Herenigde Nasionale Party en segregasie gedurende die Tweede Wêreldoorlog	83

1.2.3	Die Herenigde Nasionale Party se Kleurvraagstuk-kommissie	97
1.2.3.1	Beleid t.o.v. die stedelike swartes	99
1.3	Die Kommunistiese Party en segregasie tydens die Tweede Wêreldoorlog	101
HOOFSTUK III	DIE POLITIEKE STRYD RONDOM SWART VERSTEDELIKING	109
1.	Swart verstedeliking en die Kommunisme	109
	Kommunistiesgesinde koerante en pamflette rui stedelike swartes op	114
	Opruiing deur die kommuniste lei tot onluste en stakings	118
	Kommunistiese propaganda gedurende die Tweede Wêreldoorlog ..	123
	Kommuniste eis wapens vir die swartes	133
2.	Die regering se houding teenoor die Kommunisme	139
3.	Die Herenigde Nasionale Party se anti-kommunistiese veldtog	149
SLOTBESKOUIING	173
LITERATUUR- EN BRONNELYS	182
BYLAAG A		
BYLAAG B		
OPSOMMING	a

V O O R W O O R D

Die Politieke Implikasies van Swart Verstedeliking handel in hoofsaak oor die probleme wat geskep is deur die toestroming van swartes na die stedelike gebiede. Die verskynsel het sy hoogtepunt in die Tweede Wêreldoorlog gehad met die totstandkoming van groot nywerhede en industrieë. Talryke probleme het uitgekristalliseer en die oplossing daarvan het 'n politieke strydperk geword.

Volledigheidshalwe is dit nodig gevind om 'n oorsig van die voorgeskiedenis van die swart verstedelikingsprobleem te verskaf, aangesien dit met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog geen nuwe verskynsel was nie. Die oorlog het slegs momentum aan 'n ou wêreldverskynsel verleen.

Die algemene aanvaarde oplossing vir die probleem was tot en met die uitbreek van die oorlog een van segregasie soos in die volgende hoofstuk aangetoon. Vervolgens word op die politieke implikasies van die probleem gedurende die oorlog gekonsentreer.

Vasgevang in die voer van 'n intense wêreldoorlog, en innerlik verdeel oor die beste wyse waarop Suid-Afrika se rasseprobleem opgelos kon word, kon die Verenigde Party, wat die regering van die dag gevorm het, weinig doen om swart verstedeliking te stuit of selfs te beheer. Daarenteen het die amptelike opposisie, die Herenigde Nasionale Party, nie net met 'n klinkklare beleid vorendag gekom nie, maar ook geen steen onaangeroer gelaat om die implikasies van swart verstedeliking onder die aandag van die kieserspubliek te bring nie. As die standpunt van die

Opposisie dus meer aandag in hierdie verhandeling ontvang, is die logiese oorsaak omdat die party meer aandag aan die probleem gegee het.

Vir die Kommuniste het die probleme van swart verstedeliking op sy beurt 'n goeie teelaarde vir propaganda geskep. Daar is gepoog om die rol van hierdie party in die verband uit te lig.

Aangesien die swart verstedelingsprobleem vandag nog onopgelos blyk te wees en omdat die probleem weinig aandag van historici ontvang het, het hierdie studieveld vir my baie aantreklik voorgekom.

In my navorsing het ek vir die eerste keer kennis gemaak met die Kommunistiese nuusblad, Inkululeko, wat tydens die Tweede Wêreldoorlog versprei is. Hierdie blad was nie net uiters subjektief in sy beriggewing nie, maar ook opruiend van aard. As historiese bron was dit egter nie sonder waarde nie aangesien dit die Kommunistiese werkswyse doeltreffend illustreer.

Die Engelstalige regeringskoerante het weinig aandag aan die verstedelikingsprobleem gegee, aangesien heel kolomme deur oorlogsberigte oorheers is. In vele opsigte was hierdie koerante uit 'n navorsingsoogpunt van min waarde en slegs van sekondêre belang.

Daarteenoor het opposisiegesinde nuusblaaië soos Die Burger en Die Transvaler voortdurend die gevare wat swart verstedeliking vir die blanke ingehou het in sy beriggewing onderstreep. Die Herenigde Nasionale Party se beleid kom vanselfsprekend dan ook

duideliker uit as die van die regering.

Ander bronne wat van groot hulp was, was amptelike publikasies soos Hansards, Rapporte van Gekose Komitees en Gedrukte Aanhangsels tot die Notule van die Volksraad. Veral die Hansards het die Nasionale en Verenigde Partysprekers se standpunte m.b.t. die probleem uitgespel.

Privaat versamelings soos E.G. Jansen, E.H. Louw, D.J. Mostert en M.P.A. Malan-versamelings het veel daartoe bygedra om ekstra lig op die onderwerp te werp. Bykomende bronne was pamflette wat van tyd tot tyd deur die inligtingskantore van die onderskeie partye versprei is en ander inligtingstukke. 'n Groot aantal sekondêre werke was ook van hulp, hoewel weinig verskyn het wat direk op die onderwerp slaan.

Met die skrywe van hierdie studie was dit vir my moeilik om die verskillende partye se standpunte geheel los van mekaar te beskryf omdat dit nou verweef was in die politieke stryd van die dag. Benewens die oorlogspoging het die probleme wat die verhouding tussen blank en Nie-Blank versteur het, die meeste aandag ontvang. Dit het gevolglik uitgeloop op 'n voortdurende debat tussen die partye, waar argumente met teenargumente beantwoord is.

Dit is vir my 'n voorreg om langs hierdie weg my dank aan my studieleier, prof. dr. A.H. Marais, oor te dra. Van hom het ek waardevolle en simpatieke leiding ontvang. Met sy ruim insig en kennis het ek nooit geskroom om knelpunte met hom te bespreek nie. Ek het die voorreg gehad om sedert my voorgraadse studiejare onder sy bekwame hande deur te loop en het die inspi-

rasie om hierdie werk aan te pak van hom ontvang. Ek wil ook my dank betuig aan professore M.C.E. van Schoor en J.C. Möll vir hulle aandeel om by my 'n liefde vir die geskiedenis te kweek.

Langs hierdie weg wil ek ook my eggenote, moeder en skoonmoeder bedank vir hulle geduld, aanmoediging en onderskraging om hierdie werk te kon voltooi.

Aan die U.O.V.S. Sentrale Navorsingsfonds wil ek baie dankie sê vir die beurs wat hulle tot my beskikking gestel het.

Aan die Hoof en personeel van die Bloemfonteinse Argief, die Instituut vir Eietydse Geskiedenis en die U.O.V.S. Biblioteek is ek dank verskuldig vir hul vriendelikheid en hulpvaardigheid wat ek ontvang het.

Mev. R. Wessels het die tikwerk onderneem. Ek dank haar vir haar nougesette arbeid.

Ten slotte kom die eer aan Christus, die Gewer van alle Gawes toe.

BLOEMFONTEIN.

DESEMBER 1978.

J.S. ROUSSEAU.

I N L E I D I N G

Verstedeliking, hetsy deur blankes of swartes, is 'n betreklike jong verskynsel in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Teen die middel van die Negentiende eeu was daar slegs + 45 dorpe in Suid-Afrika en een stad, nl. Kaapstad met 'n inwonertal van ongeveer 28,500. Die blankes was die grootste enkele groep en het die helfte van dié syfer verteenwoordig. Die ander helfte was swartes, kleurlinge en Asiate.¹

Met die ontdekking van goud en diamante in 1866 en die gepaardgaande industriële rewolusie in Suid-Afrika is mense in groter klompe bymekaar gevoeg om sodoende stedelike gemeenskappe te vorm.² Die grootste groep wat hulle in dié jare na die industriële gebiede gehaas het, was veral die Afrikaner. Die swartman het kort op die hakke van die witman na stede verhuis aangesien die industrieë 'n behoefte aan ongeskoolde arbeid gehad het. Dog het die meerderheid swartes teen die einde van die Negentiende eeu nog in die hoefyster-vormige-gebied rondom die Transvaalse Republiek gewoon. Teen daardie tyd was die Swart-gebiede nog nie duidelik afgebaken en gereserveer vir swartes nie.³

Dit was veral ná 1902 dat die swartes in groter getalle verstedelik het en die verloop van sake bemoeilik en 'n vraagteken oor die toekoms van die land geplaas het.⁴ -Die verstedeliking van die swartes, wat gewoon was aan stamgevegte, het

-
1. F.A. van Jaarsveld, Verstedelikings- en Stedelike geskiedenis as studiegebied vir die Eietydse Geskiedenisbeoefening, Johannesburg, 1972, pp. 1 - 2.
 2. F.A. van Jaarsveld, From Van Riebeeck to Vorster 1652 - 1974, Johannesburg, 1975, p.159.
 3. A.J.H. van der Walt, e.a., Geskiedenis van Suid-Afrika, Kaapstad, 1966, p.484.
 4. F.A. van Jaarsveld, Die Verstedeliking van die Afrikaner, S.A.U.K. publikasie, 1972, p.34.

hom laat verander in 'n "vredeliewende" arbeider. Die swartes is gelokaliseer in woongebiede rondom die stede en 'n groot swart proletariaat het in die stedelike gebied ontstaan.⁵

Reeds in dié dae het die blanke geglo dat daar residensiële skeiding tussen Wit en Swart moes heers. Die swart toestroming na die stede was onbeheersd aangesien kontrole nie uitgevoer kon word oor die onafgebakende swartgebiede nie. In 1903 is 'n Bantoesakekommissie onder voorsitterskap van sir. G. Lagden saamgestel om die saak te ondersoek. Die kommissie het 'n oplossing op grond van algehele gebiedskeiding aanbeveel. Die stamgronde was te klein en oorbevolk en die trek van die swartes na die stede was vir hulle 'n toevlugsoord tot bestaan. Volgens die kommissieverslag moes afgebakende grond deur wetgewing vir die swartes opsygesit word.⁶

Alhoewel die Lagden-kommissie sy ondersoek en verslag in 1905 voltooi het was dit nie voor 1913 dat die aanbevelings deur die Unie-regering deur wetgewing vasgelê is nie. Die wet bekend as die "Naturellen Grondwet van 1913" het beklemtoon dat skeiding t.o.v. woongebiede in stede ook wenslik was.⁷

Teen hierdie jare het die liberalistiese element alreeds die skeidingsbeginsel teengestaan. John X. Merriman en W.P. Schreiner het hulle sterk uitgespreek teen gebiedskeiding. Die swartes was na die aankondiging van die wet ook nie meer so vredeliewend nie en het dit beskou as "rassediskriminasie"

-
5. Van Jaarsveld, From Van Riebeeck to Vorster, op. cit., p.161.
 6. Van der Walt, op. cit., p.484.
 7. C.F.J. Muller, Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Pretoria, 1969, p.346.

terwyl die voorstanders van die wet dit beskou het as "afsonderlike ontwikkeling".⁸

Die "Naturellen Grondwet van 1913" het voorsiening gemaak vir 10,4 morg grond vir die swartes. Die wet was die aanvangswetgewing waarin die beginsels van gebiedsegregasie en skeiding van regte op grond tussen swartes en nie-swartes beliggaam is.⁹ "Die Wet bevat 'n Bylae van 'Naturellegebiede', en sy bepaalings het, behoudens met goedkeuring van die Goewerneur-generaal 'n verbod geplaas op die verkryging deur enige persoon ander dan 'n Naturel van enige grond of 'n belang in grond in sodanig 'Naturellegebiede'. Aan die ander kant het dit, behoudens gemelde goedkeuring, verbied dat 'n Naturel van 'n nie-Naturel grond of belang in grond buite 'n afgesonderde gebied verkry."¹⁰

Die wet was tydelik van aard en het voorsiening gemaak vir 'n kommissie wat die permanente afbakening van gebiedsgrense moes bepaal. Die Beaumont-kommissie is aangestel wat 'n verslag in 1916 uitgebring het. Die aanbevelings is nie in geheel aanvaar nie en vyf afsonderlike komitees, bekend as plaaslike komitees is op 'n streeksbasis aangestel om die aanbevelings van die Beaumont-kommissie te hersien. Hul verslae is ook met gemengde gevoelens ontvang.¹¹

Die Beaumont-kommissie het voorgestel dat daar addisioneel nog 8,3 miljoen morg by die 10,4 miljoen morg grond van die 1913-bepaling afgesonder moes word vir swartes, maar dit was

8. Ibid.

9. D. Joubert, Die Naturelle-grondkwessie. Uit die Volksraaddebat 1936, Kaapstad, 1973, p.4.

10. Ibid.

11. Ibid.

eers in 1936 dat genl. J.B.M. Hertzog, na 'n jarelange stryd, meer grond vir swartes afgebaken kon kry.¹²

As gevolg van dié vertraging om voldoende grond aan die swartes beskikbaar te stel het hulle in groter getalle na die stede verhuis. Alhoewel die blanke 'n beleid van diskriminasie op grond van ras- en kultuurverskille, gevolg het, is in die beginjare gevind dat segregasie nie doeltreffend toegepas kon word nie. Die gevolg was gemengde woonbuurtes wat in sommige gevalle 'n chaotiese toestand geskep het.¹³

Teen 1923 was dit nodig om die stede tot blanke gebiede te verklaar en die swartes tot "tydelike verblyfhouers", wat in aparte woonbuurtes gesegregeer is, te beskou.¹⁴ 'n Oorsaak wat swart verstedeliking stelselmatig aangehelp het was die verhuising van al hoe meer swartvrouens na die stede. Alhoewel dié probleem voor 1920 nie so groot was nie toon getalle dat dit jaarliks groter afmetings aangeneem het tot na die Tweede Wêreldoorlog.¹⁵ Na 1945 het die swart bevolking in die stede dan ook die blanke bevolking verbygesteek.¹⁶

Die swart verstedelikingsprobleem het vanaf die vroeëre jare in die Twintigste eeu 'n integrale deel uitgemaak van die rassevraagstuk van Suid-Afrika. Die industriële rewolusie in die land het naas die oplossing van die "armblankevraagstuk", 'n nuwe probleem geskep, nl. die snelle verstedeliking van die swartes.¹⁷

12. Muller, op.cit., p.346.

13. Van Jaarsveld, From Van Riebeeck to Vorster, op.cit., p.162.

14. Van Jaarsveld, Verstedelikings- en Stedelike geskiedenis ..., op.cit., p.5.

15. N.J.J. Olivier, Ons Stedelike Naturellebevolking, Johannesburg, 1959, p.1.

16. Van Jaarsveld, Verstedelikings- en Stedelike geskiedenis ..., op.cit., p.5.

17. Van Jaarsveld, Die Verstedeliking van die Afrikaner, op.cit. p.34.

"As die Naturelle-vraagstuk in Suid-Afrika bloot van 'n landelike aard was, as dit slegs maar daaruit bestaan het dat 'n onder-ontwikkelde volk (die Bantoe in hierdie geval) gehelp moet word op die pad van ekonomiese vooruitgang, dan sou niemand in ons land hom besonderlik daarvoor hoef te bekommer het nie; dan sou ons ook volop tyd gehad het om die taak aan te pak. Dit is die stedelike aspek van ons natuurlevraagstuk wat aan die probleem die karakter van dringendheid en intensiteit verleen, wat die tydsfaktor in die vind van 'n oplossing so oorheersend maak, wat die groot dilemma vir Blank en Bantoe in Suid-Afrika behels", aldus prof. N.J.J. Olivier.¹⁸

Aangesien die verstedeliking van die swartes voor die Tweede Wêreldoorlog reeds groot afmetings aangeneem het was die natuurlike rigting vir 'n oplossing van die probleem gesoek in die beleid van blanke voogdyskap. Tydens die oorlog het die Smuts-regering en die Herenigde Nasionale Party beide 'n beleid van voogdyskap oor die swartes voorgestaan. Dog die interpretasie van wat onder voogdyskap verstaan word het verskil. In die Smuts-regering was daar liberalistiese elemente wat deur middel van voogdyskap die swartes wou lei tot gelykheid met die blanke. Die liberale elemente het veroorsaak dat genl. J.C. Smuts 'n beleid gevolg het wat stelselmatig meer en meer regte aan die swartes gegee het. Die toegewings het veroorsaak dat die swartes meer eise gestel het wat in baie gevalle toegestaan is.

In 'n toespraak voor die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasse-

18. Olivier, op.cit., p.20.

verhoudinge in 1942 het genl. Smuts 'n paar punte uitgelig in sy siening van Voogdyskap m.b.t. die swartes van die land. Hy het die Herenigde-Nasionale Party se beleid van segregasie beskryf as 'n vrees vir swart oorheersing en dat dié beleid slegs die verhoudinge tussen Swart en Wit benadeel het.¹⁹ Hy het gesê dat a.g.v. die ontstamming van die swartes en die verstedeliking wat daarmee gepaard gegaan het afsonderlike ontwikkeling binne afgebakende gebiede nie die probleem sou oplos nie.

Volgens Smuts was daar 'n "dual aspect in this concept of trusteeship, because in a trusteeship you have a dominant person who is trustee for the other. You have the guardian, if I may say so, who has to look after his ward, and who has a superior position to his ward."²⁰

Smuts het verder beklemtoon dat die fundamentele aspek die verantwoordelikheid was wat die voog jeens die "pleegkind" gehad het. Hierdeur het Smuts bedoel dat voogdyskap moet sorg dat die voordele van die voog nie die van die pleegkind oorskadu nie. "If the trustee exploits his ward, he breaks his trust, he denies his responsibility, he neglects the duty which rests upon him," aldus Smuts.²¹

Smuts het aan die toehoorders gesê dat daar wedersydse eerbied vir mekaar binne die voogdyskap geskep moes word om so doende Wit en Swart saam te snoer in 'n eenheid in die uur van gevaar. Smuts het segregasie as 'n struikelblok beskou in die

19. J. van der Poel, Selections from the Smuts Papers, Volume VI, Cambridge, 1973, p.335.

20. Ibid., p.337.

21. Ibid.

strewe om eenheid tussen rasse te bewerkstellig en gesê dat daar meer gedoen moes word vir die swartes want "he is carrying this country on his back."²² Volgens Smuts moes daar meer vir die verstedelike swartes gedoen word, hulle moes ook binne die voogdyskap ingetrek word. Salarisse en behuising moes binne die stede verbeter word. Hy het gesê dat die woonbuurtes van swartes van die blanke gesegregeer is en dat dit oneindig baie probleme vir die swartes ingehou het.²³ Hierdeur het Smuts nie bedoel dat dit verkeerd was dat afsonderlike woonbuurtes in die stede gevind word nie, maar dat baie ellende juis hierdeur geskep is. Afstande het veroorsaak dat die swartes te min geld vir voedsel tot hulle beskikking gehad het en dat dit gelei het tot verskeie ewels.

Ons sien dus dat Smuts se beleid t.o.v. voogdyskap vir baie nie onaanvaarbaar was nie. Wat juis die probleem geskep het was dat die liberale en kommunistiese element hierdie vertolking van die regeringsbeleid geëksploiteer het. Liberaliste soos J.H. Hofmeyr wou nie net die voogdyskap sien as die blanke wat as voog vir die swartes moes dien nie. Hy het probeer om die swartes op te hef en sy eindideaal was volkome gelykstelling van Wit en Swart.²⁴

Die kommuniste het Smuts se gematigde beleid jeens die swartes gesien as 'n kans om meer en meer eise aan die regering te stel. Hierdeur kon die swarte die regering oorneem deur 'n proletariese diktatorskap tot stand te bring.²⁵

22. Ibid., p.340.

23. Ibid., pp.340 - 341.

24. Van Jaarsveld, From Van Riebeeck to Vorster, op.cit., p.252.

25. Die Transvaler, 43-02-16, p.3.

Aan die ander kant het die Herenigde Nasionale Party voogdyskap in lyn gebring met 'n goed-geformuleerde segregasiebeleid waardeur elke ras afsonderlik kon ontwikkel onder voogdyskap van die blanke. Volgens die H.N.P. het die beleid gegroei uit die ervaring van die gevestigde blanke bevolking van Suid-Afrika. Dit is gegrond op die Christelike beginsels dat aparte ontwikkeling van rassegroepe die enigste grondslag was waarop alle volksdele in waarheid met reg en billikheid behandel kon word en elk die volle kans sou kry om sy eie besondere volksaard en -karakter te behou en te ontwikkel. Die beleid is deur die H.N.P. nie gesien as 'n vorm van onderdrukking nie en het dit verwerp as verkeerd en volkskadelik vir Wit en Swart.²⁶

Die Herenigde Nasionale Party se beleid van segregasie binne die Voogdyskapbeginsel was nie daarop uit om die swartes uit te buit nie, maar om hulle te lei en op te voed om sy eie kultuur en nasionale instellings te waardeer en uit te bou. Dié beleid het reeds in die middel veertigerjare beoog om die verskillende etniese groepe en sub-groepe in hul eie onderskeie gebiede saam te trek, waar elkeen uiteindelik sy eie sentrale regeringstelsel kon opbou en waar hulle gelei kon word om as aparte nasionale eenhede te ontwikkel.²⁷

Die swartman sou ook nie op homself aangewese wees in sy reserwes nie. Wetenskaplike hulp t.o.v. roofbou, boerderymetodes, ens. sou deur die blanke aan die swartes verskaf word ten einde sy plig as voog na te kom.²⁸

26. Vgl. Bylaag B.

27. Ibid.

28. Ibid.

Alhoewel die Herenigde Nasionale Partybeleid volkome regte vir die swartman binne sy eie gebied voorgestaan het sou die stedelike swartes nie in die blanke gebiede kon aanspraak maak op regte nie. Soos vroeër genoem sou swartes volgens die 1923-bepaling as "tydelike verblyfhouers" in die stede beskou word en aan allerhande bepalings en reëlings onderhewig wees, in ooreenstemming met die beginsel van woonbuurtskeiding.²⁹

Alhoewel die Herenigde Nasionale Partybeleid die stedelike swartes nie as gelyke vennote in die politieke, ekonomiese en maatskaplike orde beskou het nie was dit vir hulle moeilik om absolute segregasie in die stede toe te pas. Dr. D.F. Malan het ook by geleentheid gesê dat dit nie deel uitgemaak het van die H.N.P.-beleid nie.³⁰ Ten spyte daarvan dat die segregasiebeleid verstedeliking van swartes teengestaan het was die swartarbeid benodig in die stede, maar die kontrole van instroming moes doeltreffend gemaak word.

Volgens die H.N.P. moes die beleid van segregasie die kern van die Voogdyskapbeginsel uitmaak. Aangesien dit die enigste grondslag was waarop die posisie en toekoms van die blanke ras beveilig kon word. Dit is juis hierom dat die nasionaliste gedurende die Tweede Wêreldoorlog so te velde getrek het teen Smuts se "laat-maar-loop" beleid. Om dié beleid van die H.N.P. in werking te kon stel moes daar net na die oorlog 'n geveg aangeknoop word teen die Smuts-beleid, die Liberaliste en die kommuniste.

x x x x x x

29. Olivier, op.cit., p.20.

30. Hansard. Deel 71, 1950, kolom 4251.

Alhoewel swart verstedeliking nie in dieselfde lig beskou kan word as die van ander lande nie is dit tog interessant om daarop te let dat blanke regerings van sommige ander lande in 'n mindere mate tog dieselfde probleem gehad het. F.A. van Jaarsveld verklaar dat in die vroeëre jare van die Twintigste eeu streng gediskrimineer is t.o.v. woongebiede en arbeidsgeleenthede in Europese lande.³¹

L.F. Schnore skryf: "A rather clear-cut segregation of colour groups is a 'fact of life' within large cities."³² H. Powdermaker het nadat sy ondersoek ingestel het bevind dat: "Across the tracks, where side by side live respectable and the disreputable, the moderately well-to-do and the very poor, the pious and the unsaved, the college graduates and the illiterates ... all thrown together because all are Negroes."³³

Uit bogenoemde verklarings blyk dit duidelik dat swart verstedeliking orals maar 'n probleem geskep het. Dog Suid-Afrika se probleem is meer intens as die van Amerika en ander Europese lande in dié opsig dat die verhouding in swart verstedeliking groter was as die van blanke verstedeliking. Die blanke in Suid-Afrika is ook 'n minderheidsbevolking, terwyl die blanke in Amerika en Europa die meerderheid verteenwoordig. In dié lande speel die gee van politieke regte en gelykstelling nie so 'n groot rol in die politieke magssposisie nie.

In Suid-Afrika verskaf die segregasie- of apartheidsbeleid die geleentheid aan alle etniese groepe om te ontwikkel binne

31. Van Jaarsveld, From Van Riebeeck to Vorster, op.cit., p.162.

32. L.F. Schnore, The Urban Scene, Londen, 1965, p.294.

33. H. Powdermaker, After Freedom, New York, 1939, p.13.

die grense van sy eie kultuur en lewenspatroon, terwyl die swartman in die meeste ander land sy taal, kultuur en leefwyse moes aanpas by die van die westerling.

x x x x x x

Die verstedeliking van die swartes gedurende die eerste helfte van die Twintigste eeu kan aan verskillende oorsake toegeskryf word waarvan die Tweede Wêreldoorlog die vernaamste was. Getalle toon dat in 1904 daar slegs 361,000 swartes in die stede was. Op dié stadium het dit ongeveer die helfte van die blanke verstedelikes uitgemaak. Met die laaste sensusopname voor die oorlog was daar + 1,246,000 swart verstedelikes en in 1951, die eerste sensusopname na die oorlog, was daar + 2,329,000 swartes in die stede. As daar berekeninge gemaak word sal ons vind dat die gemiddelde jaarlikse toename van swart verstedelikes vanaf 1904 tot 1936 + 27,656 per jaar was. In die vyftien jaar na 1936, wat die Tweede Wêreldoorlog insluit, was die gemiddelde jaarlikse toename in swart verstedeliking + 720,000 per jaar.³⁴

In die lig van die voorgaande is dit duidelik dat swart verstedeliking in Suid-Afrika intense politieke en sosiale probleme geskep het. Dit spreek vanself dat dit die aandag van politici sou verg en vasvang. Omdat daar nie eenstemmigheid onder politici was oor die wyse waarop die probleme wat deur swart verstedeliking veroorsaak is opgelos kon word nie, en omrede daar klaarblyklik nie 'n klinkklare oplossing vir die

34. Olivier, op.cit., p.2.

intense probleem was nie, spreek dit vanself dat 'n hewige politieke polemiekie daaruit sou voortvloei. Dit is hierdie polemiekie wat in die volgende hoofstukke beskryf sal word.

---ooo000ooo---

H O O F S T U K I

VERSTEDELIKING EN VERSTEDELIKINGSPROBLEME VAN DIE SWARTES GEDURENDE DIE TWEDE WÊRELDOORLOG

1. INSTROMING NA STEDELIKE GEBIEDE

Die verstedeliking van die swartes het op grootskaal begin met die ontdekking van goud en diamante en die ontstaan van sekondêre nywerhede. Die Tweede Wêreldoorlog het dié proses verhaas en ons vind dat gedurende dié jare byna 'n verdubbeling van swart instromeling na stede plaasgevind het.¹ Die rede hiervoor was veral die ontstaan van groot oorlogsindustrieë. Dié industrieë het 'n tekort aan ongeskoolde arbeid ondervind en het die instroming van swartes verwelkom. Dit was nie noodwendig net die permanente verstedelikte swartes wat die vraagstukke, wat met verstedeliking gepaard gaan, in die lewe geroep het nie, instromelinge vanaf reservate, protektorate, plase en selfs van buite Suid-Afrika se grense, het dit vererger.² Die industriële sektore was afhanklik van die instromende swartes omdat die stadsgebore swartes nie altyd in die myne en industrieë wou werk nie. Hulle kon ook goedkoop ongeskoolde arbeid lewer en die armblanke en die kleurling moes veral daaronder ly.³

In 1938 is 'n komitee onder voorsitterskap van sir E.N. Thornton saamgestel om die verstedelikingsprobleem te ondersoek. Hulle het gevind dat die probleem veroorsaak was deur onbehoorlike be-

-
1. N.J.J. Olivier, Ons Stedelike Naturellebevolking, Johannesburg, 1959, p.2.
 2. F.J. Language, Groepsgebiede en Woonbuurtskeiding, S.A.B.R.A., 1952, p.77.
 3. Die Burger, 39-03-14, p.9.

heer oor swart instroming.⁴ As gevolg hiervan het die sentrale owerhede voorskrifte aan plaaslike besture gegee om instroming te bekamp en te beheer. Wet, No. 21 van 1923, later bekend as die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet is van tyd tot tyd tot 1945 gewysig en het die beginsel gehandhaaf dat Plaaslike besture die verantwoordelikheid vir die verskaffing van huisvesting aan stedelike swartes moet aanvaar. Die wet het die verskillende maniere waarop dit gedoen kon word bepaal, en het die pligte en bevoegdhede van munisipaliteite in hierdie verband omskrywe.⁵ In sekere groot stede het die liberalistiese element in die stadsrade die oorhand behaal en geen behoorlike beheermaatreëls is getref nie.⁶

Wat behuising betref het die oorlog die behuisingsnood verskerp en regstreeks aanleiding gegee tot die oorbewoning van bestaande swartwoonbuurtes asook die ontstaan van pondokkiesdorpe.

Die Kaapstadse stadsraad het die regering se opdrag om instroming te bekamp verwerp omdat dit teen hul beleid was. Nadat die raad vir die derde keer deur die sentrale owerhede gedreig is dat die registrasiegelde in staatskas geplaas sou word, het die raad standpunt ingeneem teen toestroming van swartes.⁷

In Johannesburg was die beheer van instromelinge ook onvoldoende sodat die Departement van Naturellesake van die Johannesburgse Stadsraad verklaar het dat daar geen oortollige swartes in Johannesburg woonagtig was nie.⁸

-
4. U.G. No.8, Printed Annexures to the votes and proceedings of the House of Assembly, Volume III, 1940, p.8.
 5. Language, op.cit., p.81.
 6. Die Burger, 39-05-09, p.5.
 7. Ibid.
 8. Die Transvaler, 39-07-14, p.10.

Verstedeliking van swartes het 'n delikate punt van bespreking tydens elke jaar se Volksraadsitting geword. Dit was veral die Herenigde Nasionale Party wat instroming van swartes na stede beveg het. Die party het die Minister van Naturellesake, kol. D. Reitz, se aandag telkens op die verstedelikingsprobleem gevestig. Adv. F.C. Erasmus, (H.N.P. Moorreesburg), het tydens die 1939-sitting die minister daarop gewys dat sy versoeke aan stadsrade op dowe ore geval het - net 205 van die 455 stadsrade het stappe teen instroming van swartes geneem. Hy het die minister gevra om self op te tree en nie te wag vir die stadsrade nie.⁹

Artikel 10 van die Naturelle (Stadsgebiede) Wet het verklaar dat die Plaaslike besture die mag het om swartes te belet om hulle onderskeie gebiede binne te kom behalwe as hulle aan sekere voorgeskrewe voorwaardes voldoen of as omstandighede dit vereis.¹⁰ Ondanks die verbod het daar nogtans talle die verbode gebiede betree met die verontskuldiging dat hulle nie bewus was van die feit dat die stede se deure vir hulle gesluit was nie. Die Kaapstadse stadsraad het die swartes nie teruggestuur vanwaar hulle gekom het nie en verklaar dat daar weer "werksgeleentheid" vir die swartes was. Die Departement van Naturellesake is versoek om hulle waaksaamheid in swartgebiede te verskerp en die bepaling van die regulasie alom bekend te maak sodat niemand met verskonings in stede sou opdaag nie.¹¹

Die Naturellewette-kommissie van 1946, onder voorsitterskap

9. Die Burger, 39-05-18, p.3.

10. Language, op.cit., p.78.

11. Die Burger, 39-08-15, p.9.

van regter H.A. Fagan, wat ondersoek moes instel t.o.v. wette met betrekking tot die stedelike swartes het verklaar dat stadsrade nie hulle magte gebruik het om toestroming te beheer nie. Geen voorsiening nie of onvoldoende voorsiening is gemaak as die swartes eers in die stedelike gebiede aangekom het. Die kommissie het daarop gewys dat die oorlog die toe huidige toestand van swart verstedeliking vererger het a.g.v. industriële uitbreiding. Die kommissie het aanbeveel dat die regering die beheer moes oorneem.¹² Die munisipaliteite het groot finansiële verliese gely om swartes te huisves, alhoewel die huisvesting onvoldoende was. Tydens die oorlog was daar ook 'n tekort aan boumateriaal en vakmanne wat veroorsaak het dat woonhuise vir swartes in stedelike gebiede feitlik tot stilstand gekom het, terwyl die instroming steeds plaasgevind het.¹³

In teenstelling met die Herenigde Nasionale Party wat verstedeliking van swartes teengestaan het, het die liberaliste, en veral die Naturellevertegenwoordigers, gepleit vir die opheffing van die beperking van instroming van swartes. Adv. D.B. Molteno het gesê dat die swarte se vryheid daardeur ingeboet word. Adv. H.A. Fagan, (H.N.P. Stellenbosch), het tydens die 1942-sitting van die Volksraad Molteno geantwoord en gesê dat daar nie genoeg werk vir die swartes in die stede was nie. Hy het bygevoeg dat die beperking in belang van die swartes self was.¹⁴

Tydens die 1941-sitting van die Volksraad is die H.N.P.-betoog teen verstedeliking van die swartes gelei deur Mnr. R.A.T. van

12. H.Suzman, Samevatting van die Faganverslag, Johannesburg, ongedateerd, p.3.

13. Language, op.cit., p.82.

14. Die Transvaler, 42-03-19, p.1.

der Merwe, (H.N.P. Bethlehem). Hy het gesê dat die Naturelle=verteenwoordigers uitgegaan het van die standpunt dat die blanke, en veral die boer, daarop uit was om 'n slaaf te maak van die swartes. "In swart woongebiede word swartes opeengehoop, baie word boewe, dan word daar nog gepleit vir allerlei voordele", aldus Van der Merwe.¹⁵

Die Burger verklaar op 6 Januarie 1943 dat dit nie net die oorlog en die opneem van swartes in die leër was wat talle swartes laat verstedelik het nie. Ander redes wat uit die toestand voortspruit, het as gevolg die vinnige afname in die geleedere van die Unie se plaasvolk. Die vreemde invloede wat in die stede reeds sy gewelddadige gevolge gehad het, neem langer om die plattelandse swartes te bereik, maar op die ou end bereik dit hom ook, met verderflike gevolge.¹⁶ Dr. N. Diedericks het op Irene gesê dat die verstedeliking van die swartes met die gepaardgaande kommunistiese invloede, ewels veroorsaak het wat die land duur te staan sou kom. Volgens Diedericks het die indringing van swartes in blanke woonbuurtes sedert die aanvang van die oorlog alreeds sy tol geëis.¹⁷

Met die bespreking van die Wetsontwerp tot Konsolidasie van die wette op swartes tydens die 1945-sitting, het kol. W.A. Booy=sen, (H.N.P. Namakwaland) weer eens die Herenigde Nasionale Party se verontrusting oor die toestroming van swartes na die stede uitgespreek. Hy voorsien groot spanning tussen die kleurlinge wat in Kaapstad hul tuiste het, en die instromende swartes.

15. Die Burger, 41-04-04, p.3.

16. Ibid., 43-01-06, p.5.

17. Ibid., 44-10-31, p.5.

Hy het gesê dat diegene wat op die genade van die kleurlingstem in die Volksraad sit, nie pleit vir kleurlinge se belange nie. Die Nasionaliste, wat nie die kleurlingstem het nie, behartig hul belange.¹⁸

Tydens dieselfde sitting is 'n kommissie onder voorsitterskap van mnr. R. Stratford, aangestel ten opsigte van die wetgewende uitwerking van die Naturelle (stadsgebiede) Konsolidasiewetsontwerp. Hulle moes ondersoek instel en verslag lewer oor die vraag of die wetsontwerp op enige wyse die bestaande reg verander. Ná ondersoek het die kommissie tot die slotsom gekom dat die bestaande wetsontwerp voldoende was, behalwe miskien vir woordrangskikking wat die wet beter kon formuleer.¹⁹

Met die oorlog in 1946 agter die rug het swartes steeds in groot getalle die stede binnegestroom. Die Herenigde Nasionale Party het die regering beskuldig dat hulle nie hul plig t.o.v. dié aangeleentheid uitgevoer het nie. Genl. J.C. Smuts, die Eerste Minister, het op sy beurt weer die skuld op die plaaslike besture geplaas en gesê dat die plaaslike besture nie sê watter swartes oortollig in stede was nie. Hy het gesê dat behoorlike administrasie alleenlik kan geskied as die plaaslike besture hulle deel doen. Voordat swartes na hulle gebiede teruggestuur word moet stedelike besture eers bekragtig dat hulle oorbodig was. "En jy kry hulle eenvoudig nie om dit te doen nie. Die stedelike besture wil nie sê dat naturelle oorbodig is nie."²⁰ Die bewering van Smuts het die Herenigde Nasionale Party gesien as die regering

18. Ibid., 45-03-24, p.3.

19. S.C. 10, Rapporte van gekose Komitees, Deel I, 1945.

20. Hansard. Deel 55, 1946, kolom 124.

se onmag om behoorlike beheer oor plaaslike besture uit te oefen. Adv. F.C. Erasmus het aan genl. Smuts gevra waarom hy dan nie 'n noodregulasie uitvaardig nie. Die Eerste Minister het daarop geantwoord dat dit 'n suiwer wetspunt was en dat 'n noodregulasie onvanpas sou wees.²¹

Die Herenigde Nasionale Party het maj. P. van der Bÿl, Minister van Naturellesake, as die sondebok bestempel en gesê dat hy nie doeltreffende beheer oor sy Departement uitoefen nie. Maj. P.W. A. Pieterse, (H.N.P.), het gesê dat die toestroming net een resultaat sou hê, nl. moord, doodslag en diefstal en allerlei onheile in die stede.²²

Dit wil voorkom of die regering se aandag net na die oorlog meer binnelands gerig was aangesien maj. P. van der Bÿl die Volksraad meegedeel het dat die swartes in die Skiereiland alleen gedurende die oorlog met 49,000 toegeneem het. Hy het erken dat groot getalle van die swartes onwettig in stedelike gebiede was. Dit bevorder misdaad en hul goedkoop arbeid verdryf die kleurling uit sy werk. 'n H.N.P.-mondstuk, Die Kruithoring, verklaar op 29 Mei 1946: "Uiteindelik het die minister se oë op 'n skrefie oopgegaan sodat hy in staat is om 'n klein deeltjie van die Nasionale Party se beleid raak te sien."²³

Alhoewel die oorlog nie uitgesonder kan word as enigste oorsaak vir die verstedeliking van die swartes gedurende die laat dertiger en vroeë veertiger jare nie, was dit die primêre oorsaak.

Die samehokking van swartes in blanke stede het omvangryke pro=

21. Ibid.

22. Ibid., kolom 455.

23. Die Kruithoring, 46-05-29, p.1.

bleme tot gevolg gehad.

1.2 VERSTEDELIKINGSPROBLEME

1.2.1 Behuisingsprobleme

Behuisingsprobleme is net so oud as die verstedeliking van die swartes self. Reeds voor 1921 was die behuisingsomstandighede van ons stedelike swartbevolking in vele opsigte onbevredigend. Na 1930, veral as gevolg van die depressie, het 'n grootskaalse trek van blanke, swartes en kleurlinge vanaf die platteland na die stedelike gebiede plaasgevind, wat ewe-eens 'n groot behuisingsbehoefte geskep het.

Reeds voor 1939 het die stedelike swartbehuisingsvraagstuk die aanskyn van 'n bykans onoplosbare probleem aangeneem. "Die tweede wêreldoorlog het ons gelaat met 'n erfenis op hierdie gebied wat selfs die stoutmoedigste met 'n gevoel van wanhoop en hulpeloosheid gelaat het. Die oorlogspoging, onversadigbaar in sy eise, het nóg kapitaal nóg mannekrag te spare gehad om aan binne-landse maatskaplike vraagstukke te wy."²⁴

Tydens die oorlog was daar 'n aanvraag na steeds meer en meer ongeskoolde arbeiders, ten einde die groeiende produksiemasjien aan die gang te hou. Tienduisende swartes het veral na Suid-Afrika se vier groot nywerheidskomplekse gestroom. Stedelike plaaslike besture het, in 'n verstaanbare begeerte om nie agter te bly in hierdie ontwikkelingswedloop nie, onbeskaamd nyweraars uitgenooi en aangemoedig om hul nywerhede daar te kom vestig: goedkoop en voldoende water, krag, nywerheidspersele en goedkoop

24. Olivier, op.cit., p.5.

en volop arbeidskrag, is as lokaas voorgehou. Nóg die stede=like plaaslike besture nóg die werkgewers het hulle besonderlik bekommer oor hoe en waar hierdie instromende swartmassa gehuisves moes word, en onder watter omstandighede hulle moes lewe; en waar daar wel bekommernis was, was daar volslae magteloosheid om die probleem doeltreffend aan te pak.²⁵

In die stede het daar 'n tradisionele beleid van woonbuurtskei=ding bestaan. Die toestroming van swartes het dié beleid bedreig. Die meeste munisipaliteite het woonbuurtskeiding gesteun, en ty=dens die Kaapländse Munisipale Kongres in 1939, is die Provinsiale konsepwetgewing t.o.v. verskillende woongebiede vir blank en Nie-Blank, gesteun deur die konserwatiewe element in stadsrade. Kaap=stad se munisipaliteit, waar die liberale element die oorhand ge=had het, het die Provinsiale konsepwetgewing geopponeer.²⁶ Op ministriële vlak het genoemde voorstel misluk - genl. J.B.M. Hert=zog wou nie 'n afvaardiging te woord staan nie - hy het gesê dat hy hom nie wil inmeng met sake wat tuishoort by die administrasie van 'n ander minister nie. Hertzog het die afvaardiging aange=raai om min. R. Stuttaford te spreek wat op sy beurt geweier het om hulle te ontvang en gesê het dat die vraagstuk van woonbuurt=segregasie by Provinsiale Rade tuishoort.²⁷

Ons vind dus dat aan die begin van die oorlog daar 'n tweespalt geheers het onder munisipaliteite t.o.v. woonbuurtskeiding. Die groot stede wat meer as een stem in die Munisipale Verenigings ge=had het, het woonbuurtskeiding verwerp. Dog was dit juis hier

25. Ibid., p.6.

26. Die Burger, 39-01-25, p.1.

27. Ibid.

in die groot stede waar die behuisingsprobleme die ergste was, waar rasse deurmekaar gewoon het en waar morele waardes verdwyn het.

In Johannesburg het die Stadsraad 'n voorstel deur sewe lede, wat versoek het dat 'n afgeskeide woondorp vir swartes langsaan die bestaande swartdorp, Orlando, gebou word met sestien teenoor elf stemme verwerp. Die sewe lede het die Stadsraad versoek om 'n kommissie aan te stel om die algemene vraagstuk van blanke en swart woonbuurte te ondersoek. As hoofbeginsel moes die kommissie van ondersoek neem die verwydering van alle swartes uit gebiede soos Sophiatown, Martindale, Newclare, Alexander-dorp en ander swart woonkolle te midde van blanke woonbuurte en dat die swartes hervestig moes word in 'n gebied wat aan Orlando grens. Dié stap sou dan die westelike en noordelike voorstede van Johannesburg vir blanke uitbreiding en ontwikkeling vrylaat. Alhoewel dit voorkom asof die liberale elemente weer eens oorheers het was die weiering toegeskryf aan 'n tekort van finansies.²⁸

Namate steeds meer swartes die stede binnegestroom het, het daar in en om die stede een plakkerskamp na die ander verrys, bestaande uit krotte van sink, sak, hout of karton, sonder dat doeltreffende maatreëls geskep is of geskep kan word om selfs die allernoodsaaklikste dienste in verband met sanitasie, vullisverwydering, watervoorsiening ens. te voorsien. In hierdie plakkerskampe, en in reeds bestaande swart woonbuurtes, het oorbewoning op ontsettende skaal voorgekom, blankes en gekleurdes is uit sekere woonbuurtes

28. Die Transvaler, 39-03-24, p.1.

verdring, veral in Johannesburg, Kaapstad en Port Elizabeth, en toestande van onbeheerde chaos en saamdromming het orals ontstaan.²⁹

Tydens die sitting van die Provinsiale Raad van Kaapland in 1940 het 'n Herenigde Nasionale Party verteenwoordiger, Mnr. P.J.H. Hofmeyr, die woonbuurtsegregasie weer eens opgehaal. Hy het gesê dat die probleem bo party-politiek uitstyg en dat dit 'n volksaak was. Voorts het hy beweer dat daar drie waarhede i.v.m. woonbuurtskeiding was, nl. 'n verklaarde volkswil, die plig van die owerhede om die verklaarde volkswil te gehoorsaam en dat die vraagstuk nie opgelos kan word tensy dit geskied in billikheid en regverdigheid teenoor die twee rasse nie. Kaptein F.A. Joubert (Administrateur van Kaapland) het die oorlog voorgehou en gesê dat die tyd ongeleë was om so 'n saak te bespreek of aan te neem.³⁰

Dat die regering en stadsrade gedurende die eerste paar jaar van die oorlog nie daadwerklik opgetree het jeens behuising vir swartes en woonbuurtskeiding nie blyk 'n konstaterende feit te wees. Selfsin kleiner nywerheidssentra het veral die Afrikaner tevergeefs geswoeg om die probleem die hoof te bied. Mnr. W. Neethling, enigste Afrikaner in die Benoniese stadsraad het namens die blanke inwoners van Benoni 'n stryd teen die stadsraad aangeknoop omdat niks gedoen is om behoorlike behuising vir swartes daar te stel nie. Hy het ook daarteen betoog dat swartes nie uit blanke gebiede verwyder word nie. Hy het gesê dat verskeie voorstelle aan die raad gedoen is, maar dat geen voorstel oorweeg is

29. Olivier, op.cit., p.7.

30. Die Burger, 40-07-24, p.3.

nie. Die toestand het nou al so ver gevorder dat Nie-Blankes en blankes alreeds onder dieselfde dak woon.³¹

Mev. V.M.L. Ballinger (Naturelleverteenwoordiger Oos-Kaap) het tydens die 1941-sitting van die Volksraad gesê dat in die groot stede swartbehuising 'n groot skandaal was, veral in Oos-Londen. Mnr. J.H. Brits, (H.N.P. Brits), het hom by mev. Ballinger geskaar en gesê dat beter behuising vir swartes, die blanke sou baat. Hy het bygevoeg dat sekere stadsrade meer doen vir Nie-Blanke behuising as vir blanke behuising en 'n beroep op die regering gedoen om swart kolle uit blanke gebiede te verwyder.³²

Teen 1941 het die Randse munisipaliteite blykbaar hulle finansieële tekort oorbrug of het die behuisingsprobleem 'n te groot afmeting aangeneem. Die saak het so netelig geword dat verteenwoordigers van al die Randse munisipaliteite bymekaar gekom het om die saak te probeer oplos. 'n Randse burgemeester het gesê: "Hier by ons het die vraagstuk tans sulke afmetings aangeneem dat ons eenvoudig verplig is om op te tree."³³ Hy het erken dat daar 'n behuisingsnood in swart woongebiede was en dat swartes nie verplig kan word om in swart dorpe te gaan woon as daar geen blyplek was nie.³⁴

Op 21 Januarie 1942 het genl. Smuts die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge toegesprek en gesê: "We are beginning to make a move so far as houses for Natives are concerned. I think that the Native huts are very much better than some of the houses of Europeans. I think there is much to be said for the

31. Die Transvaler, 41-01-02, p.6.

32. Ibid., 41-04-03, p.5.

33. Ibid., 41-06-07, p.1.

34. Ibid.

Native huts. I do like them very much more than the bricks and stones that we call houses. However, when you bring the Natives into the urban areas and when you plank them down in your centres of civilization, that is the time when all the insanity conditions arise. We are only now beginning to attend to these matters"³⁵

In 'n toespraak te Durban het maj. P. van der Bÿl in 1943 ook gesê dat die regering hom tandoel stel om beter behuising aan swartes te verskaf. Hy het gesê dat hy graag sou wou sien dat alle swartes in goeie, ruim huise sal bly, maar dat in dié tyd waarin Suid-Afrika homself bevind die swartes geduld sal moet gebruik. Die Kommunistiese Party se mondstuk, Inkululeko, het maj. van der Bÿl se woorde as betekenisloos bestempel, en verklaar: "It is high time that Major Piet van der Bÿl was replaced by someone who really did have some understanding of the needs of the African People; someone who would not merely make nice speeches but would try to give the Africans and low-paid workers of this country a good living and a square deal."³⁶

Dat die regering die behoefte aan behuising vir swartes deeglik besef het, is waar, maar dit is ook 'n feit dat feitlik niks gedurende die oorlog daaraan gedoen is nie. In 1945, teen die einde van die oorlog, het die owerheid nog niks konstruktiefs gedoen om die toestand te verbeter nie. Ondoeltreffende beheer oor swartes wat stede binnestroom het nog steeds die behuisingsnood verskerp. Tydens die 1945-sitting van die Volksraad het

35. J. van der Poel, Selections form the Smuts Papers, Volume VI, p.340. Vgl. A. Paton, Hofmeyr, Oxford, 1971, p.277.

36. Inkululeko, 43-11-20, p.6.

Mnr. G.K. Hemming, (Naturelleverteenwoordiger Transkei), weer eens melding gemaak van die swak behuising vir swartes in stedelike gebiede. Mnr. J.S. Marwich, (Dominionparty, Pinetown), het gesê dat die regering niks t.o.v. behuising gedurende die laaste jare gedoen het nie. Die regering het die saak op die skouers van plaaslike besture geplaas, wat op hulle beurt niks daadwerkliks kon verrig nie.³⁷ Mnr. F.C. Erasmus het verklaar dat die probleem van behuising direk voortvloei uit die regering se onvermoë om doeltreffende beheer oor swart verstedeliking uit te oefen.³⁸

Net na die oorlog het die behuisingsprobleem sy hoogtepunte bereik. Huisvesting was onverkrygbaar en al wat swart woonbuurt was het uit hul nate gebars. In die stadsgebiede, waar 'n poging aangewend was om huise vir swartes te bou, het hulle die huise reeds betrek voordat dit klaar was. Huise kon nie voltooi word nie aangesien swartes met knopkieries en messe die intrekkers beskerm het teen polisie-optrede.³⁹ 'n Opname wat na die oorlog gemaak is het getoon dat daar 92,000 gesinne en 53,000 alleenlopers in Transvaal sonder behoorlike huisvesting was, in die Kaap Provinsie 32,000 gesinne en 25,000 alleenlopers; in Natal 18,000 gesinne en 20,000 alleenlopers en in die Vrystaat 10,000 gesinne en 7,000 alleenlopers.⁴⁰ Die saak sou ernstige aandag na die oorlog moes geniet.

1.2.2 Maatskaplike vraagstukke van die verstedelike swarte

Die verstedeliking van die swartes het 'n bykans onoplosbare

37. Die Burger, 45-03-14, p.3.

38. Ibid.

39. Ibid., 46-01-31, p.1.

40. Olivier, op.cit., p.7.

maatskaplike vraagstuk vir dié rassegroep geskep. Die swartes, met hul tradisionele maatskaplike struktuur, met sy wedersydse hulpbetoon, sy sterk gesins- en familiebande, sy vaste lewenswaardes, is geplaas in die stadsatmosfeer met sy naywer, sy stryd om te bestaan, sy selfsug, sy versoeking en sy gebrek aan sedelike norme.⁴¹ Die verhuising na die stad beteken vir die swartes dus nie net 'n blote verandering van woonplek nie, dit behels 'n totaal nuwe maatskaplike orde waarin hy hom moet aanpas, die vir hom bekende sosiale struktuur kan nie meer in die stadsgebiede gehandhaaf word nie. Die tweede wêreldoorlog het in 'n groter mate as die voorafgaande jare, die swartman ingeskakel in die bevolkingspatroon van Suid-Afrika. Die swartes het in kontak gekom met die blanke se sosiale struktuur en sou in sy nasleep nie net die blanke in sy wese geraak het nie, maar ook die swartes.⁴²

Die swartes beskik oor 'n natuurlike vaardigheid en vernuf om na te boots binne sy stamsituasie, maar wanneer hy buite die stam-milieu verplaas word na 'n stadsgebied van die blanke vind hy die eise om hom by die nuwe, onbekende en onverstaanbare lewensvorme behoorlik en volledig aan te pas, oënskynlik te hoog.⁴³

Die verskuiwing van lede van verskillende stamme na die stad bring ontstamming mee, maar daarteenoor bring dit 'n hegte eenheidswording van die swart groep mee; die swartes word in die woonbuurtes tot een swartgemeenskap saamgesmee. Hulle raak heeltemal los van die idee van stamverwantskappe; hulle trou onder mekaar en so is nuwelinge gebore wat nie meer so iets soos 'n

41. Ibid., p.10.

42. H.J.J.M. van der Merwe, Segregeer of Sterf, Johannesburg, 1961, p.10.

43. F.J. Language, Die verskaffing van Maatskaplike Dienste aan Stedelike Naturelle, S.A.B.R.A., 1950, p.82.

stam ken nie.⁴⁴ "'n Toenemende gees van huwelikloosheid ontstaan en verantwoordelikeheidsin word vernietig. Sy spoorslag vir inspanning verdwyn, sy eergevoel kwyn, die tradisies van die stam is nie meer daar nie en dit lei tot misdad, drank, dagga en ander euwels."⁴⁵

Die oorlog het 'n swart stedelike bevolking aangetref wat maklik beïnvloed kon word deur vreemde invloede. Veral die Kommuniste het hierdie gebrek in die stedelike swarte aangewend vir eie gewin. Die swartes wat aanvanklik sy arbeid aan die blanke in die stede kom verkoop het omdat die oorbewoonde reserwate nie meer aan sy lewensbehoefte kon voorsien het nie, het in konflik gekom met die blanke. Aangespoor deur liberaliste en kommuniste het hulle eise aan die blanke gestel. Die blanke was nie meer vir hom 'n toevlugsoord om hom te help bestaan nie, maar 'n vyand wat hom onderdruk het en hom nie 'n gelyke kans in die lewe wou gee nie.

'n Paar maande voor die aanvang van die oorlog het liberalistiesgesinde koerante die Nasionale Party beskuldig dat die optrede en onrus in stede veroorsaak is deur die party se rassebeleid, politieke- en ekonomiesebeleid teenoor die swartes. "The Malanite agitation ... has created an atmosphere of suspicion and discontent which has not been allayed by the reasoned and fair-minded policy announced by the Prime Minister."⁴⁶ Die kommuniste en ander oproermakers het nie op hulle laat wag om dr. Malan teen genl. Smuts se gematigdheid af te speel nie. Malan se beleid is gebruik as oorsaak vir die oproere en stakings.

44. Van der Merwe, op.cit., p.20.

45. C.W. Prinsloo, Die Naturel in die Suid-Afrikaanse Nywerheidslewe, S.A.B.R.A., 1951, pp. 90 - 91.

46. The Friend, 39-01-09, knipsel.

Dié swartes se grootste ideaal was om stemreg te verkry. Sou hy vir 'n jaar meer as vier sjielings (+ veertig sent) per dag verdien kon hy stemreg verkry. Geen wonder dat die swartes deur middel van stakings en oproere hoër lone geëis het nie. Dit het nie slegs by die eis van hoër lone gebly nie, die swartes in blanke stede wou dieselfde salarisse as die witman vir dieselfde werk gehad het.⁴⁷

Aan hierdie looneise is gedeeltelik toegegee, nie op gelyke vlak met die blanke nie, maar hoër lone wat 'n verdere toestroming van swartes na stede veroorsaak het. In 1941 is 'n minimum loon vir alle rasse, insluitende die swartes, deur Mnr. W.B. Madeley, Minister van Arbeid, aangekondig.⁴⁸

Groot getalle swartes het in die stedelike gebiede net so vreedzaam en ordeliewend gelewe as in hul eertydse stamgebiede, maar dit wil voorkom asof in die stede 'n tipe swarte tot stand gekom het wat in die geskiedenis nie bekend was nie, 'n tipe wat nóg in die stamgebied nóg in die stadsgebied 'n normale lewe kon voer.⁴⁹ Genl. J.C.G. Kemp het tydens die Herenigde Nasionale Partyvergadering te Wonderboom in Januarie 1942 opnuut die swart gevaar toegeskryf aan die oorlog. Hy het gesê dat die swartes hul sin gekry het t.o.v. lone, maar dat hulle steeds meer brutaal word en dat hulle hul meer regte aanmatig.⁵⁰

Hierdie sosiaal onaanpasbare swartes is verder opgesweep deur die Verteenwoordigende Naturelleraad. Die Transvaler berig dat die toesprake tydens die raadsittings baie laat dink het aan die

-
47. The Daily Mail, 40-05-27, p.3. Vgl. Die Burger, 39-05-18, p.3.
 48. Die Burger, 41-03-14, p.1.
 49. Language, S.A.B.R.A., 1950, op.cit., p.83.
 50. Die Transvaler, 42-11-02, p.5.

redevoering van opruiers in die swart woonbuurtes. "Daar word min van versoeke gehoor, maar wel baie van eise wat teenoor die witman gestel word."⁵¹

Van regeringskant is nie veel gedoen om ewels wat veroorsaak is deur swart verstedeliking, te bekamp nie. Kol. D. Reitz, (Minister van Naturellesake), het eerder verdere beloftes gemaak. Die reaksie was dat die swartes in die raad nie net die pinkie wou neem nie, maar die hele hand. Die minister het met gevleuelde taal die raadslede bestempel as elk 'n minister van die swartes.⁵

Met die verstedeliking van die swartes het daar 'n nuwe "ras" tot stand gekom, veral in die Kaap Provinsie. Maj. van der Byl het tydens die 1944-sitting van die Volksraad gesê dat 'n verdere probleem van verstedeliking die vermenging van swartes met die laer klas kleurling was en dat 'n nuwe gekleurde ras, wat donkerder was, tot stand gekom het.⁵³

Die afwesigheid van geskikte maatskaplike dienste tydens die oorlogsjare is uitgebuit deur die kommuniste. Die kommuniste het veral klem gelê op stakings, vir beter lone en werksomstandighede en maatskaplike dienste. In 1942 is swart-stakings deur die regering verbied. Die kommuniste het verklaar dat dit nie die probleem sou oplos nie, maar dat die regering aan die eise van die swartes moes toegee.⁵⁴ Die kommuniste het ook voorspraak vir gelyke regte, afskaffing van paswette, die reg van swartes om vuurwapens te dra en die afskaffing van die kleurslagboom, gedoen. Die kommuniste het ook hulle beywer om die verskil-

51. Ibid., 42-12-11, p.1.

52. Ibid., 42-12-08, p.1.

53. The Daily Mail, 44-03-28, p.4.

54. Inkululeko, Januarie 1943, p.4.

lende swart stamme te verenig in 'n Nie-Blanke front teen die blankes.⁵⁵

Ons sien dus dat die verstedeliking van die swartes die seku= riteit en stabiliteit, wat die stamlewe hom gebied het, hom ont= neem het. Die bindende norme en waardes waarvolgens hy sy lewe ingerig het verdwyn in die woelinge en stryd van die lewe in die stad. In die plek van dié vastigheid en stabiliteit het begin= sellousheid, onsekerheid, onsedelikheid of amoraliteit, gekom.⁵⁶ Hy het gegryp na vreemde ideologieë om homself te laat geld in 'n milieu waaraan hy nie gewoond was nie.

1.2.3 Misdaad en die verstedelikte swartes

Die vloedgolf van swartes na stede het 'n chaotiese toestand geskep wat die witman se wetstelsel en organisasie belemmer het.⁵⁷

A. Lemon verklaar dat swart misdaad veroorsaak word deur: "Over= crowded housing conditions and inadequate social and recreational amenities help to explain the high incidence of crime ... The loss of community life following resettlement is another factor, which is in turn accentuated by the impersonal, characterless urban environment of most townships."⁵⁸

Met die toeneem van die stedelike swart bevolking aan die begin van die oorlog is dit vanselfsprekend dat misdaad in die stede prorata toegeneem het. Die Daily Mail verklaar dan ook aan die begin van 1940 dat uitgebreide gebruik van wapens deur die stede= like swart misdadigers 'n kopseer vir Johannesburgse polisie ge= word het. Die getal gewapende rooftogte het daagliks vermeerder,

55. Ibid, Maart 1941, p.1.

56. Olivier, op.cit., p.11.

57. H.O.K. Webber, Some notes on union interracial Problems.

58. A. Lemon, Apartheid - A geography of Separation, Oxford, 1976, p.82.

in byna alle gevalle is die misdadigers swartes. Die wapens wat die swartes gebruik het was gesteelde artikels en die polisie beskou dit as nalatigheid van blanke wapenbesitters.⁵⁹

Tydens die 1940-sitting van die Volksraad het Mnr. R.H. Henderson, (V.P.-Hospitaal), gesê dat die Naturelle (Stadsgebiede) wet, nie die beskerming teen misdaad aan die stede bied soos aanvanklik gemeen was nie. Hy het verwys na Johannesburg en gesê dat groepe gevaarlike werklose swartes 'n terreur vir die samelewing geword het. Kol. D. Reitz het daarop geantwoord dat die situasie deeglik besef word en dat die saak die aandag van die Departement van Justisie geniet het.⁶⁰

Namate swartes die stede binnegestroom het en doeltreffende beheer ontbreek het, het misdaad gedurende die laaste vier jaar van die oorlog geweldig toegeneem. In 1942 het mnr. J.S. Marwich, (Dominionparty), die golf van misdaad toegeskryf aan die gebrek aan kontrole van die stedelike swartes. Hy het gesê dat die misdade gepleeg word deur swartes wat van ongekontroleerde gebiede kom en nie van goed gekontroleerde gebiede nie.⁶¹

'n Deputasie van die Johannesburgse Stadsraad het in 1942 dr. Colin Steyn, (Minister van Justisie), gesprek om die toenemende misdaad in die stede te bespreek. Die minister het sy steun belowe. Die deputasie het ook die volgende voorstelle aan die minister voorgelê. Dat alle onnodige swartes verwyder moes word uit Johannesburg en distrik; gereelde inspeksies in swart gebiede en kwartiere om swartes wat onwettig daar bly te arresteer; passe moet uitgereik word aan swartes wat vorige oortredings be-

59. The Daily Mail, 40-03-09, p.8.

60. Ibid., 40-04-23, p.9.

61. Ibid., 42-04-18, p.7.

gaan het; 'n uur waarop swartes buite blanke gebiede snags moes wees; nagtelike polisiepatrollie moes verleng word; blanke en Nie-Blanke polisiemag moes versterk word en die tydsduur van gevangeneskap moes in verhouding met die tipe misdaad gebring word.⁶² Twee dae nadat die deputasie dr. Steyn ontmoet het, is in Pretoria aangekondig dat die regering drastiese stappe geneem het om die misdaadgolf in stede te bekamp. Spesiale polisie-eenhede is georganiseer en die blanke en Nie-Blanke polisie-mag is versterk.⁶³ T.o.v. die passe het dr. Steyn gesê dat dit die swart misdadiger in 'n mate beskerm, maar dat die verslapping van paswette nie die oorsaak van die misdaadgolf is nie. In sekere stede het die verslapping van passe goeie vrugte afgewerp en hy was van mening dat dit later moontlik selfs afgeskaf kon word. In die Senaat het dr. Steyn die polisie van alle stede in Suid-Afrika gevra om nie passe van swartes te vra alvorens die swarte verdink word van misdaad nie. Hy het ook gesê dat die misdaadprobleem 'n ekonomiese een blyk te wees en as die ekonomiese toestand van die swartes nie verbeter word nie, diefstaf en misdaad sou toeneem.⁶⁴

Teen die begin van 1943 het dr. Steyn in Kaapstad gesê dat misdaad in stede afgeneem het nadat die polisie beter voorsorgmaatreëls ingestel het. Die spesiale polisie-eenhede het hul bestaan regverdig en daar heers 'n beter verhouding tussen blank en Nie-Blank in die stede sedert die polisie misdaad beter beheer, aldus Steyn.⁶⁵

62. Ibid., 42-06-16, p.5.

63. Ibid., 42-06-18, p.5.

64. Ibid., 42-06-20, p.5. Vgl. Voetnoot 76 i.v.m. verslapping van paswette.

65. Ibid., 43-01-27, p.5.

Die kommunistiese mondstuk, Inkululeko, berig in April 1943 dat honderde swartes deur die polisie gearresteer word, selfs vir "nietighede" soos passe. Die koerant beskou die toedrag van sake as 'n verbreking van die regering se belofte dat swartes nie gearresteer sal word vir passe nie. Volgens die kommuniste is maj. P. van der Bÿl die sondebok vandat hy die ministerie van kol. D. Reitz oorgeneem het. Die koerant verklaar ook dat misdaad nie deur polisie-optrede geheel uitgeroei sal word nie, maar dat "poverty and starvation is the cause of crime, and no amount of police raid will stop it."⁶⁶

In 1944 het statistieke getoon dat in weerwil van die polisie-optrede die afgelope paar jaar misdaad vanaf die begin van die oorlog tot 1944 steeds jaarliks toegeneem het. Die toename van ernstige misdade word toegeskryf aan steeds instromende swartes na stede in die hele Suid-Afrika.⁶⁷

In 1945 was die misdaadgolf nog geensins iets van die verlede nie. Die Transvaler gee drie redes vir hierdie steeds groeiende golf: die verstedeliking van die swartes; die kommunistiese invloed onder swartes en die regering se onvermoë om sake te beheer. Die koerant berig ook dat daar slegs een oplossing was, nl. dat die bestaande regering deur stemming uit die kussings gelig moes word en dat die Herenigde Nasionale Party aan bewind moes kom. Die H.N.P. het dan ook geen gras onder hulle voete laat groei nie. Die oorlog was skaars verby of die party lê die skuld van misdaad aan die deur van die regering.⁶⁸

66. Inkululeko, 43-04-24, p.5.

67. Die Burger, 44-07-14, p.3.

68. Die Transvaler, 45-12-07, p.1.

Tydens 'n H.N.P.-protesvergadering in Pretoria, onder voorsitterskap van adv. J.G. Strijdom, is praktiese optrede deur die regering geëis, o.a. opdrag aan die polisie om te skiet waar die lewe en eiendom van blankes in gevaar verkeer; doodstraf vir swartes wat in besit van vuurwapens is; 'n streng aanklokreël in die stede; die verwydering van alle leeglopers en werklose swartes uit die stede en streng beheer oor lokasies; die invoer van lyfstraf vir huisbraak en diefstal; die gebruik van soldate vir polisiewerk en die onmiddellike beskikbaarstelling van vuurwapens aan blankes.

Binne ses dae het die Herenigde Nasionale Party dan ook sy eerste oorwinning behaal. Die nuwe Minister van Justisie, mnr. Harry Lawrence, moes swig. Hy het aangekondig dat spesiale howe ingestel sal word om alle gevalle van aanranding en gewelddade te behandel. Sulke gevalle sou deur 'n regter sonder 'n jurie verhoor word. Die vonnis vir enige gewelddaad sou minstens vyf jaar gevangenisstraf wees. In gevalle van skreiende aanranding kan die doodstraf opgelê word.⁶⁹ Wat die res van die eise betref het genl. Smuts baie negatief opgetree en wou nie druk uitoefen op stadsrade wat hulle pligte versuim nie.

Tydens die eerste Volksraadsitting na die oorlog het die Herenigde Nasionale Party sy betoog vir die behoorlike beheer van misdaad, en die bekamping daarvan, voortgesit. Die regering is daarvan beskuldig dat hy nie gedurende die oorlogsjare en die jare wat dit voorafgegaan het, die raad van die Herenigde Nasionale Party aangeneem het om indringing van swartes na stede stop te sit nie.

69. Die Kruithoring, 45-12-26, p.1.

"Ons het gepleit. Ons het die regering gevra om die kraan toe te draai by die reserwes en beheer oor die beweging van naturelle in te stel. Ons het die regering elke moontlike plan gegee, maar hulle wou nie daarna luister nie. Toe het die oorlog uitgebreek. Die kaffers is in uniform gestop. Sy afhanklikes het toelaes gekry en dit alles het hom meer laat galop na die stede. 'n Ouderdomspensioen is ingestel waardeur die naturelle groter pensioene kry in die stede as in die platteland. Dit was die groot aantrekkingskrag, so groot dat die Eerste Minister self gesê het dat Suid-Afrika het 'n magneet geword vir naturelle selfs buite ons grense", het mnr. F.E. Mentz gesê.⁷⁰

Dr. D.F. Malan het ook gewys op die regering se onvermoë om die misdaadgolf die hoof te bied. Hy het gesê dat die oorlog in geringe mate vir die misdade verantwoordelik gehou kan word. Hy beskou die toename in Nie-Blanke-misdad as 'n gevolg van die duisende swartes wat verplaas word uit hul omgewing en na groot stede stroom. Die toename van swart instromelinge het groot getalle tydens die oorlog verteenwoordig. Die mense was nie vooraf verseker van werk en blyplek nie en het in die stede kom hongersly. Onder bosse moes hulle verblyfplek soek en dan wag op 'n geleentheid om diefstal, roof en moord te pleeg. "Dit is die oorsaak. Ander lande het nie met so 'n toestroming te doen nie. Dit is ons probleem hier", het hy verklaar.⁷¹

Die kommuniste het net na die oorlog ook gesê dat die oorsaak van misdaad gesoek kan word in die hongersnood en werkloosheid van swartes in stedelike gebiede. "There can be no amount of

70. Hansard. Deel 55, 1946, kolom 443.

71. Ibid., kolom 706.

threats or even practical lynching that will eliminate crime and solve the problem of starving African youths who are roaming streets without food, kept out of schools, and the parents get such low wages that they are unable to make both ends meet. As things are to the African youth who is outside the school, crime is the only alternative in his busy mind."⁷²

x x x x x x

Verstedeliking van die swartman kan dus as primêre oorsaak aanvaar word vir die toenemende getal misdade wat tydens die oorlog gepleeg is.

1.2.4 Die probleem rondom die passtelsel

Paswette is in die vroeë jare van die Negentiende eeu ingestel. In daardie jare was die meerderheid swartes ongeletterd en die doel van passe was om hulleself te identifiseer as hulle in blanke gebiede intrek. Teen die laaste jare van die Negentiende eeu, toe swartes meer gevestigd geraak het, is passe gebruik om dienskontrakte te sluit en om drosters te vang. Aanvanklik is passe gebruik as 'n tipe identifikasiedokument vir primitiewe mense. Later is die dokument gebruik om kontrole oor alle swartes, primitief of gekultiveerd, te hou. Reeds in die vroeë jare van die Negentiende eeu het die swartes passe beskou as 'n dokument wat hulle vryheid aan bande lê. Net na Uniewording in 1910 reeds het die swartes in uitbarsting gekom teen die dra van passe. In

72. Inkululeko, 46-01-14, p.8.

1918 het dr. D.F. Malan gesê dat die dra van passe nie afgeskaf sal word alvorens die swartes beter geskool, en beskaafd raak nie.⁷³

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het 'n hewige twis t.o.v. die passtelsel in Suid-Afrika ontbrand. Aan die een kant was daar die Herenigde Nasionale Party wat die passtelsel as 'n goeie beheermaatreël teen verstedeliking beskou het. Aan die ander kant was daar die kommuniste en die swartes se verteenwoordigers wat passe afgeskaf wou hê. In die middel was daar die regering wat die passtelsel nie op plaaslike besture afgedwing het nie. Tydens die oorlogsjare was daar dus nie 'n nasionale afdwingbare beleid t.o.v. passe nie en het elke provinsie en stad na goëddunke opgetree.

Reeds vroeg in die oorlog het 'n naturellesakekommissie, onder voorsitterskap van kol. D. Reitz, 'n verslag uitgebring waarin voorstelle gemaak is m.b.t. passe van swartes: a) Die herroeping van alle wette wat op passé betrekking het en die vervanging daarvan deur 'n wet van die Parlement wat in al die Provinsies van die Unie van krag sal wees. b) Die instelling van 'n registrasieburo of buro's waar registers van alle uitgereikte paspoorte of identifikasiesertifikate gehou sal word. c) Die uitreiking van 'n dokument aan alle manlike swartes bo agtien. d) Die dokument sal bekend wees as 'n Identifikasiesertifikaat. e) Dat 'n onderskeidende kleur vir elke Provinsie aangeneem word. f) Dat dit vir elke manlike swarte verpligtend sou wees om hierdie dokument te alle tye by hom te dra. g) Dat die dokument in

73. The Pass Laws, Ineg, P2.119, p.1.

beide offisiële tale gedruk word. Die kommissie het ook aanbeveel dat "Identifikasiepas" in die plek van sertifikaat gebruik kan word.⁷⁴

Alhoewel die woord "pas" nie so pertinent op die voorgrond tree nie, het die swartes die dra van dié dokument steeds as die "ou pas" beskou - die pas wat volgens hom sy vryheid aan bande lê.

Met die ondertekening van die Atlantiese Handves in September 1941 deur Churchill en Roosevelt het die swartes van Suid-Afrika daarop aangedring dat die Suid-Afrikaanse regering die beloftes van die handves moes nakom. "In the first place, and at once, we demand that Pass Laws must go ... The passes are in fact an open sign of the oppression and the suffering of your people."⁷⁵

Alhoewel kol. D. Reitz in sy genoemde verslag aanbeveel het dat manlike swartes identifikasiedokumente moes dra, het hy tydens die 1942-sitting van die Senaat gesê dat hy van besluit is om die kabinet te oortuig om alle paswette op te hef. Intussen het hy die Minister van Justisie gevra om instruksies aan die polisie te gee dat geen swarte se pas gevra moet word voordat bewys kon word dat hy een of ander oortreding begaan het nie. Hy glo dat as paswette opgehef word die rasseverhoudinge sal verbeter. In Kaapland en Natal is daar geen paswette nie, meer as die helfte van die swartes is woonagtig in dié twee provinsies. Hy sien geen nodigheid dat daar paswette in die Transvaal en Vrystaat behoort te wees nie.⁷⁶

74. U.G. No. 42 - 1941, Gedrukte Aanhangsels tot die Notule van die Volksraad, Volume 2, 1942, p.65.

75. Inkululeko, Januarie 1942, p.4.

76. The Daily Mail, 42-03-27, p.7.

Reitz kon die kabinet nie volkome oorreed om paswette op te hef nie. In 'n verklaring het hy gesê dat sekere paswette in stedelike gebiede verlig word. Swartes hoef nou nie meer hulle passe te toon vir enige diskriminerende rede nie - slegs as iemand verdink word van 'n oortreding. Hy het ook gesê dat vele swartes in tronke gestop word slegs omdat hulle nie hul pas kon toon nie. Wetgehoorsame swartes sal nou nie voel dat hulle as potensiële misdadigers beskou word nie. Passe het volgens Reitz rassehaat tussen blank en swart aangewakker. Hy het tog bygevoeg dat die polisie steeds die reg behou om passe van swartes te vra as so 'n swarte van misdaad verdink word.⁷⁷

'n Paar dae na die aankondiging van kol. Reitz het Inkululeko berig: "Although the pass laws have not been ended, this is a big step forward ... This is the time to give the people guns. It is not a time for passes."⁷⁸

Intussen was die kommuniste besig met 'n anti-pas veldtog. 'n Afvaardiging onder leiding van dr. A.B. Xuma het die adjunk-Eerste Minister, J.H. Hofmeyr, gesprek t.o.v. die afskaffing van die paswette. Hofmeyr het die afvaardiging simpatiek ontvang en gesê dat as dit van hom afgehang het, hy die paswette nietig sou verklaar.⁷⁹

Deurgaans is protesvergaderings teen paswette in al die groot stede gehou. Tydens 'n vergadering op 6 November 1943 het 'n swart kommunis, E.T. Mofutsanyana gesê: "Today we are being for="

77. The Friend, 42-05-13, knipsel.

78. Inkululeko, Junie 1942, p.8.

79. Ibid., Mei 1942, p.3.

ced to carry as a badge of our slavery, as many as twenty little pieces of paper. But our slavery cannot go on for ever. It is time for the African people to organise for their freedom; to organise against the passes which hang like chains on our necks. It is time for us to organise, and to return those little pieces of paper to the Government, and to tell them once and for all. We are not fools or children. We will not carry your passes any more."⁸⁰

Die Naturelleverteenwoordigers in die Volksraad het tydens sittings hulle sterk uitgespreek teen die paswette. Mnr. D.B. Molteno, (Wes-Kaap), het met die 1944-sitting weer eens voorgestel dat die paswette afgeskaf moet word. Mnr. Molteno se voorstel was as volg: "Dat die Raad van mening is dat die paswette (met inbegrip van alle proklamasies en regulasies opgestel kragtens die 'Naturellen (Stadsgebieden) Wet', No. 21 van 1923, soos gewysig, met betrekking tot dienskontrakte, permitte om werk te soek, woon-, besoek- en loseerpermitte, beperkings op toegang tot stadgebiede en die aandklok) -

- a) in stryd is met demokratiese beginsels en waardes, ter handhawing waarvan die Unie dwarsdeur die wêreld aan die huidige oorlog deelneem,
- b) teenstrydig is met die gesonde ekonomiese ontwikkeling van die Unie,
- c) strek tot rassewrywing en onmin, en
- d) skadelik is vir doeltreffende en billike regspleging en vir die toepassing van strafstelsel,

80. Ibid., 43-11-06, p.1.

en dat die regering derhalwe versoek word om die raadsaamheid te oorweeg om alle proklamasies en regulasies wat die paswette uitmaak te herroep en wetgewing in te dien waardeur die betreffende magtigende wette sodanig gewysig word dat alle bepalings waarkragtens die paswette opgestel is herroep word."⁸¹

In antwoord hierop het maj. P. van der Bÿl gesê dat die verslapping van die paswette die afgelope paar jaar 'n mislukking was. Hy het verklaar dat klein misdade wel afgeneem het, maar dat groot misdade baie toegeneem het. As gevolg van die ondervinding wat die afgelope paar jaar opgedoen is, is daar 'n sterk gevoel dat die paswette weer ten volle toegepas moet word.⁸²

Nadat Molteno die nadele van die passtelsel in sy voorstel uiteengesit het, het hy gesê dat Suid-Afrika weg moes beweeg van die gewone posisie waar enige ekonomiese en industriële probleem benader word vanuit die standpunt van ras en kleur. Verder het hy verklaar dat die swartes die slagoffers van 'n hoop wetgewing was en nie by magte was om boetes te betaal nie. Hierop het maj. van der Bÿl geantwoord dat die paswette juis daar is om die swartes, en veral die stedelike swartes, te beskerm wanneer hy in kontak kom met die masjinerie van beskawing. Hy het gesê dat die Naturelleverteenwoordigers hulle saak oorskat omdat hulle die hoë en geleerde swarte in oënskou neem - hulle is egter in die minderheid.⁸³

Adv. F.C. Erasmus het gesê dat die Naturelleverteenwoordigers hulle laat mislei deur die kommuniste - die kommuniste ken geen

81. Hansard. Deel 48, 1944, kolom 3114.

82. Die Transvaler, 44-03-15, p.3.

83. The Daily Mail, 44-03-15, p.3. Vgl. Inkululeko, 44-03-25, p.4.

demokrasie nie. "As daar diegene is wat dit die naturelle wyspraat dat dit vir hulle 'n vernedering is om 'n identifikasiëkaart te dra, laat ons as blankes aan hulle sê dat ook ons bereid is om identifikasiëkaarte te dra. 'n Stelsel van volksregister moes lankal in Suid-Afrika ingevoer gewees het."⁸⁴

'n Amendement van die kant van die Herenigde Nasionale Party was dat die huidige passtelsel vervang moes word deur 'n eenvoudiger een. Mnr. M.C. de Wet Nel het die volgende mosie voorgestel as amendement op Molteno se voorstel. Om al die woorde na "Dat" te skrap en te vervang deur: "die Raad met besorgdheid kennis neem van die toenemende verskynsels van ontstamming, instroming na die grotere stede en grootskaalse leegloperij onder die naturellebevolking van die Unie, waardeur misdad, morele ontaarding en onoordeelkundige verspreiding van arbeidskragte in die hand gewerk word, en van oordeel is dat die nodige stappe onmiddellik gedoen moet word om die proses op doelmatige en gesonde wyse onder beheer te bring deur -

a) die vervanging van die teenwoordige sogenaamde passtelsel deur 'n doeltreffender en vereenvoudigde identifikasiestelsel as 'n stelsel van doeltreffende beheer oor die bewegings van naturelle; b) die behoorlike toepassing en uitvoering van hierdie en ander doeltreffende stelsels van beheer; c) die daarstelling van 'n stelsel van arbeidslisensiëring en -rantsoenering waardeur die verskillende bedrywe soos mynwese, industrieë, landbou, ens. van die nodige en regmatige arbeidskragte verseker sal word; en d) die behoorlike beskerming van lewens en eiendom teen die grootskaalse huisbraak en diefstal, veral

84. Die Transvaler, 44-03-15, p.13.

in die stede."⁸⁵

Reitz het Molteno se voorstel, en Nel se amendement op die voorstel, verwerp. Sy eie plan het hy nie bekend gemaak nie. Mnr. Nel se antwoord hierop was dat die regering planloos voorkom, hulle maak toegewings aan swartes en 'n algemene toestand van, laat-maar-loop.⁸⁶

Later tydens die sitting het adv. Erasmus voorgestel dat wysigings deur die regering nie behoort aanvaar te word alvorens voorsiening gemaak word vir die behoorlike registrasie van swartes in die stede en die beheer van toestroming nie. Hy het beklemtoon dat die wette wat op die swarte in stede van toepassing is uitgedien was. Die wette was herhaalde kere gelap. Die tyd vir konsolidasie en aanpassing het aangebreek.⁸⁷

Die kommuniste het kol. Reitz se verandering in siening van die passtelsel as betreurenswaardig bestempel. Skaars twee jaar gelede het hy, Reitz, die paswette as 'n struikelblok in die weg van rassevrede, verdoem. Nou het sy siening daarvan verander en verdedig hy die paswette. Tydens 'n anti-pas vergadering in Kaapstad het 'n swart kommunis, M. Kotane, gesê dat afgesien van die sg. kontrole van die paswette, die regering 'n hoop geld maak uit die paswette. Die vergadering het hul heelhartige steun aan die Naturelleverteenwoordigers in die Volksraad gegee.⁸⁸

Met die Volksraad in reses het die kommuniste steeds hul anti-pas veldtog vir die res van 1944 volgehou. Hulle het besluit om

85. Hansard. Deel 48, 1944, kolom 3137.

86. Die Transvaler, 44-03-15, p.3.

87. Die Burger, 44-03-25, p.3.

88. Inkululeko, 44-04-15, p.5.

'n petisie aan die Volksraad voor te lê. 'n Afvaardiging van leiers van al die provinsies sou die petisie opstel.⁸⁹ In Mei 1945 het die afvaardiging in Kaapstad aangekom om die petisie aan die waarnemende Eerste Minister, Hofmeyr, voor te lê. Hofmeyr het geweier om die afvaardiging te woord te staan, maar die afgevaardigdes versoek om met maj. van der Bÿl in verbinding te tree. Maj. van der Bÿl het aan hulle die belofte gegee dat die passtelsel goed ondersoek sou word om 'n eenvoudiger en aanvaarbare stelsel daar te stel.⁹⁰

Tydens die 1945-sitting van die Volksraad het mnr. F.E. Mentz, (H.N.P. Westdene), die heersende ellende in die stede grotendeels toegeskryf aan die kommunistiese agitators. Hy betreur dit dat die Minister van Justisie dit toelaat dat duisende swartes op vergaderings opgesweep word teen die blanke en sy wette.⁹¹ Mnr. E.R. Strauss, (H.N.P. Harrismith), het insake paswette gesê dat daar wel leemtes is wat aangevul moes word, maar dat die huidige paswette selfs kon verhoed het dat swartes stede binnestroom as dit in die hele Unie deeglik toegepas sou gewees het. As die minister vir 'n behoorlike registrasie gesorg het en dit nie in die plaaslike owerhede se hande gelaat het nie sou sake anders verloop het. Hy het die Herenigde Nasionale Party se beleid weer eens aangebied.⁹²

'n Paar dae later het maj. van der Bÿl in die Volksraad erken dat dit doenlik was om in daardie onbestendige tye die bestaande wetgewing te wysig of die saak deur 'n kommissie te laat onder=

89. Ibid., 44-11-25, p.1.

90. Ibid., 45-07-14, p.1.

91. Die Transvaler, 45-03-13, p.1.

92. Ibid., 45-03-24, p.5.

soek: 'n Kommissie onder voorsitterskap van Mnr. R. Stratford is saamgestel om vas te stel of die bestaande wette t.o.v. swartes vervang moes word.⁹³

Mnr. J.G.W. van Niekerk, (H.N.P. Wakkerstroom), het gesê dat die verontagsaming van die paswette die oorsaak was van die toestroming van swartes na stede. Indien paswette gewysig word sal swartes in stede verminder en die boer meer arbeidskrag hê om hom op te verlaat.⁹⁴

Met die bespreking t.o.v. moontlike wysigings aan wette m.b.t. die swartes in stedelike gebiede het adv. Erasmus tydens die 1945-sitting gesê dat die passtelsel dringende verandering noodsaak. Volgens Erasmus was die hele maatreël in Suid-Afrika onbevredigend omdat dit nie in al die provinsies eenvormig toegepas is nie. Die hele aangeleentheid is in die hande van munisipaliteite geplaas, omdat die Minister van Naturellesake onwillig was om self op te tree. Erasmus het gesê dat behoorlike beheer slegs kan geskied as die passtelsel toegepas word. Hy het die minister beskuldig dat hy die oorsaak was van die bestaande wantoestand van swartes in stede. In Kaapland word onbeheerde swartes sonder passe die prooi van die kommuniste. Die gebrek aan beheer kan gemeet word in die toenemende swart misdad in die stede. Erasmus het gepleit vir optrede en versoek dat die passtelsel eenders toegepas moes word in al die provinsies. Hy het ook die minister gevra wat gaan gebeur as die kleurlinge van die oorlog af terugkom en hulle swartes in hul werke vind - die minister se

93. S.G. 10 - '45, Rapportevan gekose Komitees, Deel I, 1945. Vgl. voetnoot 19.

94. Die Transvaler, 45-03-28, p.5.

moeilikheid, wat die regering self geskep het, gaan eers na die oorlog werklik begin.⁹⁵

Na al die gespook van die Nasionaliste, en aan die ander kant die kommuniste, het die kommissie van ondersoek geen wysigings in die bestaande wet voorgestel nie. Al wat verander het was sekere formuleringe van wette.⁹⁶

Ons vind dat teen die einde van die oorlog nog niks daadwerkliks gedoen is deur die regering om, d.m.v. die passtelsel, beter beheer oor swart instromelinge te verkry nie. Net na die oorlog tydens 'n gemeenskaplike blanke en Nie-Blanke vergadering van die Verteenwoordigende Naturelleraad het prof. Z.K. Matthews van Fort Hare gesê dat die swartes steeds onveilig voel met passe omdat die polisie enige tyd op hulle kan toesak. Hy het weer 'n beroep gedoen dat paswette geheel afgeskaf moes word. 'n Lid van die raad, Mosaka, het gesê dat die pas daar is om die blanke meerderwaardig te laat voel - die passtelsel kan nie vereenvoudig word soos die Herenigde Nasionale Party dit wil sien nie, dit moet afgeskaf word. Mosaka het ook gesê dat die paswette nie die kleurvraagstuk sal oplos nie.⁹⁷

Telkens gedurende die 1946-sitting van die Volksraad is debat te gevoer oor die probleem van verstedeliking van swartes en hulle beheer. Die Herenigde Nasionale Party het hul stryd steeds voortgesit en die regering beskuldig dat hulle hul plig op 'n skromelike wyse verwaarloos het. Gedurende die oorlog het die minister toegelaat dat swartes stede binnestroom en die gebied=

95. Die Burger, 45-05-02, p.3.

96. S.C. 10 - '45, Rapport van gekose Komitees, Deel 1, 1945.

97. Die Transvaler, 45-11-14, p.1.

segregasie vernietig. Maj. van der Bÿl is ook daarvan beskuldig dat hy deur sy liberalistiese houding 'n ondiens bewys het aan die swartes, deur sy laat-maar-loop beleid is die swartes gedenasionaliseer en totaal ontstam. Hy is beskuldig daarvan dat hy die swartes se kultuur vernietig het.⁹⁸

Aan die ander kant het die Naturelleverteenwoordigers in die Volksraad die Minister, maj. van der Bÿl, verwyt omdat hy te min toegewings aan die swartes gemaak het. Mev. Ballinger het gesê dat die Naturelleverteenwoordigers die regering deur die oorlog gesteun het en dat hulle nou geregtig was op oorweging van hulle siening.⁹⁹

Maj. van der Bÿl het tydens die sitting verklaar dat die paswette nie afgeskaf sal word nie.¹⁰⁰ Dit wil voorkom of in die paar jaar onmiddellik na die oorlog steeds 'n onbevredigende beleid t.o.v. beheer oor die verstedeliking van swartes toegepas is. Die Herenigde Nasionale Party het steeds 'n beter stelsel voorgestaan. Die Naturelleverteenwoordigers wou steeds die paswette laat verval en die kommuniste het 'n tweede anti-pasveldtog begin.

Die Fagan-kommissie het na die oorlog verklaar dat dit moontlik was om die doeltreffendheid van die bestaande passtelsel te verhoog en onaangename trekke daarvan te verminder deur die klem te verskuif van plaaslike tot sentrale regulering, en van verpligtende en beperkende middels na vrywillige maatreëls vir leiding en beheer, deur te verseker dat elke persoon 'n plek het waarheen

98. Hansard. Deel 55, 1946, kolom 1436.

99. Ibid., kolom 2373.

100. Inkululeko, 46-02-18, p.1.

hy wetlik geregtig is om te gaan, deur strenger optrede teen leeglopers en losbandige swartes, en deur 'n werklik doeltreffende identifikaasiesistelsel in te stel.¹⁰¹

1.2.5 Die swartes en die Vakbonde

Die Twintigste eeu staan bekend as die eeu van die arbeider. Suid-Afrika het, veral tydens die Tweede Wêreldoorlog, verstrinkel geraak in die probleme van die arbeidswêreld. Met hierdie verskynsel het die vakunies gekom waarin die arbeider hom organiseer om sy belange te handhaaf en te beskerm teen uitbuiting. Die vakunie is een van die belangrikste organisasies in die moderne staat, want dit is die arbeider wat die land dra, en in die vakunies is arbeidskragte saamgetrek.¹⁰²

As ons praat van vakunies tydens die Tweede Wêreldoorlog dan kan dit nie anders as om die rol wat veral die kommuniste daarin gehad het te betrek nie. Die kommuniste het gepoog om beheer te verkry oor alle vakunies dwarsdeur Suid-Afrika. Gewoonlik was die voorsitter of sekretaris of beide 'n kommunist. Met kommuniste in beheer van vakunies het dit die pad vir propaganda-werk onder die arbeider vergemaklik. Die stigting van 'n volksfront het juis uitgegaan van die inisiatief van hierdie mense. Swart en wit arbeiders was meestal onkundig en het nie die kommunistiese magte wat agter die skerms gewerk het, raakgesien nie. Die magte van Kommunisme het die arbeider se vakunies misbruik om sy propaganda te versprei en ten volle geëksploiteer.¹⁰³

101. Suzman, op.cit., p.12.

102. A.H. Murray, "Kommunisme en toestande in die Unie van Suid-Afrika", artikel in Die Kruithoring, 45-08-01, p.5.

103. H.P. Wolmarans, Kommunisme en die Suid-Afrikaanse Vakunies, Johannesburg, ongedateerd, p.3.

Voor die oorlog was daar geen vakunies vir swartes nie. Die Kom=munistiese Party het dit as hulle plig beskou om die swart ar=beiders van Suid-Afrika in vakunies te organiseer. Swartes moes, aldus die kommuniste, opgeneem word in bestaande blanke vakunies. Waar die blankes nie die swartes in vakunies wou opneem nie moes afsonderlike unies vir die swartes gevorm word. Die kommuniste het selfs gepropageer dat waar vakunies nie toe=gelaat word nie, 'n tipe ondergrondse organisering van swartes moes plaasvind.¹⁰⁴ Vir eie gewin wou die kommuniste dus die groot getalle swart arbeiders organiseer in 'n sterk front teen die blanke.

'n Jaar voor die oorlog in 1938 het die Minister van Arbeid, adv. H.G. Lawrence, die onwenslikheid van swart vakbonde beklem=toon. Hy het gesê dat die vakunies van swartes nie deur die regering gekontroleer kon word nie en dat die gevaar bestaan het dat die leiding binne die unies deur ongewenste organisasies oorgeneem kan word.¹⁰⁵

Op die vooraand van die oorlog het die Naturelleverteenwoor=digers, onder leiding van Mev. V.M.L. Ballinger, dan ook 'n voorstel in die Volksraad ingedien waarvolgens die swartes wat in die Unie werksaam was in die bestek van die nywerheidsver=soeningsreëling gebring moes word. Sy het verwys na die loon=verskil tussen blankes en swartes en gesê dat die arbeidsmark 'n rewolusie ondergaan het deurdat swartes die arbeidsmark in groot getalle betree het. Die swartes het, aldus Ballinger, 'n deel geword van die ekonomiese geheel van Suid-Afrika en die heersende

104. Ibid., p.41.

105. J. Burger, The Black Man's Burden, Londen, 1942, p.205.

gaping kon alleenlik gevul word deur vakunies vir die swartes.¹⁰⁶


Sekere radikale blanke-vakunies het hulle steun verleen aan die totstandbringing van swart unies en finansiële hulp belowe.¹⁰⁷ Volgens Ballinger, het die vakunies besef dat daar iets vir die swarte gedoen moes word. Adv. Molteno het mev. Ballinger in haar betoog gesteun en gesê dat vakunies die swartes se griewe sou verwyder. Hofmeyr het ook die voorstel gesteun.¹⁰⁸

Alhoewel adv. Lawrence die voorstel verwerp het, het hy die Naturelverteenwoordigers verseker dat die regering van plan was om 'n skema in die lewe te roep wat die swarte die geleentheid vir organisasie sou bied. Hy het gesê dat die tyd vir swart-vakunies nog nie ryp was nie.¹⁰⁹

Met die uitbreek van die oorlog was die swart arbeiders, in veral die stede, sterk onder die invloed van die Kommunisme. Blanke vakbonde was op die stadium onder beheer van veral kommuniste wat die vakbonde gebruik het om die kommunistiese anti-kapitalistiese leerstelling te verkondig. Pamflette is by die duisende versprei en die blanke vakbondleiers het openlik kommunistiese ideologieë aan die swartes verkondig. As geneem word dat daar toe bykans 100,000 arbeiders, van alle rasse, in vakunies georganiseer was, dan was die gevaar nie te lig geskat nie. 'n Onrusbarende feit was dat die arbeidskrag deur 'n groot persentasie Afrikaners verteenwoordig was.¹¹⁰

Vanaf 1941 veral het die kommuniste alles in die stryd gewerp om swart vakunies deur die regering erken te kry. Hulle redes

-
106. Die Burger, 39-04-19, p.3.
 107. Burger, op.cit., p.206.
 108. Die Transvaler, 39-04-14, p.5.
 109. Die Burger, 39-04-19, p.3.
 110. Die Transvaler, 39-05-09, p.6.



241216

was "to win better wages and conditions, and to become stronger in their fight against the bosses ... Communists will work hard to help to wake up and put new life into the trade Unions, and also to build new unions where the workers have none."¹¹¹

Vakbonde het in stede reuse demonstrasies gehou waar hulle toe=gespreek is deur blanke en swart sprekers. Aan die toehoorders is die Russiese regering se houding jeens vakbonde voorgehou.

"In the Soviet Union, the trade unions are given every help and assistance by the Government. That is because the Soviet govern=ment is a peoples' government, that stands for the right of the working class."¹¹²

Reeds voor die oorlog en gedurende die oorlog het die Herenigde Nasionale Party hom ten doel gestel om Kommunisme te beveg. Eric Louw sê dan ook in 'n artikel wat handel oor die kommunistiese gevaar dat die geliefkoosde metode van propaganda vir die kommu=niste, die vakunies was. Hy sê dat die propaganda veral op die swarte toegespits is, daarom is hulle hard besig om swart vakunies te organiseer.¹¹³

Die Pietermaritzburgse Boerevereniging het ook besluit om die regering se aandag te vestig op 'n artikel wat in Inkululeko verskyn het. Volgens die artikel wil die Kommunistiese Party alle swart werkers in vakbonde saambind. Die stap sal lei tot 'n sosialistiese republiek waarin alle werkers, veral die onder=druktes, opgehef word. Daar sal geen kleurskeiding wees nie, almal sal stemgeregtig wees met gelyke regte.¹¹⁴

111. Inkululeko, Mei 1941, p.1.

112. Ibid., November 1941, p.2.

113. E.H. Louw, Die Kommunistiese gevaar, Kaapstad, ongedateerd, p.8.

114. Die Transvaler, 41-10-29, p.1.

Gedurende die eerste paar jaar van die oorlog het die regering geswyg en nie hul opinie uitgespreek teenoor die erkenning van swart vakunies nie. Hulle het ook niks gedoen om die opruiende toesprake tydens die unies se vergaderings die nek in te slaan nie. Soos in al die ander gevalle waar swartes probleme veroorsaak het, het die regering ook hier hulle oë toegehou en nie skriftelik swart vakunies verbied nie, dog hulle het dit nie erken nie. Skerp aanvalle is op die regering gemaak t.o.v. die kleurskeiding; diskriminasie; nywerheidsversoeningswet, ens. Die regering is beskuldig dat die swartes in 'n erger toestand as fascisme in Suid-Afrika verkeer. Herhaaldelik is 'n beroep op die regering gedoen om swart vakunies te erken.¹¹⁵

Teen die einde van 1942 het 'n kommissieverslag t.o.v. die verbetering van die lewenstoestande van swartes in stedelike gebiede verklaar dat swart vakunies, net soos die van blankes, administratiewe erkenning behoort te kry. Die kommissie het ook verklaar dat dit nie sou help om daarteen te skop nie, op die lang duur sou die regering dit moes erken.¹¹⁶

Op 28 Desember 1942 het sestien swartes en een blanke gesterf in onluste in Pretoria. 'n Kommissie moes die moontlikheid ondersoek dat die onluste die gevolg was van kommunistiese propaganda deur die nog onerkende swart vakunies. Tydens die ondersoek het dit aan die lig gekom dat swart vakunies deur twee verskillende organisasies beheer was. Die een organisasie is finansiëel gesteun deur die kommuniste wat ook die salaris van die sekretaris, M.A. Muller, betaal het. Getuies het verklaar dat die organisa-

115. Die Burger, 42-05-02, p.3.

116. Die Transvaler, 42-10-31, p.3.

sie die kommunistiese leerstellings verkondig en die swartes opsweep wat dan lei tot stakings en onluste.¹¹⁷ Die Gesamentlike Raad van Nie-Blanke Vakbonde het die oorsake van stakings en onluste toegeskryf aan lae lone, die nie-amptelike erkenning van swart vakbonde in die lomp werking van die masjinerie van die Loonraad.¹¹⁸

As gevolg van die druk op die regering deur die swart vakunies, die kommuniste en Naturelleverteenwoordigers, het die regering aandie begin van 1943 dit oorweeg om die Unies te erken. Nadat 'n deputasie, onder leiding van aartsbiskop J.R. Darbyshire, genl. Smuts in Januarie 1943 besoek het en aangedring het op die erkenning van swart vakunies het Smuts gesê "If one could form Native trade Unions along sound lines, I think that could be one of the best steps forward. I would favour it and accept it with both hands."¹¹⁹

'n Dag nadat Smuts bg. verklaring gemaak het, het mnr. B.J. Schoeman in die Volksraad aan Minister W.B. Madeley gevra of die regering van plan was om swart vakunies te erken. Madeley het hom sterk uitgespreek ten gunste van amptelike erkenning van swart vakunies, maar gesê dat die regering nog nie besluit het watter vorm dit sou aanneem nie.¹²⁰

Alhoewel die regering swart vakunies in 1943 nog nie erken het nie, het die Naturelleverteenwoordigers Smuts en Madeley se uitlatings bestempel as 'n stap in die rigting van amptelike erkenning daarvan. Hulle eise was nou nie net meer beperk tot

117. P.V. 4, E.H. Louw-versameling, lêer 143. Vgl. Die Transvaler, 42-01-07, p.5.

118. Die Kruithoring, 43-02-03, p.4.

119. The Friend, 43-01-19, knipsel. Vgl. Inkululeko, 43-01-23, p.3.

120. Die Transvaler, 43-01-20, p.1.

erkenning van swart vakunies nie, maar politieke regte moes volgens hulle verder uitgebrei word. Tydens 'n vergadering van die Naturelle Verteenwoordigenderaad is 'n reeks eise gestel, o.a. die uitbreiding van politieke regte; stoflike voordele; verminderde belasting; 'n vermeerdering van lede in die Naturelleraad; groter verteenwoordiging in die Parlement en Provinsiale Rade; parlementêre stemreg moes na die noordelike provinsies uitgebrei word en stemreg aan swart vroue toegeken word.¹²¹

Die regering het besef dat die meerderheid swart vakunies deur die kommuniste beheer is, maar nogtans het sekere stede, bv. Pretoria, die vakunies amptelik erken. Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Munisipale Werkers het die kommunistiese gevaar in swart vakunies besef en 'n omsendbrief aan alle stadsrade gerig waarin gewaarsku is teen persone wat swart vakunies organiseer. In die omsendbrief word verder beweer dat hierdie bedrywighede potensiële gevare bevat het wat nie met die eerste oogopslag opgemerk word nie. Hoewel die vereniging toegegee het dat dit wenslik was dat swart vakunies georganiseer word, het hulle stadsrade versoek om behoorlike toesig daaroor te hou.¹²²

In 1944 het die regering nog nie swart vakunies amptelike erken nie, alhoewel sekere stadsrade volle erkenning daaraan gegee het. In Januarie 1944, tydens die kongres van die Instituut vir Rasseverhoudinge te Johannesburg, is 'n mosie aangeneem waarvolgens aangedring word op volle erkenning van swart vakunies ingevolge die Nywerheidsversoeningswet en die skepping van arbitrasiemasji-

121. Ibid., 43-05-04, p.1.

122. Die Burger, 43-07-22, p.5.

nerie om die erkenning doeltreffend te maak.¹²³

Teen die middel van 1944 is in die Volksraad verklaar dat die regering gemengde vakunies nie deur wetgewing sou verbied nie. Minister Madeley het gesê dat geen segregasie in die toekoms in vakunies toegepas sou word nie.¹²⁴ Die uitlating het pragtig in die kraal van die kommuniste gepas wat geen verskil tussen ras en kleur gemaak het nie. Die kommuniste het geglo dat die blanke arbeider nie alleen die regering in die hande kon kry. Hulle moes dit met behulp van die swartes en die gekleurdes doen.¹²⁵

Tydens die laaste doodsnikke van die oorlog het die Herenigde Nasionale Party sy stryd teen swart vakunies en gemengde vakunies voortgesit. Op 'n voorstel deur die Herenigde Nasionale Party dat rasse-apartheid in vakunies gehandhaaf moes word, het dit duidelik geblyk dat Madeley nie ten gunste van die voorstel was nie. Madeley het die mening van die Waarnemende Eerste Minister, J.H. Hofmeyr, gevra, wat op sy beurt geswyg het. Dit het voorgekom asof Hofmeyr niks daarteen gehad het nie. Op 'n vraag van adv. F.C. Erasmus oor die kleurlinge wat saam met blankes in vakbonde is het Madeley gesê dat die kleurling dieselfde burgerregte as die blanke geniet. Hierop het Erasmus gesê: "Dan is dit die beleid van die regering. Nou weet ons waar ons staan."¹²⁶

Teen die einde van die oorlog vind ons dus 'n situasie waar die regering gemengde vakunies erken en swart vakunies nie-amptelik erken het.

Skaars 'n maand na die oorlog het mnr. Ben Schoeman tydens 'n

-
123. Die Transvaler, 44-01-21, p.5.
 124. Ibid., 44-04-01, p.1.
 125. Wolmarans, op.cit., pp. 40 - 41.
 126. Die Transvaler, 45-05-14, p.1.

protesvergadering teen die vloedgolf van misdaad gesê dat die erkenning van gemengde vakunies en die aanmoediging van swart vakunies deur die regering 'n gevaar vir die land inhou. Hy het gesê dat die kommuniste 99 persent van die Nie-Blanke vakunies beheer en dat die Kommunistiese Party hoop om die vakunies te gebruik om chaos in die land te veroorsaak deur stakings en onluste. Dit sal die kommuniste 'n geleentheid bied om tydens die chaotiese toestand die regering van Suid-Afrika deur middel van 'n magsgreep in die hande te probeer kry.¹²⁷

---ooo000ooo---

127. Ibid., 45-12-13, p.1.

H O O F S T U K I I

POLITIEKE REAKSIE OP DIE SWART VERSTEDELIKINGSPROBLEEM

1. SEGREGASIE AS BELEIDSRIGTING IN SUID-AFRIKA

Suid-Afrika is een van talle lande wat te kampe het met 'n vraagstuk van rassebotsing. In gevalle waar Westerse volkere nuwe wêrelddele beset het, is soms 'n oplossing vir die rassevraagstuk gesoek deur inboorling-volkere uit te delg totdat hulle 'n onskadelike bevolkingsgroep geword het. Hier word veral verwys na Kanada, Noord-Amerika, Australië en Nu-Seeland.¹

'n Ander voorbeeld om die rassevraagstuk opgelos te kry was deur assimilasië waar rassevermenging op groot skaal plaasgevind het. In sekere Suid-Amerikaanse lande het alle soorte basters 'n ongelooflike verrotte toestand geskep.²

Met die volksplanting van die blanke in Suid-Afrika is geen een van bg. metodes gevolg om die rassevraagstuk die hoof te bied nie. 'n Probleem wat wel van die vroegste dae in Suid-Afrika ontstaan het, was dat twee groepe blankes in Suid-Afrika lynreg-teenoorgestelde beleidsrigtings voorgestaan het. Die beleidsrigting van die Britse Imperialis was dat daar op politieke, industriële en op ekonomiese gebied geen onderskeid tussen Wit en Swart gemaak moes word nie. Die beleidsrigting van die Boerevolk was dat: "Het volk wil geen gelykstelling van gekleurden met blanke ingezetenen toestaan noch in Kerk, noch in Staat."³

Die eerste hoeksteen van die Voortrekkers se beleid teenoor die swartes was die beginsel van differensiasie. Dit het bete=

-
1. A. van Schalkwyk, Beleidsrigtings t.o.v. die Naturellevraagstuk in Suid-Afrika, S.A.B.R.A., 1950, p.12.
 2. Ibid., p.13.
 3. Naturellesake. Segregasie-wetsontwerp, P2.136, Ineg, p.1. Aanhaling uit die Grondwet van die Z.A.R., 1888, Art. 9.

ken dat daar 'n verskil gemaak is tussen witman en swartman, en dat daar van gelykstelling geen sprake kon wees nie. Twee= dens het die Voortrekkers 'n beleid van skeiding of apartheid gehad. So het die Voortrekkers, bv. skeiding as 'n belangrike hulpmiddel gebruik om differensiasie as 'n praktiese beleid uit te voer. E. Domingo skryf dat vanaf die vestiging van die blanke aan die Kaap die blanke hom geskei het van die Hotten= totte en slawe. "Historical revulations certainly show that the early burghers and present Afrikaners people were inspired in their attitude by causes, other than antagonism and racial oppression."⁴

Uit hierdie beginsel van die Boerevolk, nl. skeiding en geen gelykheid tussen blank en Nie-Blank, het die bekende afskeidings= ideaal of segregasiebeleid van genl. J.B.M. Hertzog en die Nasio= nale Party voortgespruit. Genl. Hertzog het op 14 November 1925 sy segregasiebeleid op Smithfield openbaar gemaak en die same= werking van alle politieke partye gevra om die saak as 'n nasio= nale vraagstuk te behandel en die party-politiek daaruit te hou. In 1926 het hy sy vier wetsontwerpe wat sy segregasiebeleid be= vat het in die Volksraad ter tafel gelê.⁵

Hertzog se wetsontwerp het veral teenstand van die oud-Unionis= tiese Party verkry. Die party was die groot kampvegter vir die gelykstellingsideaal in Suid-Afrika. Genl. L. Botha en die meeste ander leiers van die S.A. Party was (net soos genl. Hert= zog en die Nasionale Party) ten gunste van 'n segregasiebeleid,

4. E. Domingo., Apartheid and the Liberalistic Fallacy, Johan= nesburg, 1951, p.1.
5. P2. 136, op.cit., p.1.

maar na die samesmelting van die Unionistiese en Suid-Afrikaanse Partye in 1921, het die Unioniste genl. Smuts en die S.A.P. gedwing om van die naturellevraagstuk 'n party-politieke vraagstuk te maak en hand en tand te veg vir die behoud van die naturelle-stemreg in Kaapland.⁶

Genl. Smuts het tydens die S.A.P.-kongres te Bloemfontein in 1928 gesê dat die S.A.P. dit nie as die regte tyd beskou het om aan politieke regte te peuter nie. Volgens hom het Hertzog se rigting toe reeds beroeringe onder die swartes gebring.⁷

Hertzog was bitter teleurgesteld dat 'n klompie oud-Unioniste genl. Smuts met sy hele party gedwing het om die saak wat van so groot nasionale belang was, te laat verongeluk. Die S.A.P.-Unionistiese politiek het op die Bloemfontein kongres geseëvier.⁸

In Pretoria het genl. Hertzog gesê: "Die Kaapse Sap-Unioniste met hul verderflike kaffer-politiek mag seëvier op 'n Sapkongres, maar ek het nog vertroue genoeg in die gesonde verstand en in die vaderlandsliefde van die Afrikaanse bevolking, om te voel, dat die politiek van die Unioniste nie die politiek van Suid-Afrika gaan wees nie."⁹

In 1929 het Hertzog twee van sy segregasiewetsontwerpe, nl. Parlementêre-verteenwoordiging van Naturelle-en Kleurlingregte by die Gesamentlike Sitting van die Volksraad en Senaat ingedien. Steeds kon hy nie 'n tweederde meerderheid verkry nie omdat, volgens J.J. Haywood, die oud-Sappe, wat hart en siel ten gunste daarvan was, terwille van die eenheid van hul party, saam met die oud-Unioniste gestem het.¹⁰

6. Ibid.

7. Ibid., p.2.

8. Ibid.

9. Die Vaderland, 29-01-05, p.1.

10. P2. 136, op.cit., p.2.

Die 1929-verkiesing is oor die Naturellevraagstuk uitgeveg en het 'n oorwinning vir die Nasionale Party besorg. In 1930 is 'n Gesamentlike Komitee van beide Huise aangestel om Hertzog se wetgewing t.o.v. die swartes te ondersoek en het hul werk in 1935 voltooi. Die verslag het verdere botsings binne die Verenigde Party veroorsaak. Hertzog, in 1936 as leier van die Verenigde Party se voorgenome planne om die swartes te verwyder van die gesamentlike kieserslys in Kaapland het sterk teenkanting van die oud-S.A.P.-verteenwoordigers uitgelok. Die eerste wetgewende maatreël wat die komitee voorgestel het, het gehandel oor die politieke verteenwoordiging van swartes in Kaapland en die tweede een oor grond vir swartes dwarsoor die land.¹¹

Met betrekking tot grond vir die swartes is aanbeveel dat die verskillende Swarttrusts in een Trust vir die hele Suid-Afrika saamgevoeg moes word. Bykomende grond van 18 miljoen akker moes by die oorspronklike 22 miljoen akker wat kragtens die 1913-wetgewing bewillig was, gevoeg word. Die grond sou uit geld wat deur die Parlement bewillig moes word van blankes opgekoop word. Binne die Trustgebiede sou blankes nie grond mag besit het nie.¹²

Ten opsigte van die politieke verteenwoordiging van swartes het die voorgestelde wetsontwerp bepaal dat die bestaande swartes op die gemeenskaplike kieserslys die reg sou behou om saam met die blankes te stem. Die ander swart stemgeregtigdes is in vier kiesafdeling verdeel - Kaapland, Transkei, die Vrystaat, Transvaal en Natal. Elk van dié kiesafdelings kon een verteenwoordiger in die Senaat aanwys vir 'n termyn van sewe jaar. Kaapland

11. B.M. Schoeman, Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910 - 1976, Pretoria, 1977, pp. 206 - 207.

12. Ibid., p.207. Vgl. D. Joubert, Die Naturellegrondkwessie. Uit die Volksraaddebat 1936, Kaapstad, 1973, pp. 77 - 80.

en Transkei kon ook elkeen twee lede vir 'n termyn van vier jaar vir die Kaaplandse Provinsiale Raad aanwys. Gesamentlik kon die vier kiesafdelings twaalf lede vir 'n voorgestelde "Bantoeraad" verkies. Die Goewerneur-generaal is gemagtig om vier bykomende lede in hierdie raad te benoem. "Die vyf hoof Naturellesakekommissarisse sou ex-officio-lede van die raad wees en die Sekretaris van Naturellesake sou as voorsitter optree."¹³ Swartes in die stede sou geen verteenwoordiging kry nie en die Verteenwoordigende Naturelleraad sou net adviserende bevoegdhede hê.¹⁴

As gevolg van opposisie binne eie geledere was Hertzog verplig om 'n kompromie te sluit. Om Smuts en die linkervleuel van die party tevrede te stel is toegewings gemaak. Die Kaaplandse swartes kon hul individuele stemreg behou het, maar op 'n afsonderlike kieserslys. Hulle is in drie kiesafdeling verdeel en elkeen kon een blanke verteenwoordiger vir vyf jaar in die Volksraad verkies.¹⁵

Namate swartes die stede binnegestroom het en veral tydens die Tweede Wêreldoorlog het die rassekwessie as politieke verdelingsfaktor baie skerper geword.¹⁶

Met die aanvang van die Tweede Wêreldoorlog was die 1936-wetgewing van krag, en het 'n hewige politieke strydperk geword. Die Naturelleverteenwoordigers in die Volksraad, die Naturelle Verteenwoordigenderaad en die Kommunistiese Party het druk op die Smuts-regering uitgeoefen en al hoe meer toegewings is aan swartes gemaak.¹⁷ Alhoewel die Herenigde Nasionale Party nie die

13. Ibid.

14. Ibid.

15. Ibid.

16. Ibid., pp.207 - 208.

17. Ibid., p. 208.

1936-wetgewing gesteun het nie, is dit gedurende die oorlog nie konsekwent toegepas nie. Die nasionaliste het die regering se toepassing van segregasie sterk veroordeel en hulle beywer vir algehele segregasie.¹⁸

1.1 Die Verenigde Party en sy toepassing van segregasie gedurende die Tweede Wêreldoorlog

Drie dae nadat Engeland en Frankryk oorlog teen Duitsland verklaar het, het genl. Hertzog as Eerste Minister bedank en is genl. J.C. Smuts deur die Goewerneur-generaal, Sir Patrich Duncan, gevra om 'n nuwe kabinet saam te stel.¹⁹

Met Hertzog, die groot segregasionis, uit die kabinet het die Smuts-regering nie veel aandag aan segregasie gegee nie. Die 1936-wetgewing is nie verwerp nie, maar tog nie toegepas nie. Smuts se ondersteuners het nie segregasie voorgestaan nie en beweer dat die opposisie nie die implikasies van segregasie beseft het nie.²⁰

Genl. Smuts het self gesê dat die idee van segregasie ontstaan het uit die vrees vir swart oorweldiging: "Attempts, as you know, have been made to get round this fear by the policy commonly called 'segregation' ... The high expectation that we entertained of that policy has been sadly disappointed ... segregation has fallen on evil days too. A revolutionary change is taking place among the Native peoples of Africa through the movement from the country to the towns - the movement from the old Reserves in the Native Areas to the big European centres of population. Segregation tried to stop it. It

18. A.J.H. van der Walt, e.a., Geskiedenis van Suid-Afrika, Kaapstad, 1966, pp. 535 - 536.

19. Ibid., p.545.

20. Die Verenigde Party die Naturelle en die Kleurlinge, Ineg, P2.81, p.3.

has however, not stopped it in the least. The process has been accelerated. You might as well try to sweep the ocean back with a broom",²¹ aldus die Eerste Minister.

Vroeg in 1940 het dr. D.F. Malan die volgende mosie in die Volksraad ingedien: "Dat die Raad as dringend noodsaaklik beskou dat 'n beleid van segregasie van blankes en nie-blankes op residensiële, industriële en staatkundige gebied sonder versuim deurgevoer sal word en dat op grond van die verslag van die Regerings-kommissie van 1939 oor Gemengde Huwelike²² stappe gedoen sal word om bloedvermenging te belet; en die Regering derhalwe versoek om dadelik die nodige wetgewing in te dien om op doeltreffende wyse uitvoering aan die beleid te gee."²³ (Dr. Malan se motivering t.o.v. die mosie sal later behandel word.)

Minister H.G. Lawrence (Binnelandse Sake) het dr. Malan se motiewe nie in twyfel getrek nie, maar gesê dat daar wyd uiteenlopende standpunte in die Parlement en in die land t.o.v. segregasie ingeneem word. Volgens Lawrence het die Opposisie altyd by wyse van wetgewing probeer om vraagstukke op te los. Hy het nie geglo dat die segregasieprobleem deur wetgewing opgelos kon word nie. Lawrence het gesê dat daar ander maniere gevind moes word om die vraagstuk aan te pak en op te los. Volgens Lawrence het dr. Malan altyd sy toevlug geneem na 'n beleid van verpligte segregasie om rasseprobleme die hoof te bied.²⁴

21. W.K. Hancock. Smuts Volume 2. The Fields of Force, 1919 - 1950, Cambridge, 1968, p.475. Vgl. Smuts Papers, Volume VI, p.336.

22. In 1939 het die Nasionale Party die regering versoek om gemengde huwelike strafbaar te maak. Die de Villiers-kommissie t.o.v. gemengde huwelike het geen verslag tydens die 1939-sitting ingedien nie. In 1940 het die kommissie by wyse van getalle getoon dat gemengde huwelike 'n baie klein persentasie verteenwoordig.

23. Hansard. Deel 37, 1940, kolom 593 - 594.

24. ibid., kolom 625 - 626.

Die Regering se beleid teenoor die swartes was een van voogdyskap.²⁵ Smuts en sy kabinet het verklaar dat hulle geen duimbreed van dié pad sou afwyk nie. "The whole idea of trusteeship is that there is a trust imposed on the European - as the covenant says, a 'sacred trust'. There is a trust on him and there is a responsibility placed on him ... to look after the interest of the people who have been put in his trust."²⁶ Die regering het die swart bevolking van Suid-Afrika as 'n waardevolle bate beskou en wou die bate behoorlik ontwikkel, aldus die hoofsekretaris van die Verenigde Party, O.A. Oosthuizen.²⁷

Met die steeds invloeiende stroom swartes na die stede gedurende die oorlog het die regering geen daadwerklike poging aangewend om blank en swart van mekaar te skei nie. 'n Spontane uitvloeisel van ongekontroleerde skeiding tussen rasse sou vermenigving wees. J.M. Buckland skryf tereg dat: "We cannot have a White South Africa unless we have also a Black South Africa. Segregation is a condition of salvation from a Yellow South Africa."²⁸

Kontak tussen blank en Nie-Blank sou sy hoogtepunt tydens die oorlogsjare bereik. In nywerhede en fabriek het Wit en Swart skouer aan skouer gewerk. In 1941 het die Minister van Arbeid, W.B. Madeley, die konsep-Wetsontwerp op Fabriek aan die Volksraad voorgelê. Dit het o.a. bepaal dat: "Wanneer volgens oordeel van 'n inspekteur toestande in 'n fabriek bestaan wat onwenslike kontak tussen persone van verskillende rasse of geslagte

-
25. Die Nasionale Party het ook voogdyskap oor die swartes as beleid gehad - die toepassing daarvan het van die regering se beleid verskil.
26. J. van der Poel, Selections from the Smuts Papers, Volume VI, Cambridge, 1973, p.337.
27. P2.81, op.cit., p.8.
28. J.M. Buckland, Black and White. Possible Results of Association, p.1.

as gevolg het, kan hy, onderhewig aan die instruksies van die minister, by skriftelike kennisgewing waarin bedoelde toestande vermeld word aan die houer van die fabriek voorskryf om binne in die kennisgewing vermelde tydperk die stappe te doen wat nodig mag wees om sodanige kontak te voorkom en kan so 'n kennisgewing intrek of wysig."²⁹

Volgens mnr. Ben Schoeman het Madeley die essensiële bepaling, nl. die deurmekaar werkery van verskillende rasse, uit die wetsontwerp op fabriek wegelaat. Madeley se antwoord hierop was dat die segregasie-artikel doelbewus wegelaat was, omdat dit baie werkers onnodig sou seermaak. Hy het verder gesê dat die beleid van die Arbeidersparty voorsiening maak vir skeiding tussen blank en swart, maar dat die toe huidige posisie dit nie prakties moontlik maak het nie, aangesien die swartes tussen die blankes was - hulle werk in blanke nywerhede.³⁰

Met die voortsetting van die debat 'n week later het Madeley gesê dat hy "separation" voorstaan, maar nie "segregation" nie. Aan hom is gevra wat die verskil was, waarop hy geantwoord het dat segregasie 'n sielkundige uitwerking op diegene gehad het wat deur so 'n bepaling geraak is. Madeley het die Raad versoek dat die woord "segregation" vir die swartes die gedagte van 'n doringdraad inhou.³¹

Volgens Madeley wou die Herenigde Nasionale Party gehad het dat die Nie-Blanke algeheel uit die nywerhede uitgesluit moes word. Hy het gevra of die H.N.P., net soos die Verenigde Party,

29. Die Transvaler, 41-03-06, p.5.

30. Ibid.

31. Die Burger, 41-03-12, p.3.

bereid sou wees om 'n standaardloon vir alle werkers, ongeag hul ras, vas te stel. Volgens Madeley was sy bedoeling met die wetsontwerp nie om die swartes uit die nywerhede uit te sluit nie.³²

Ten opsigte van die segregasiebeginsel in die Wetsontwerp op Fabriekes het Madeley in die verloop van die debat erken dat hy ten gunste van rasseskeiding in die nywerhede was, alhoewel dit nie pertinent in die konsep-wetsontwerp geblyk het nie. Die Oposisie het die beginsel bepleit - dog het die regering probeer duidelik maak waarom die beginsel nie aanneemlik was nie. Die Naturellevertegenwoordigers en die regeringslede het diep in hul ekonomiese kennis gedelf om te probeer bewys waarom segregasie nie in die nywerhede sou werk nie. Die segregasiebeleid is verwerp, aangesien dit volgens die regering nie algemeen uitvoerbaar was nie. Die weglating hiervan het die Herenigde Nasionale Party net so dwars in die krop gestee as wat die Naturelle Wetsontwerp van 1936 gedoen het.³³

Alhoewel die segregasiebeginsel in fabriekes verwerp is, het Madeley in die Senaat gesê dat hy tog blank en Nie-Blank in werksplekke gaan skei waar aanraking onwenslik was. Voordat hy so 'n regulasie sou uitvaardig wou hy eers die Naturellevertegenwoordigers in die Volksraad en Senaat raadpleeg. Senator C.A. van Niekerk, (H.N.P.), wou van Madeley weet waarom hy dan nie die Herenigde Nasionale Party aangaande die regulasie wil raadpleeg nie. Volgens Madeley het hy die H.N.P.-standpunt geken en dat hy anders as die Herenigde Nasionale Party nie grootskaalse seg=

32. Die Transvaler, 41-03-12, p.6.

33. Die Burger, 41-03-21, p.1.

regasie beoog het nie.³⁴

Dit wil voorkom asof die Smuts-regering die woordjie "onuitvoerbaar" geplaas het agter alles waar segregasie wenslik sou wees om rasse van mekaar te skei. Toe die Herenigde Nasionale Party tydens die 1941-Volksraadsitting, segregasie op treine bepleit het, het 'n regerings-woordvoerder gesê dat passasiers op treine gedwing kon word om afsonderlik te reis, maar dat die beleid onuitvoerbaar was, op voorstedelike treine.³⁵

Segregasie op Universiteitskampusse sou ook nie toegepas kon word nie. Universiteitsowerhede het gesê dat deurmekaar boerdery op Universiteite 'n "kwessie van regeringsbeleid" was. Mnr. J. Lewin, Rektor van die Universiteit van die Witwatersrand, het, toe aan hom gevra is, verklaar dat swartes dieselfde status as blanke studente kon geniet en dieselfde geriewe kon gebruik.³⁶

Kol. D. Reitz het op Alice gesê dat mense van alle rasse en kleur moes saamwerk in Suid-Afrika. Volgens hom sou die seksie van die volk wat 'n enge standpunt inneem en wat haat en vooroordeel teenoor die swartes aan die dag lê nog duur daarvoor moes betaal. Hy het gesê dat samewerking tussen blank en Nie-Blank dringend noodsaaklik was en bygevoeg dat ondervinding hom geleer het dat as van samewerking gepraat word, die swarte dan aan die kortste end getrek het. Reitz het gesê dat Nasionalisme oor die hele wêreld oordryf word "'n mens kan nie verwag om rasseverhoudinge oornag op te los nie - dit sal lank duur voordat die

34. Ibid., 41-04-04, p.3.

35. Die Transvaler, 41-04-16, p.5.

36. Ibid., 41-05-14, p.1.

vooroordeel teen ras en kleur uit die weg geruim word."³⁷

Aan die begin van 1942 het genl. Smuts 'n vergadering van die Instituut vir Rasseverhoudinge in Kaapstad toegesprek en gesê dat "segregation had failed to solve the major problem of the African continent, and that the concept of trusteeship offered the only prospect of happy relations between European and African."³⁸ Hy het bygevoeg dat sy hoop vir Suid-Afrika, die samewerking tussen blank en Nie-Blank was om, sodoende die toekoms te bou. Volgens Smuts was die woord segregasie vreesaanjaend vir die swartes. Aanvanklik is probeer om die vrees te bowe te kom, maar die hoë verwagtinge van die beleid was nie besef nie. Die teenoorgestelde het gebeur as wat verwag was. Smuts het gesê dat ander verskynsels daaruit ontstaan het. "There was the urbanisation of the natives - an almost revolutionary change which segregation had failed utterly to stop. And there were the de-tribalisation and industrialisation of the natives. The change was very far-reaching, and none even today could see the limits."³⁹

In die Volksraad het genl. Smuts segregasie as 'n "unreal native policy" bestempel. Sommige lede van die Volksraad het die woorde as 'n direkte vernietiging van die segregasiebégin sel gesien. Die Naturellevertegenwoordigers en ander progressiewe opinies het Smuts se moontlike algehele verwydering van segregasie, verwelkom. Mev. Ballinger het gesê: "Its great virtue is to shake people out of the apathy which made them cling to old political cliches. It will make them consider for the first time the possibility

37. Die Burger, 41-07-22, p.1.

38. The Daily Mail, 42-01-22, p.5.

39. Ibid.

of reviewing the terms on which we discuss policy."⁴⁰

Die Daily Mail verklaar dan ook: "With such progressive ideas gaining force, it was only to be expected that the reactionary forces would prepare for battle ... Gen. Kemp ..., Mr. Strydom ..., and dr. Malan, who has frequently put forward schemes for representative segregation measures in urban areas - all these men will go to battle in Parliament."⁴¹

Teen die middel van 1942 het die Minister van Finansies, J.H. Hofmeyr, hom ook uitgelaat teen segregasie en gesê dat dit 'n treurige situasie sou wees as Suid-Afrika na die oorlog op sy ou pad van segregasie en diskriminasie tussen rasse sou terugval. Volgens hom moes die swartes na die oorlog in alle sektore ingesluit word om beter en vreedsaamer toestande te skep.⁴² Op 'n vergadering van die "Pretoria Joint Council of Europeans and Africans" het hy gesê dat die beginsel van segregasie 'n totale mislukking was. Volgens Hofmeyr het byna die helfte van die swartes in Suid-Afrika toe reeds verstedelik en twee redes gegee waarom segregasie misluk het: a) Die witman was nie bereid om die prys te betaal as die beleid sou slaag nie. Hy sou meer grond aan die swartes moes gee as wat hy gewillig was om te doen in die verlede. Die bekomming van swart-arbeid sou ook moeiliker gewees het. b) Ten tweede was segregasie, gesien uit die swartes se oogpunt, nie aanvaarbaar nie aangesien 'n opeenhoping van swartes in reservate, ekonomiese sowel as sosiale probleme geskep het. Hofmeyr het ook gesê dat blankes en swartes

40. Ibid., 42-01-23, p.5.

41. Ibid.

42. Ibid., 42-06-20, p.5.

interafhanklik van mekaar was en dat "separation" slegs in 'n mate uitvoerbaar was.⁴³

'n Dag na Hofmeyr se toespraak het die Sekretaris van Natu=rellesake, D.L. Smit in Pretoria gesê: "We must be prepared to recognise that native and coloured men, who are the mainstay of all our prosperity, should take their proper place, not merely as drawers of water and hewers of wood, but also in the skilled an semi-skilled occupations."⁴⁴

Tot op hierdie stadium van die oorlogsjare blyk dit duidelik dat sommige woordvoerders van die regering voorstanders van ekonomiese- en industriële integrasie was.

Vroeg in 1943 het genl. Smuts voor 'n gemengde gehoor gesê dat Suid-Afrika nie terug sou keer na die ou dae nie. "I have a feeling that we are being led through difficult and dark days to a new and better South Africa, not only for one section, but for all."⁴⁵ Volgens Smuts was die sosiale en maatskaplike toe=stande van die swartes die toe afgelope jare baie verbeter onge=ag die struikelblokke en skeiding wat hulle ondervind het en dat hy baie trots daarop gevoel het. Smuts het gesê dat dit vir hom 'n trotse oomblik sou wees wanneer alle rasse in Suid-Afrika as een gemeenskap die toekoms van die land sou bepaal.⁴⁶

Alhoewel die regering voorgehou het dat hulle baie vir die swartes gedoen het, het die Naturelverteenwoordigers in die Volksraad daarop aangedring dat die toe bestaande beleid, veral t.o.v. die stedelike swartes, verandering benodig het. Mev.

43. Ibid., 42-11-25, p.5.

44. Ibid., 42-11-26, p.5.

45. Ibid., 43-02-09, p.5.

46. Ibid.

Ballinger het gesê dat die ou wette nie meer doeltreffend was nie en dat segregasie hom reeds bewys het as 'n mislukking. Die primêre doel van haar betoog was om genl. Hertzog se beleid t.o.v. swartes hersien te kry.⁴⁷

Intussen het maj. P. van der Bÿl vir kol. D. Reitz opgevolg as Minister van Naturellesake. Van der Bÿl het mev. Ballinger geantwoord en gesê dat nuwe vraagstukke wel in stede ontstaan het en dat geen wet staties kon wees nie. Hy het verwys na die agitators wat die swartes op hul ongunstige posisie gewys het. Die groeiende ontevredenheid onder swartes moes toegeskryf word aan opsweping en die Naturelleverteenwoordigers het daaraan meegedoen, aldus Van der Bÿl.⁴⁸

Die Herenigde Nasionale Party het ook die regering versoek om die toe bestaande Naturellewette en -beleid te hersien ten einde dit in ooreenstemming met 'n gesonde segregasiebeleid te bring op alle terreine van die lewe. Volgens die nasionaliste moes die ongesonde toestroming van swartes na stede stopgesit word en alle ondermynende propaganda onder swartes moes aan bande gelê word.⁴⁹

Die laaste paar jaar van die oorlog word veral gekenmerk deur min. Hofmeyr se kleur-liberalisme. Op alle maniere het hy gepoog om die swartes op te hef en "beskaafd" te maak. Hy het hom sterk uitgespreek teen segregasie en hom beywer om die swartes op dieselfde peil as die blanke te bring. Uit die Staatskas het hy groot somme geld bewillig vir swart onderwys; beurse

47. Die Burger, 43-02-17, p.3.

48. Die Transvaler, 43-02-27, p.3.

49. Die Burger, 43-02-27, p.3.

aan swart studente en behuising. Voortspruitende hieruit het die stede 'n tipe magneet vir die swarte geword. Hier kon die swartes (wat hulle nie in hulle gebiede ontvang het nie) ouderdomspensioene, ongeskiktheidstoelae, werkloosheids=toelae, vry mediese dienste, ens. ontvang.⁵⁰ Die Verteenwoordigende Naturelleraad het Hofmeyr bewierook as een van die grootste vriende van die swartes, van alle tye.⁵¹

In 1944 het hierdie kleur-liberalisme van Hofmeyr die eerste doodskisspyker van die regering gesmee. Nie net die H.N.P. nie, maar ook sommige regeringslede het Hofmeyr se beleid gesien as die begin van die ondergang van die regering. Dié beleid in samewerking met die regering se laat-maar-loop-beleid het steeds meer algemeen kenbaar geword.⁵²

Die Herenigde Nasionale Party het deurgaans gewaarsku teen lapmetodes wat vanaf 1936 t.o.v. swartes in stede, en in die hele land, toegepas was - dit het die hele kleurvraagstuk vererger terwyl hy in sy kern aangepak moes gewees het. Nasionale liste het Hofmeyr beskuldig dat hy van die swartes nagemaakte blankes wou maak wat die gees van agitatie onder hulle aengewakker het. Volgens die Herenigde Nasionale Party was daar net een beleid, nl. Apartheid, maar nie van afhokking soos dit dikwels skeefweg voorgestel was nie.⁵³

Dr. Eric Louw skryf in sy artikel, Plain Talk, dat Hofmeyr die segregasiebeleid sien as "a piece of mumbo-jumbo designed to conceal a policy of suppression."⁵⁴ Tot na die oorlog het

-
50. Vrugte van Minister Hofmeyr se kleurbeleid, P2.78, Ineg, pp. 1 - 2.
 51. Die Burger, 43-12-02, p.1.
 52. Die Transvaler, 44-06-14, p.5.
 53. Die Burger, 44-06-14, p.3.
 54. P.V. 4, E.H. Louw-versameling, lêer 76. Artikel in New Era, 45-03-22, p.4.

die H.N.P. Hofmeyr se kleur-liberalisme beveg.

O.A. Oosthuizen verklaar in 'n Verenigde Party-pamflet dat die Herenigde Nasionale Party Hofmeyr van veral vyf dinge beskuldig, nl. "Die verwydering van alle kleurslagbome; ten gunste is van politieke gelykheid tussen blankes en Nie-Blankes; aandring op die uitbreiding van die stemreg na 8,000,000 natu=relle; ten gunste is van die verwydering van die kleurslagboom in ons skole en ten gunste is van gelykheid en assimilasië, en dat hy van Suid-Afrika 'n swartmansland wil maak."⁵⁵

Om bg. beskuldigings te verdedig het Hofmeyr na die oorlog tydens die Verenigde Party Kongres te Bloemfontein gesê: "Ek is nie ten gunste van 'n beleid van assimilasië nie. Ek het herhaaldelik in die verlede verklaar dat die essensiële onder=skied tussen blankes en Nie-Blankes in ag geneem moet word. Die beleid van Christelike voogdskap wat ek in gedagte het, be=teken nie onderdrukking nie, en dit beteken ook nie gelykheid nie. Dit beteken die besef van ons verantwoordelikheid om nie die belange van die mense van wie ons die voogde is, oor die hoof te sien nie."⁵⁶

Aan die vooraand van die einde van die oorlog het die Naturelle=verteenwoordigers en die Nasionalistes in die Volksraad weer eens hulle onderskeie aanvalle op die regering se Naturellebeleid voortgesit. Die Naturelleverteenwoordigers het allerlei plei=doeie die lig laat sien t.o.v. 'n liberalistiese hersiening van die beleid. Die Nasionalistes het steeds net een beleid voor

55. Nasionale Party se leuens i.v.m. Die Naturellebeleid.
Ineg. P2. 146.

56. Ibid.

oë gehou - algehele segregasie.

Na aanleiding van die Naturelleverteenwoordigers se pleidooie het mnr. M.C. de Wet Nel, (H.N.P. Wonderboom), gesê dat as hy 'n swartman was en as hy alles wat die Naturelleverteenwoordigers gesê het aangeneem het, hy die mees ontevrede swarte sou gewees het en 'n bittere haat vir die blanke sou gekoester het. Hy het die Naturelleverteenwoordigers veroordeel vir dit wat hulle sê wat lei tot ontevredenheid onder die swartes. Volgens Nel was die Naturelleverteenwoordigers se optrede niks anders as 'n rookskerm waaragter die regering met sy beleid geskuil het nie. Nel het gesê dat die beleid wat die regering uitvoer het vyf-en-negentig persent die beleid van die Naturelleverteenwoordigers was en dat dit tyd was dat die volk daarvan kennis moes neem.⁵⁷

Tydens dieselfde debat het mnr. J.F.T. Naude, (H.N.P. Pietersburg), verklaar dat almal van mening was dat die tyd aangebreek het dat die hele kleurvraagstuk aangepak moes word en op nasionale grondslag moes geskied. Hy het die regering gevra waarom hulle nie 'n nasionale konvensie of kommissie saamstel nie wat ondersoek moes instel oor wat die beste beleid i.v.m. die swartes sal wees. Naude het gesê dat niemand geweet het wat die toekomsbeleid van die land sal wees nie. Die regering moes die aanbevelings van so 'n kommissie uitvoer sonder om die vraagstuk in die party-politiek in te sleep.⁵⁸

Mnr. J.S. Tighy, (V.P. Johannesburg), het mnr. Tom Naude gesteun en gesê dat die ou gedagte van geforseerde segregasie uit-

57. Die Transvaler, 45-03-07, p.5.

58. Die Burger, 45-03-07, p.1.

gedien was. Volgens hom sou baie meer verkry word deur vrywillige apartheid met parallelle ontwikkeling en aparte gebiede.⁵⁹

Die hele betoog van die Herenigde Nasionale Party het gewentel om die onbeheersde instroming van swartes na die stede. Dr. P.J. van Nierop, (H.N.P. Mosselbaai), het verwys na die instroming van swartes na stede wat smokkelhandel, misdaad, ens. verskerp het. Hy het dit as rede gebruik vir nuwe wetgewing t.o.v. swartes.⁶⁰

'n Week na bogenoemde debat het genl. Smuts in die Volksraad gesê dat hy ten gunste was van die handhawing van die blanke beskawing in Suid-Afrika. Hy het erken dat daar 'n knellende kleurvraagstuk was en hom ten gunste van 'n oplossing uitgespreek, tog het hy laat blyk dat hy meen alles vanself reg sou kom. Hy het nie spesifieke optrede in die vooruitsig gestel nie.⁶¹

Ten opsigte van swartes beskou Smuts dit as 'n groot probleem wat nie met aparte woonbuurtes opgelos kon word nie. Hy het gesê dat daar nege jaar gelede gemeen was dat die probleem opgelos kon word deur meer grond aan swartes af te staan. Hy het ook gesê dat Suid-Afrika al hoe meer 'n nywerheidsland geword het en dat daar 'n hele volksverhuising na die stede plaasgevind het. "As ons 'n nuwe Suid-Afrika wil hê, sal ons al ons hulpbronne moet inspan. Mense praat dikwels oor werksverskaffing, maar dit sal nie 'n geval wees van genoeg werk vir die mense nie,

59. Ibid.

60. Ibid.

61. Ibid., 45-03-15, p.3.

maar of ons genoeg mense sal hê om die werk te doen."⁶²

Hierop het genl. Kemp gesê dat daar dan nie genoeg werk was vir die toe huidige swartes in stede nie.⁶³

Met die voortsetting van die debat 'n week later het genl. Smuts gesê: "Ons probeem is om saam met die naturel te leef, op die beginsel van wedersydse hulp en apartheid."⁶⁴ Hierop het die Opposisie-liede hoor, hoor! laat hoor.

'n Paar maande na die oorlog het Hofmeyr hom ronduit uitgespreek teen segregasie as beginsel en ten gunste van stappe wat gelyke politieke regte vir almal sou beteken. Hy het gesê dat die kleurslagboom, wat betref die Parlementêre verteenwoordigers, verwyder moes word.⁶⁵ Adv. J.G. Strijdom het in die Volksraad gesê dat dit niks anders as gelykstelling beteken het nie en dat dit die eerste stap tot die selfmoord van die blanke gemeenskap van Suid-Afrika was.⁶⁴

Dr. A.J. Stals, (H.N.P. Ceres) het Hofmeyr se pleidooie vir gelykstelling as 'n groot gevaar vir die land gekenmerk. "Die gevaartekens flikker tewens onheilspellend solank veldmaarskalk Smuts met min. Hofmeyr in hierdie omstandighede bly saamwerk. Eersgenoemde sal die volk op ondubbelsinnige wyse moet oortuig dat hy dit met sy 'regterhand' nie eens is nie."⁶⁷

Die Herenigde Nasionale Party het die regering se Naturelle-beleid as 'n laat-maar-loop-beleid beskou en die H.N.P.-pers het miskien te subjektief geoordeel t.o.v. die swartvraagstuk. Soos reeds genoem het die Verenigde Party die segregasiebeginsel

62. Ibid.

63. Ibid.

64. Ibid., 45-03-23, p.3.

65. Die Transvaler, 46-03-29, p.1.

66. Ibid. Vgl. Voetnoot 54 i.v.m. Hofmeyr se ontkenning van beskuldigings.

67. Ibid., 46-03-30, p.1. Vgl. PV4, E.H.Louw-versameling, lêer 7

as onuitvoerbaar bestempel.

Marais Steyn verdedig hierdie onuitvoerbaarheid van segregasie. Volgens hom was die H.N.P.-standpunt dat Suid-Afrika verdeel moes word sodat algehele skeiding tussen blank en Nie-Blank die uiteindelijke doel sou moes wees. Ter verdediging verklaar hy dat daar nie genoeg grond beskikbaar was om die swartes in afsonderlike gebiede te huisves nie. Hy noem getalle waarin hy daarop wys dat daar in sommige Provinsies tot vier-maal meer grond aan swartes gegee moes word om so 'n stap te regverdig. "Waar moet ons al hierdie grond vandaan kry? Moet die plase van blanke boere in alle dele van Suid-Afrika onteien word? Of hoe?" was Steyn se woorde.⁶⁸

O.A. Oosthuizen vul Steyn aan deur te sê: "Sê nou maar die naturelle is bereid om 'apart' te bly, waar gaan die boere genoeg naturelle-arbeiders vandaan kry?"⁶⁹ Oosthuizen verklaar ook dat die segregasiebeginsel nie toegepas kon word op die miljoene stedelike en geïndustrialiseerde swartes nie. "Moet hulle na die naturelleserwes gestuur word, en gaan ons ons nywerhede sluit?" het hy gevra.⁷⁰

Ten opsigte van politieke regte aan swartes het Oosthuizen verklaar dat die Verenigde Party-beleid was om soos egte Christelike voogde teenoor die swartes op te tree, en om hulle alle moontlike geleenthede vir geestelike en ekonomiese ontwikkeling te bied. Hy beskou die aantyging dat politieke regte aan swartes op dieselfde grondslag as blankes gegee sal word as leuens.⁷¹

68. Steyn, Wat u behoort te weet, Ineg., P4.185, p.1.

69. P2.81, op.cit., p.5. Vgl. P4.185, op.cit., p.2.

70. Ibid.

71. Ibid., p.71.

Volgens Marais Steyn sou 'n algehele rewolusie nodig gewees het om apartheid toe te pas sodat die swartes op sy eie manier in sy eie gebied kon ontwikkel. Hy het verklaar dat so 'n rewolusie 'n ramp vir Suid-Afrika sou wees. "Die naturelle sal waarskynlik in hul eie gebiede ontwikkel op 'n manier wat gans en al vyandiggesind teenoor die blanke is. Dis dringend noodsaaklik dat ons die vertroue van die naturel moet wen, nie sy vyandiggesindheid nie."⁷²

Die Verenigde Party het wel segregasie vir sover dit verblyfplek in die stede betref gesteun. Andersins het hulle segregasie of apartheid slegs beskou as 'n politieke slenterslag van die Herenigde Nasionale Party.⁷³

1.2 DIE HERENIGDE NASIONALE PARTY AS VOORSTANDER VAN SEGREGASIE

1.2.1 Die Herenigde Nasionale Party se petisie van 1939

Reeds in 1938 het die Herenigde Nasionale Party 'n petisie opgestel en duisende handtekeninge gekry om sodoende die regering te wys dat 'n groot deel van blanke Suid-Afrika, deur wetgewing 'n doeltreffende kleurbeleid vir die land wou sien. Die petisie was direk daarop ingestel om die blanke beskawing in Suid-Afrika te beveilig.⁷⁴ Die petisie sou die regering vra om wetgewing in te dien teen gemengde huwelike, politieke en ekonomiese segregasie en aparte woongebiede vir blank en Nie-Blank.⁷⁵

Tydens die 1939-sitting van die Volksraad is die petisie

72. P4.185, op.cit., p.1.

73. P2.81, op.cit., p.5.

74. Die Transvaler, 39-01-06, p.1.

75. The Daily Mail, 39-01-25, p.13.

ingedien. Dit het as gevolg gelees: "Die Parlement word ver=soek om alle gemengde huwelike tussen blank en Nie-Blank te belet; alle bloedvermenging tussen blank en Nie-Blank strafbaar te maak; die deurmekaar woon van blank en Nie-Blank te beëin=dig en sowel ekonomiese as politieke segregasie tussen blankes en Nie-Blankes deur te voer."⁷⁶

'n Verenigde front van progressiewe blankes en gekleurde rasse het met die aanhoor van die petisie dadelik aan die werk gespring om 'n teenpetisie te organiseer. Blanke sprekers het Nie-Blankes toegesprek en selfs blankes was genader om die teen=petisie te onderteken. 'n Kantoor vir die teenpetisie is in Distrik Ses geopen en 'n veldtog van aksie en stryd, om vryheid en gelykheid in Suid-Afrika, is begin. Dertig verskillende or=ganisasies het hulle gewig ingegooi en die Herenigde Nasionale Party se petisie vir kleurskeiding, veroordeel. Die doel van die front was om die kleurslagboom te laat herroep en om veral aparte woonbuurtes in stede te beveg. Volgens die teenpetisio=narisse beroof die H.N.P.-petisie die Nie-Blanke van sy kultu=rele ontwikkeling - dit lei tot werkloosheid, rassevyandigheid en armoede.⁷⁷

Alhoewel die organisasie van die teenpetisie verdoesel was is dit ontmasker deur Engelssprekendes wat genader was om die teen=petisie te onderteken. Baie Engelssprekendes en Verenigde Party=lede het die H.N.P.-petisie gesteun uit die besef dat die kleur=vraagstuk geen partysaak was nie, maar 'n Volksaak.⁷⁸

76. Die Transvaler, 39-01-06, p.1.

77. Die Burger, 39-02-06, p.1.

78. Die Tranvaler, 39-01-27, p.1.

Nadat dr. Malan sy segregasiemosie op 30 Januarie 1940 aan die Volksraad voorgelê het, het hy gesê dat die petisie en die mosie om die veilig-maak en voortbestaan van die blanke beskawing in Suid-Afrika wentel.⁷⁹ Hy het gesê: "Ek wil graag hier byvoeg dat daardie ontwaking met betrekking tot die kleurprobleem nie alleen die Hollandssprekende bevolking van Suid-Afrika raak nie, maar dit ook net so van toepassing is op 'n groot, op 'n baie groot deel van Engelssprekendes in Suid-Afrika. Hier is verlede jaar deur my persoonlik ingedien geword in hierdie Huis 'n petisie waarin van hierdie Huis gevra word feitlik presies wat behels in die mosie wat ek vanmiddag hier ingedien het. Daar is in die hele geskiedenis van ons Parlement nog nooit so 'n groot petisie ingedien as hierdie petisie wat op die tafel gekom het nie. Dit is onderteken deur nie minder as 231,000 persone nie. Daardie petisie mag wel uitgegaan het van 'n bepaalde politieke kring, en omdat dit van 'n bepaalde politieke kring uitgegaan het in die eerste instansie, het dit ook sy nadeel gehad, omdat daar veel meer mense sou gewees het wat dit sou onderteken het, as dit nie die geval was nie. Ten spyte daarvan kan ek egter aan agbare lede die versekering gee dat daardie petisie onderteken geword is deur verteenwoordigers van alle partye en dat dit onderteken geword is nie alleen deur Afrikaanssprekendes dwarsdeur die land nie, maar dat dit ook in 'n groot mate onderteken is deur Engelssprekende burgers van die land."⁸⁰ Dr. Malan het verder gesê dat a.g.v. die feit dat soveel Engelssprekendes die petisie onder=

79. Hansard. Deel 37, 1940, kolom 596.

80. Ibid., kolom 596 - 597.

teken het daar 'n ontwaking gekom het i.v.m. die kleurvraagstuk en 'n begeerte ontstaan het om die probleem op te los. Hy het weer eens 'n beroep gedoen op algehele segregasie en gesê dat segregasie nie slegs op sekere vlakke deurgevoer kon word nie - skeiding op kerklike- en onderwysgebiede was suksesvol, maar as segregasie nie konsekwent uitgevoer word nie, is dit gedoem tot 'n mislukking.⁸¹

Dr. Malan het gesê dat die redes vir sy besieling drieërlei van aard was: 1) Sedert 1910 hink die Unie op twee gedagtes, nl. die Suide met sy politieke gelykstelling en die Noorde met sy politieke- en kleurdiskriminasie. 2) Toe die vraagstuk aangepak was is gedink slegs m.b.t. die Noorde. Daar was besef dat die hele aspek landswyd aangepak moes word en dat halwe werk nutteloos was. 3) Nog 'n rede was die Eeufees - toe was twee gedagtes op die voorgrond, nl. volksvryheid en die reg om die staatsvorm in ooreenstemming met die volkstradisies en aspirasies te bring asook die handhawing van die blanke beskawing.⁸²

Dr. Malan het ook verwys na die Kommunisme, wat gelykheid predik, wat indruis teen die tradisionele beleid van Suid-Afrika. Gesteun deur ds. S.W. Naude het dr. Malan die Raad gevra met inagneming van die petisie, om sy mosie gunstig te oorweeg.⁸³

Van die kant van die Naturelverteenwoordigers is dr. Malan skerp aangeval. Adv. Molteno het gesê dat dr. Malan se mosie 'n permanente minderheidsposisie vir die Nie-Blanke inhou. Mev. Ballinger het gesê dat sy nie kan agterkom in watter rigting dr.

81. Die Burger, 40-01-31, p.1. Vgl. Hansard. Deel 37, 1940, kolom 604.

82. Ibid., p.3.

83. Hansard. Deel 37, 1940, kolom 605.

Malan stuur nie. Sy het gesê dat dr. Malan geen praktiese stappe voorgestel het om sy mosie te regverdig nie. Sy weet ook nie of segregasie 'n waarborg vir blanke beveiliging inhou nie.⁸⁴

Na Adv. Molteno se aankondiging dat gemengde huwelike afge- neem het en dat dit geen bedreiging inhou nie, het dit volgens Die Burger, geblyk of die regering niks daadwerklik gaan doen om dit te bekamp nie - dus 'n direkte verwerping van een aspek van die H.N.P.-petisie. Die regering het die oorlog gebruik as dekmantel vir sy "sondes": "Die oorlog verhinder ons om 'n saak soos 'n verbod op gemengde huwelik aan te pak", aldus Die Burger.⁸⁵

Vir die res van die oorlogsjare sou die Herenigde Nasionale Party telkens tydens Volksraadsittings poog om segregasie op alle vlakke van die lewe toegepas te kry. Die regering met sy laat-maar-loop-beleid sou dan ook altyd 'n "rede" vind waarom segregasie nie toegepas kon word nie.

1.2.2 Die Nasionale Party en segregasie gedurende die Tweede Wêreldoorlog

Tydens die tweede Uniale Kongres van die Nasionale Party te Bloemfontein op die 8ste November 1938 het dr. Malan gesê: "Hierdie kongres beskou die oorheersende posisie van die blanke ras in die gees van voogdskap as lewensbelangrik vir die toekoms en heil van Suid-Afrika. Hy verklaar daarom dat dit die ernstige en doelbewuste strewe van daardie ras moet wees om sy eie rasse-suiwerheid te bewaar, om die daarstelling van 'n gesonde

84. Ibid., kolom 608 - 619.

85. Die Burger, 40-01-31, p.1.

verhouding tussen hom en die Nie-Blanke rasse te verseker en om ook met die oog daarop, sy eie ekonomiese ondergang te voorkom."⁸⁶

Dr. Malan het vier punte genoem waarom die Herenigde Nasionale Party rasseskeiding voorstaan. "a) Nie-Blankes verteenwoordig groot getalle. Die H.N.P. is nie bang vir oorweldiging deur geweld nie, maar bepaald die sielkundige en maatskaplike en later ook die politieke invloede wat sal voorkom en noodwendig moet uitgaan van enige bevolkingsmeerderheid. b) Die blanke stryd word al hoe swaarder, swaarder as in die jare van Piet Reitef. Die Nie-Blanke raak beskaafd en opgevoed wat die stryd van die blanke Afrikaner bemoeilik. c) 'n Derde struikelblok in die behoud van die Afrikaner was die toenemende instroming van Kommunisme en Liberalisme. Met hulle ekonomiese en politieke gelykheid sny hulle diep in die blanke volksbestaan van die Afrikaner. d) Vierdens het dr. Malan gesê dat die trek van swartes na stede een van die mees bekende en mees onverbiddelike verskynsels van Suid-Afrika was. Volgens dr. Malan kompeteer die blanke en Nie-Blanke op dieselfde arbeidsmark en word die blanke die prooi van die werkgewer wat hom uitbuit d.m.v. lone. Die blanke beland in die agterbuurtes omdat hy met lone van die Nie-Blanke moet kompeteer en die gevolg is vermenging van bloed.⁸⁷ Dr. Malan het gesê: "Daar het u nou voor u die stroom waarvan ek gepraat het in al sy mag. Dis sterk teen ons. En ek herhaal weer: As ons as blanke ras nie na die afgrond meegesleur sal word nie, dan moet ons bereid wees om met die volste kraginspanning stroom=

86. Dr. D.F. Malan, Die Groot Beslissing. Die Afrikanerdom en die Kleurvraagstuk, Federale Raad van die N.P., Johannesburg, 1938, p.5.

87. Ibid., pp. 7 - 8.

op te swem."⁸⁸

Die probleem van die verstedeliking van die swartes was nie 'n probleem wat met die begin van die oorlog gebore was nie - reeds jare voor die oorlog het die probleem afmetings aangeneem wat bykans onoplosbaar voorgekom het. Die uitbreek van die oorlog het die probleem vererger en die Nasionaliste moes dus hul betoog daarteen daarby aanpas. Soos reeds vermeld het die Nasionale-petisie aan die einde van 1938 die lig gesien. Die teenpetisie het nie wye steun van blanke kant verkry nie en selfs Nie-Blankes, bv. die Maleiers, het skeiding van rasse voorgestaan. Ondersteuners van ander partye het selfs besef dat segregasie nie 'n partyesaak was nie, maar 'n volksaak en dat hulle dit aan die nageslag verskuldig was om na die beste van hulle vermoë steun te verleen aan 'n poging wat die beveiliging van die blanke beskawing beoog.⁸⁹

In 1939 het die regering in 'n mate hulle plig besef, maar moes dié plig so uitvoer om nog steeds die kleurlingstem te trek en dit as propaganda teen die Herenigde Nasionale Party te gebruik. Steeds sou daar geen ekonomiese- en industriële segregasie wees nie. In woonbuurtes sou blankes beskerm word teen Nie-Blanke indringing slegs as 'n driekwart van die grondbesitters in die woonbuurt daarvoor vra.⁹⁰ Aan die anderkant het dr. Malan dit as sy plig beskou om die Suid-Afrikaanse blanke te bevry van die politieke knoeiwerk van die Smeltersregering. Volgens dr. Malan sou die kleurvraagstuk nie op dié wyse opgelos word nie en die nasionaliste kon nie stilsit nie.⁹¹

88. Ibid., p.12.

89. Die Burger, 39-01-26, p.1.

90. Ibid., 39-03-07, p.1.

91. Ibid.

As gevolg van die volgehoue druk van die kant van die Nasionale Party het die regering, en selfs min. R. Stuttaford aan segregasie begin dink - alhoewel nie in dieselfde sin as wat dr. Malan dit gesien het nie. Dr. Malan het herhaaldelik beklemtoon dat die Nasionale Party, as nie-regerende party, meer vir die volk beteken t.o.v. die kleurvraagstuk as die regering self. Hy het gesê dat die N.P. se druk op die regering soms as toevlugsoord gebruik word deur die regering om homself te red, telkens het die regering die vraagstuk nie as dringend noodsaaklik beskou nie. "In sulke gevalle kan ons verwag dat hy (die regering) nie sover sal gaan as wat die behoefte van die blanke ras vereis nie, maar sover as die eie ondersteuners en die Nie-Blankes hom sal toelaat."⁹² Dit was hierteen wat dr. Malan geprotesteer het - vir die regering was partybelang groter as volksbelang.

Tydens die 1939-Volksraadsitting het dr. Malan die Eerste Minister, genl. Hertzog, gevra om inligting te verskaf t.o.v. sy siening van segregasie. Hertzog het gesê dat die Minister van Binnelandse Sake 'n verklaring sou uitvaardig i.s. die regering se siening daarvan, maar dat die Volksraad gedurende die sitting nie aandag daaraan sou gee nie.⁹³

Skaars 'n week nadat genl. Hertzog gesê het dat geen aandag aan die vraagstuk sou afgestaan word tydens daardie sitting nie, het die Nasionale Party se segregasiebeleid tog vrugte afgewerp ten gunste van aparte woonbuurtes. Die N.P.

92. Die Burger, 39-03-20, p.1.

93. The Daily Mail, 39-05-02, p.1.

die meerderheid Verenigde Partylede, die Arbeiders en die Dominioniete was almal vuur en vlam vir woonbuurtskeiding, dog was die regering steeds bereid om te wag. Sekere tydelike wetgewing is ingedien t.o.v. woonbuurtskeiding. Die anti-segregasiefront het die Nasionale Party die "lof" gegee dat hulle die regering sover gekry het om tydelike wetsontwerpe in te dien en het beweer dat volkome segregasie seker die einde van die N.P. se arbeid sou wees.⁹⁴

In September 1939 is daar oorlog tussen Engeland en Duitsland verklaar en die Koalisie-kabinet het uitmekaar gespat.⁹⁵ Genl. Smuts het die leisels by genl. Hertzog oorgeneem. Die res van die oorlogsjare sou gekenmerk word deur 'n ietwat libera= listiese siening t.o.v. segregasie. Smuts het sy aandag aan die oorlog gewy en het nie veel aandag aan binnelandse knelpunte gegee nie. Sy adjunk-Eerste Minister, J.H. Hofmeyr, was ook een van die grootste liberaliste van die tyd.

In 1941, tydens mnr. Madeley se aankondiging van die fabrieks= wetsontwerp⁹⁶ waar die segregasie-artikel, aldus die Herenigde Nasionale Party, uitgelaat was, het die nasionaliste weer eens hulle wapenrusting aangetrek om die regering te beveg. Met die bespreking van die fabriekswet het genl. Smuts die valbyl= beginsel toegepas en nie genoegsame tyd afgestaan vir nasionale= sprekers nie.⁹⁷

'n Week later, op die 20ste Maart 1941, het dr. Malan vir genl. Smuts geroskam omdat hy die bespreking van die fabriekswet so onder die valbyl laat deurloop het. Genl. Smuts het gesê dat

94. Die Burger, 39-05-09, p.1.

95. D.F. Malan, Afrikaner Volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen, Kaapstad, 1959, pp. 174 - 176.

96. Vgl. Voetnote 27 - 31.

97. Die Transvaler, 41-03-11, p.5.

hy spyt daaroor was, maar dat die regering geen ander keuse gehad het nie. Dr. Malan het geantwoord dat hy ook spyt was, maar om gans ander redes, en wel omdat die valbylbegin= sel aangeneem was as 'n buitengewone maatreël om te voorsien in buitengewone omstandighede. Volgens dr. Malan het dit voorgekom of dit ook in gewone omstandighede gebruik gaan word. Die Naturelleveteenwoordigers het ook beswaar gemaak, maar dit was tevergeefs.⁹⁸

Mnr. Madeley is tydens die debat op 20 Maart weer deur die nasionaliste veroordeel omdat hy die segregasie-artikel wegge= laat het. Nasionale-sprekers het daarop gewys dat Madeley die segregasiebeleid van die H.N.P. verkeerd interpreteer. Die H. N.P. wil nie die swartes en gekleurdes hulle werksgeleentheid ontnem nie, maar wil alle aanraking tussen blank en Nie-Blank verhoed. Die nasionaliste wou sien dat die blanke baas bly, nie baas in die sin van onderdrukking van ander nie, maar baas om die blanke beskawing te handhaaf.⁹⁹

Die jaar 1942 word veral gekenmerk deur die Regering, asook die Naturelleveteenwoordigers, se uitlatings dat segregasie 'n uitgediende beleid was. Die Herenigde Nasionale Party het Smuts se woorde, dat segregasie 'n "unreal native policy" was, as 'n uitdaging beskou.¹⁰⁰ Die H.N.P. sou dan ook die volgende jaar, 1943, die onruswekkende verskynsel i.v.m. die regering se kleurbeleid gebruik as propaganda teen die Verenigde Party.

98. Ibid., 41-03-21, p.5.

99. Ibid.

100. The Daily Mail, 42-01-23, p.5.

Met die algemene verkiesing op 7 Julie 1943 het die Verenigde Party wel 'n groot meerderheid behaal, maar die uitslag het getoon dat die Herenigde Nasionale Party aangewys was as die enigste alternatiewe regering van Suid-Afrika. Die nasionaliste het met hul nederlaag nie die stryd gewonne gegee nie en voortgebou op sy segregasiebeleid as enigste oplossing vir die rassevraagstuk.

Dié beleid is weer eens deur die Nasionale Pers aan die land verkondig: Eerstens het die H.N.P. geglo dat die swartes en die kleurling apart van mekaar, maar ook apart van die witman onder leiding van die blankes moes ontwikkel. Tweedens moes die Nie-Blanke in sy apartheid in staat gestel word om sy eie rassetrots te ontwikkel in sy eie woonbuurtes en werksomgewings, sodat die meer gegoedes onder hulle nie verdere pogings sou aanwend om in die witman se geledere opgeneem te word nie, omdat hulle nie in die benarde toestande van hul minder gegoedes wil beland nie. Derdens moes die kleurling, net soos die swartes, nie ingeroep word in die stryd tussen die blanke bevolkingsgroepe nie. Volgens die H.N.P. veroorsaak dit rassetwis en wrywing.¹⁰¹

Vroeg in 1944 is 'n reëlingskomitee vir 'n Volkskongres oor Rasse-segregasie saamgestel. In September is die kongres gehou en referate is deur hoog aangeskrewe nasionaliste gelewer. Die verskillende referate het die segregasiebeleid van die vroegste dae af uiteengesit. Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (F.A.K.) het met die poging opnuut die Herenigde Nasionale Party se beleid op die harte van die Afrikaner gedruk.¹⁰²

101. Die Kruithoring, 43-10-27, p.2.

102. Vgl. Bylaag A.

Gedurende ongeveer die middel van die oorlogsjare het die woord segregasie begin verdwyn en die Herenigde Nasionale Party het in die plek daarvan gepraat van Apartheid. Anders as segregasie, wat skeiding maak tussen blank en Nie-Blank, beteken Apartheid skeiding tussen verskillende rasse.

Dr. Malan het in Maart 1944 te Paarl gesê dat Suid-Afrika 'n moeilike tyd beleef om die witman in Suid-Afrika te hou. Hy het gesê dat blank en Nie-Blank in Suid-Afrika kan saamleef en dat daar plek vir albei was, maar alleenlik op die basis van Apartheid.¹⁰³

Op Porterville het dr. Malan in April 1944 gesê dat die oorlogsbeleid van die regering die kleurvraagstuk daagliks onheilspellender maak. Hy het gesê dat die oplossing in die beginsel van apartheid lê, met nadruk daarop dat geen onderdrukking van die Nie-Blanke beoog word nie. "Word wakker! Dit is tyd om wakker te word - ons gly die berg af", het dr. Malan gesê.¹⁰⁴ Hy het die volgende vrae gestel: Sal die witman sy posisie in Suid-Afrika in die toekoms kan handhaaf? Sal ons 'n blanke nasie bly? Wat is die toekoms van Suid-Afrika op hierdie gebied? Wat is die toekoms van die blanke ras en die blanke beskawing?

Dr. Malan het voorts gesê dat die blanke en die Nie-Blanke nie uit Suid-Afrika verjaag kon word nie en gevra wat gedoen moet word om albei in vrede te kan laat lewe? Volgens dr. Malan was daar twee standpunte, nl. maak die Nie-Blanke los van sy eie gemeenskap, sy taal, sedes en gewoontes. Maak van hom 'n Europeaan.

103. The Daily Mail, 44-03-20, p.3.

104. Die Burger, 44-04-17, p.1.

Hoe eerder hy die blanke beskawing aanvaar hoe beter. Gee hom dan oral volkome gelykstelling met die blanke. Wis die kleurgrens uit. Die ander standpunt is die van segregasie, van apartheid waardeur die swartes en blankes apart gehou word, elkeen op sy eie terrein. Laat die swartes op sy eie gebied ontwikkel. Laat daar geen vermenging wees nie. Hou die ras suiwer. Handhaaf die kleurgrens en laat die swartes en die blanke apart na hul aard ontwikkel. Dr. Malan het gesê dat dit die beleid van die Voortrekkers was.¹⁰⁵

Dr. Malan het verwys na Amerika wat gelykheid voorstaan en gesê dat na 100 jaar van proefneming die witman in Amerika steeds wit wou bly. In die suidelike state waar die Neger in die meerderheid was, is geweld gebruik om hulle van die stembus weg te hou.¹⁰⁶

'n Maand later het dr. Malan 'n duidelike uiteensetting van die positiewe standpunte van die Herenigde Nasionale Party t.o.v. kleurverhoudinge in die Volksraad gegee. Hy het die behoefte aan 'n beleid, wat die Nie-Blanke nie alleen beskerming, maar ook vooruitsigte sal gee, beklemtoon. Hy het gesê dat dit alleenlik bereik kon word deur Apartheid. Volgens dr. Malan was apartheid nie alleen nodig nie. Die Nie-Blanke moes gehelp word om homself op grondslag van wat sy eie was, op te hef en in sy eie kring die aspirasies te verwesenlik wat hom in die blanke gemeenskap ontsê word.¹⁰⁷

In Junie 1944 het Mnr. M.C. de Wet Nel, (N.P. Wonderboom),

105. Ibid. Vgl. Die Kruithoring, 44-04-26, p.5.

106. Ibid.

107. Die Transvaler, 44-05-08, p.1.

tydens die behandeling van die pos, Naturellesake, in die Volksraad gesê dat die rigting van gelykstelling tussen rasse slegs verbastering kan meebring. Volgens Nel het die kapitaliste en die handel net een doel voor oë, nl. om 'n mark te vind vir oorsese fabrieksware. Hierdie doel kan bereik word as die swartes met die blanke trou - sodoende sal die swarte ook lewensmiddele van die blanke nodig hê. Hy het gesê dat dié rigting van kleurvermenging gesteun word deur oorsese politieke belange en die liberalistiese element wat nie die minste bekommerd was oor wat van die Suid-Afrikaanse bevolking word nie. Hy het voorts gesê dat die kommuniste en die Joodse gemeenskap hulle kragte inspan om sleutelposisies te kry om die beleid van gelykstelling en verbastering aan te moedig. Hy het die Joodse gemeenskap gewaarsku om hul hande van die rassevraagstuk af te hou in Suid-Afrika en die Nie-Blanke gewaarsku dat die hande wat die Jode om hulle slaan, nie die van liefde was nie.¹⁰⁸

Tydens 'n H.N.P.-vergadering te Velddrif het dr. Malan in Augustus 1944 gesê dat daar in Suid-Afrika 'n groot mate van eenstemmigheid t.o.v. die kleurvraagstuk bestaan. Hy het die oorlog as sondebok uitgesonder en dat dit die vraagstuk 'n ernstige gevaar vir die blanke gemaak het. Dr. Malan het 'n beroep op die Ossewabrandwag en die Verenigde Party gemaak om saam te staan, aangesien daar saamgestem word dat Suid-Afrika 'n witmansland moet bly. Hy het daarop gewys dat sommige Verenigde Partylede agteraf erken dat die Herenigde Nasionale Party-beleid al uitweg was.¹⁰⁹

108. Die Burger, 44-06-05, p.3.

109. Ibid., 44-08-28, p.1.

Dr. Eric Louw het tydens 'n H.N.P.-vergadering in die Johannesburgse stadsaal op 2 Oktober 1944 gesê: "Die kleurvraagstuk is ongetwyfeld Suid-Afrika se grootste probleem. Indien hy nie behoorlik aangepak word nie, dan is die voortbestaan van die blanke beskawing op die spel. Intussen word die blanke arbeider bedreig met Nie-Blanke kompetisie. 'n Poging is deur genl. Hertzog gemaak om 'n segregasiebeleid toe te pas. A.g.v. die druk van Britse liberaliste is die beleid nie ten volle toegepas nie, en sedertdien, onder die bewind van die 'Handyman of the Empire', het die posisie aansienlik versleg, en dit word steeds erger. In 'n vrye Republiek sal Britse invloed en druk uitgeskakel word, en ons sal 'n beleid kan toepas wat die toekoms van die blanke ras sal beveilig. Dit is die persoonlike belang van die blanke kieser en van sy kinders dat 'n Republiek so gou moontlik tot stand gebring word, sodat die kleurvraagstuk behoorlik, en sonder hindernis van buite, kan aangepak word."¹¹⁰

Teen die einde van die oorlog het die verstedeliking van die swartes nog steeds toegeneem en die kleurvraagstuk steeds vererger. Dr. Malan het tydens die 1945-sitting van die Volksraad beklemtoon dat die regering, met die oplossing van die vraagstuk, die kreeftegang gegaan het. Hy het gesê dat vanweë die laat-maarloop-beleid van die regering, gedurende die oorlog, die probleem in groter hoeveelhede opgehoop het en ploffare stof geword het. Volgens dr. Malan was Suid-Afrika in die weegskaal, "Suid-Afrika het vandag nog 'n kans en ons vrees dis die laaste kans!"¹¹¹ Hy het gevra wat die toekoms van die blanke ras in Suid-Afrika sal

110. P.V.4, E.H. Louw-versameling, lêer 32.

111. Die Burger, 45-03-13, p.1.

wees en 'n antwoord van die regering geëis aangesien hulle die teuels in die hande gehad het. Weer eens het dr. Malan 'n beroep op die regering gedoen om die vraagstuk bo die party en partybelange te verhef en aan die toekoms van Suid-Afrika te dink. Mnr. H.J. Bekker, (V.P. Witbank), het dr. Malan gesteun en gesê dat die tyd aangebreek het dat daar saamgestaan moes word t.o.v. die vraagstuk.¹¹²

Alhoewel sekere Verenigde Partylede in die Volksraad dr. Malan gesteun het, verklaar The Friend die volgende dag dat Malan se wanhoopskrete siek was, aangesien sy eie benadering van die kleurprobleem veel te wenseoorgelaat het. Die koerant verklaar dat die vraagstuk meer as net 'n man soos dr. Malan geverg het, en dat hy almal in Suid-Afrika net "hoendervleis" gee.¹¹³

'n Week later het die kwessie van Apartheid in Universiteite in die Volksraad te berde gekom. Die Herenigde Nasionale Party het daarop gewys dat in sekere Universiteite, bv. Witwatersrand, geen beginsel van Apartheid gehandhaaf word nie.¹¹⁴ A.g.v. die deurmekaar boerdery van blank en Nie-Blank het die H.N.P., as oplossing, aparte inrigtings bepleit. Adv. J.H. Conradie, (H.N.P. Gordonias), het die opposisie se standpunt gestel en gesê dat die Herenigde Nasionale Party nie teen hoër onderwys vir die swartes was nie - "ons aanvaar ons voogdyskap".¹¹⁵ Hy het verwys na swart studente in Kaapstad wat absolute sosiale gelykheid met die blanke studente geëis het.

Min. J.H. Hofmeyr het gesê dat die kwessie van aparte univer=

112. Die Transvaler, 45-03-13, p.1.

113. The Friend, 45-03-14, knipsel.

114. Die Transvaler, 45-04-17, p.5.

115. Ibid., 45-04-18, p.5.

siteite praktiese moeilikhede verskaf het. Ten eerste, aldus Hofmeyr, kon geen student op grond van ras 'n universiteit geweier word nie. Tweedens was daar nie alternatiewe fasiliteite vir die Nie-Blankes nie. Mnr. de Wet Nel het daarop geantwoord dat dit opvallend was dat die regering altyd magteloos gestaan het wanneer die beginsel van Apartheid aangeraak was. Hy het gesê dat die regering altyd skuil agter die rookskerm van praktiese moeilikhede en dat dit nie aanneemlik was nie. Volgens De Wet Nel moes die Universiteitsprobleem opgelos word al sou dit die regering miljoene rande kos om inrigtings vir swartes op te rig.¹¹⁶

Met die voortsetting van die debat oor Naturellesake in Mei 1945, het die Herenigde Nasionale Party weer eens hulle besorgdheid uitgespreek teenoor die manier waarop die beleid in die Unie toegepas was. Die Minister van Naturellesake, P. van der Bÿl, het na die beste van sy vermoë gerusstelling probeer gee.¹¹⁷

Mnr. M.C. de Wet Nel het gesê dat die vernaamste eienskappe van die beleid van die minister, die van radeloosheid, magteloosheid en willoosheid was. Hy het gesê dat die toekoms van Suid-Afrika gelaat word in 'n gebrekkige beleid.¹¹⁸ Volgens De Wet Nel het minister Van der Bÿl segregasie verkondig, maar nooit tot daad oorgegaan nie. In geen geval het Van der Bÿl teen agitators en kommunistiese groepe onder swartes, veral in stede, opgetree nie. De Wet Nel het verder gesê dat daar sekere faktore was wat segregasie ondermyn het, nl. die Nie-Blankes wat

116. Ibid.

117. Die Burger, 45-05-29, p.3.

118. Hansard. Deel 54, 1945, kolom 8432.

in die leër opgeneem was, dit het die swartes geheel ontwrig. Tweedens het die beleid van die regering om pensioene aan swartes te gee sy natuurlike lewe ontwrig. Derdens het die swartes se leerplanne op skole ingedruis teen segregasie.¹¹⁹

Kort voor die einde van die oorlog het dr. E.G. Jansen op Dundee die regering se kleurbeleid veroordeel en gesê: "Wat ookal u beskouing oor politieke sake mag wees en aan watter party of beweging u ookal mag behoort, moet u almal erken dat die huidige Regering geen bewys daarvan gelewer het dat hy in staat of gewillig is om 'n doeltreffende oplossing van verskeie ernstige vraagstukke in ons land te vind nie."¹²⁰ Dr. Jansen het gesê dat genl. Smuts in die Volksraad gesê het dat dit die Verenigde Party se beleid was om die suiwerheid van die blanke ras te bewaar en die oppergesag te handhaaf maar dat die regering niks gedoen het om daardie beleid te beskerm en te handhaaf nie "en hy sal niks doen nie".¹²¹ Dr. Jansen het verder gesê dat deur die gebrek aan doeltreffende optrede het die regering tydens die oorlogsjare toegelaat dat die gesag van die blanke deur die kommunistiese agitators op onrusbarende wyse ondermyn word.¹²²

Met die oorlog in 1946 agter die rug het die regering steeds passief gebly t.o.v. die oplossing van die kleurbeleid in Suid-Afrika. Die Herenigde Nasionale Party het sy betoog steeds voortgesit en gehoop dat die regering sy aandag toe meer binne-lands sou rig om vraagstukke van landsbelang doeltreffend op te los. Dr. Malan het dan ook tydens die wantrouedebat in 1946 'n sterk aanval op die regering gemaak t.o.v. sy kleurbeleid en

119. Ibid., kolom 8435.

120. Die Transvaler, 45-06-27, p.5. Vgl. PV94, E.G. Jansen-versameling, lêer 53.

121. Ibid.

122. Ibid.

gesê dat dié vraagstuk opgelos moes word. Hy het twee faktore uitgewys wat die vertraging teweeggebring het, naamlik die oorlog en die groei van kommunisme.¹²³

1.2.3 Die Herenigde Nasionale Party se Kleurvraagstuk-kommissie

Die kleurvraagstuk in Suid-Afrika het so sterk op die harte van die Nasionaliste gedruk dat in die bestek van twee jaar na die Volkskongres oor Rasse-segregasie in 1944, twee H.N.P.-kommissies aangestel was om die saak te ondersoek en verslag te lewer.

Die eerste kommissie is deur dr. Malan saamgestel in opdrag van die Herenigde Nasionale Party-kongres van 1945. Die opdrag van die kommissie was om die posisie van die kleurling-gemeenskap in Kaapland te ondersoek. Die lede was: Mnr. P.O. Sauer (Voorsitter), mev. Z. Steyn van Kaapstad, Eerwaarde J.M.N. Breedt, Moderator van die Sendingkerk van Kaapland, mnr. P. Hugo, oud-L.V. van Paarl, adv. F.C. Erasmus, L.V. en mnr. Ben Schoeman, van die Wesley Opleidingskollege Kaapstad. Mnr. P.W. Botha en adv. Erasmus het die sekretariële werk behartig.¹²⁴

Die tweede kommissie het al die verskillende Nie-Blanke bevolkingsgroepe, landswyd ondersoek.

In 'n brief aan dr. E.G. Jansen 'n paar maande na die oorlog, stel dr. Malan voor dat 'n kommissie van sewe lede uit H.N.P.-geledere, saamgestel moes word om die Kleurvraagstuk in Suid-Afrika te ondersoek. Dr. Malan het dan ook voorgestel dat P. Sauer as voorsitter moes optree.¹²⁵

123. A. Paton, Hofmeyr, p.323.

124. PV 34, M.P.A. Malan-versameling, lêer 17. Verslag van die kommissie aangestel deur die H.N.P. van Kaapland insake beleid van die Nasionale Party teenoor die Kleurlinge.

125. PV 94, E.G. Jansen-versameling, lêer 188. Brief: Dr. D.F. Malan aan dr. E.G. Jansen. (Die kommissie het toe slegs uit vyf lede bestaan.)

In 'n brief aan dr. Jansen het M.C. de Wet Nel die opdrag van die kommissie, soos deur dr. Malan opgestel, uiteengesit: "Om op die grondslag van Apartheid 'n omvattende beleid vir die Nasionale Party uit te werk ten opsigte van die Kleurvraagstuk in die algemeen, en meer besonderlik t.o.v. die naturelle, kleurlinge en Asiatiese bevolkingsgroepe afsonderlik, sowel as hul verhouding tot die blanke ras en in hul verhoudinge onderling met mekaar. Sodanige beleid moet die toepassing van die apartheidsbeginsel beoog op politieke, industriële en residensiële gebied, moet prakties uitvoerbaar wees, en moet ten opsigte van die belange beide van blankes en Nie-Blankes positief en opbouend, sowel as negatief en skeidend van aard wees. Dit is tewens 'n opdrag aan die Kommissie om ernstige oorweging te skenk aan die rapport van die Kaaplandse H.N.P.-kommissie insake 'n kleurlingbeleid vir die Party, soos dit in 1945 deur die Kaaplandse H.N.P.-kongres by De Aar eenparig goedgekeur is, met die oog op die inskakeling daarvan, sover as moontlik is, by die Party se algemene kleurbeleid."¹²⁶

Volgens dr. Malan was die vernaamste taak van die kommissie om 'n positiewe kant van die H.N.P.-beleid daar te stel teenoor die Smuts-Hofmeyr-beleid en die kommunistiese rigting.¹²⁷

Die lede van die kommissie was Mnr. P.O. Sauer, (Voorsitter), Prof. dr. G.B.A. Gerdener, dr. E.G. Jansen, J.J. Serfontein en D.C. de Wet Nel (Sekretaris).¹²⁸

Aangesien die verslag van die kommissie die swartes, kleurlinge en Asiate betrek en omdat die swartes buite die stede ook bespreek

126. Ibid., lêer 188. Brief: M.D.C. de Wet Nel aan dr. E.G. Jansen.

127. Brief: Dr. D.F. Malan aan dr. E.G. Jansen, op.cit.

128. PV 34, M.P.A. Malan-versameling, lêer 17. Verslag van die Kleurvraagstuk-Kommissie van die Herenigde Nasionale Party.

is, rig ons ons slegs tot die verslag m.b.t. die stedelike swartes. Die hele verslag verskyn in Bylaag B.

1.2.3.1 Beleid t.o.v. die stedelike swartes

Die verslag vermeld dat die party met besorgheid kennis neem het van die geweldige en ongebalanseerde toename van swartes in die Suid-Afrikaanse stede met die gepaardgaande ewels en probleme. Die Herenigde Nasionale Party wou die blanke karakter van die stede bewaar en op 'n doeltreffende wyse sorg vir die veiligheid van persone en eiendom.¹²⁹

Die beleid van die party was dat alle swartes in aparte, en uitsluitlik swart, woonbuurtes geplaas word. Samedromming van swartes in stedelike gebiede sou nie toegelaat word nie.¹³⁰

Sowel stam en ontstamde swartes sou geregistreer moes word en die toename van ontstamde swartes in stede moes bevries word. Aan die swartes sou voorkeur aan arbeid en regte gegee word in die stede solank hulle daar was en totdat die ideaal van algehele apartheid bereik was.¹³¹

Die swartes in die stedelike blanke gebiede moes as 'n "besoeker" beskou word, wat sy dienste aan die blanke verkoop tot voordeel van beide rasse.¹³²

Volgens die verslag sou 'n plan ontwerp word om die ontstamde swartes in stede te verminder. Gedurende dié swartes se tydelike verblyf in die stede moes aparte woongebiede vir hulle daar gestel word waar hulle, onder leiding van die betrokke stadsrade, hul eie maatskaplike en welsynsdienste kon hê en hul eie rade kon

129. Vgl. Bylaag B.

130. Ibid.

131. Ibid.

132. Ibid.

kies. A.g.v. hul tydelike verblyf sou hulle nooit aanspraak kon maak op enige politieke regte nie en sou nooit vaste eien-
dom in die stede kon besit nie.¹³³

Die stedelike beleid sou wees om die stamverband te herstel en die swartes weer aan sy volkseie vas te anker aangesien die verstedeliking van swartes in stryd was met die beleid van Apartheid en nooit 'n integrerende deel van die stedelike bevolking kon vorm nie. Verstedeliking sou beperk word en die voordele van hulle nasionale tuiste sou beklemtoon word.¹³⁴

Swartes wat die stedelike wette verontagsaam, en in stryd daarmee kom, sou onverwyld verwyder word. Plaaslike besture sou dié funksie moes vervul, en indien nie, sou die staat die nodige stappe doen.¹³⁵

Swartes van buite die Unie se grense sou streng gekontroleer word en as tydelike arbeiders beskou word. Na voltooiing van hul dienstydpark sou hulle gerepatrieër word.¹³⁶

Die Herenigde Nasionale Party het die desentralisasie van nywerhede beoog met die doel om die grootskaalse saamdromming van swartes te voorkom en die beginsel van Apartheid te bevorder.¹³⁷

Apartheid sou, sover prakties, in alle nywerhede toegepas word en die blankes sou nie op gelyke voet met die swartes saamwerk nie. Die belange in werksgeleenthede van die blanke sou beskerm en beveilig word. Daar sou ook gemik word na die ideaal om swartes geleidelik uit te skakel van nywerhede in blanke gebiede.¹³⁸

-
133. Ibid.
 134. Ibid.
 135. Ibid.
 136. Ibid.
 137. Ibid.
 138. Ibid.

Die Herenigde Nasionale Party het dit as sy plig beskou om blankes te beskerm teen indringing van swartes in die blanke arbeidsveld en verklaar dat elke seksie van die bevolking geregtig was op beskerming teen die onbillike ekonomiese konkurrensie van enige ander seksie.¹³⁹

Die Herenigde Nasionale Party het hom sterk uitgespreek teen die organisasie van swartes in vakbonde, maar dit as sy plig beskou om, as voog, 'n stelsel in die lewe te roep wat die swartes se belange op doeltreffende wyse sou kon behartig.¹⁴⁰

Die verslag het ook die Nasionale Party se beleid m.b.t. Swart Arbeid; Onderwys; Maatskaplike en Welsynsdienste en die verteenwoordiging van swartes in die Unie se wetgewende liggame, verklaar.¹⁴¹

Gedurende die ondersoekperiode van die Kleurvraagstuk-Kommissie van die Herenigde Nasionale Party, het die regering die Naturellewette-Kommissie, bekend as die Fagan-kommissie, aangestel. Die H.N.P. het dan ook nie op hom laat wag nie en 'n reeks voorstelle aan die Fagan-kommissie voorgelê.

Mnr. Dirk Mostert het in 'n inligtingstuk die Nasionale Party se siening van die wette uiteengesit en voorstelle gemaak wat gegrond was op die H.N.P.-beleid.¹⁴²

1.3 Die Kommunistiese Party en segregasie tydens die Tweede Wêreldoorlog

As gevolg van die bondgenootskap tussen die Unie van Suid-Afrika en Sowjet Rusland gedurende die Tweede Wêreldoorlog, het die Kom=

139. Ibid.

140. Ibid.

141. Ibid.

142. PV 16, D. Mostert-versameling, lêer 40. Vgl. PV 94, E.G. Jansen-versameling lêer 188. T.o.v. die Naturellewette-Kommissie, vgl. H. Suzman, Samevatting van die Fanganverslag.

munistiese Party van Suid-Afrika die kans aangegryp om hul leerstellings in 'n groter mate te propageer. Hierdie verderflike propaganda was veral op die swarte en gekleurde bevolking toegespits.¹⁴³

Een van die party se doelstellings was die algehele uitwissing van alle rasse- en kleurskeidslyne. Dus 'n direkte teenkanting van rasse-segregasie. Volgens die kommuniste moes dit geld op politieke, ekonomiese en maatskaplike gebied.¹⁴⁴

Alhoewel propaganda voor die Tweede Wêreldoorlog ondergronds geskied het, was dit veral vanaf Junie 1941, toe Sowjet Rusland 'n bondgenoot van Engeland, en dus ook van Suid-Afrika, geword het, dat die propaganda toegeneem het. Vergaderings is openlik in al die groot stede gehou en talle nuwe takke van die Kommunistiese Party is gestig.¹⁴⁵

Pamflette was gebruik om die vergaderings aan te kondig. In die pamflette en tydens vergaderings was die allerskerpste taal gebesig, nie alleen teen die owerheid en die polisie nie, maar veral teen Afrikaners en alles wat Afrikaans was. Daar was openlik gepleit vir algehele gelykstelling tussen swart en wit en gepraat van 'n bloedbad as vermeende griewe nie uit dié weggeruim sou word nie.¹⁴⁶

Alhoewel die Kommunistiese Party geen lid in die Volksraad gehad het nie, was hulle belange, t.o.v. segregasie, behartig deur die Naturelleverteenwoordigers wat dieselfde beleid van gelykheid aangehang het. Jare voor die oorlog was dié lede reeds

143. E.H. Louw, Die Kommunistiese Gevaar, Kaapstad, ongedateerd, p.3.

144. Ibid., p.8.

145. Ibid., p.17.

146. Die Transvaler, 41-06-26, p.1.

beskou as 'n "kruitmagasyn" en 'n bron van gedurige agitatie.¹⁴⁷

Gedurende die oorlog het die koerant, Inkululeko, die kommunistiese propaganda behartig. Dié koerant was deur die party self uitgegee in Engels en verskillende tale van swartes.

Met die aanvang van die oorlog het die regering die segregasie-maatreëls laat vaar en in die kraal van die Kommunistiese Party gespeel. Hoewel segregasie nie as geheel verwerp was nie het kommuniste die laat-vaarding as 'n trappie in die rigting van algehele gelykheid beskou. Dwarsdeur die oorlog het die kommunistiese-pers hom uitgespreek teen segregasie en veral die swartes op die "onregverdigheid" daarvan bewus gemaak.

Gesteun deur die Kommunistiese Party het mev. Ballinger tydens die 1943-sitting van die Volksraad 'n mosie ingedien waarin sy aangedui het dat segregasie die omstandighede van die swartes versleg. Sy het aangedring op 'n hersiening van die beleid jeens die swartes om dit sodoende in lyn te bring met die industriële ontwikkeling. Volgens Inkululeko het mev. Ballinger nie genoeg klem gelê op die rigting waarin Suid-Afrika se arbeidernegie gestuur moes word nie. Die koerant veroordeel Minister P. van der Byl ook omdat hy gesê het dat hy nie sou afwyk van die 1936-beleid van genl. Hertzog nie. Die Kommunistiese Party het die regeringsbeleid steeds as 'n beleid van segregasie beskou alhoewel genl. Smuts in 1942 gesê het dat segregasie "dood" was.¹⁴⁸

Die Kommunistiese Party het die uitwerking van segregasie as

147. Naturellesake. Segregasie-wetsontwerp, Ineg, P2.136.

148. Inkululeko, 43-03-05, p.4. Vgl. The Daily Mail, 43-02-07, p.5.

volg gesien: "There is not, and never has been, the slightest desire to uplift the African people in the policy of segregation. It has merely meant that Africans are to come into the towns or on to European owned farms and work for the lowest possible wages. It has meant the abolition of the Cape Native franchise. It has meant the official sanction of a so-called democratic Government for the whole system of political, social, industrial, military and educational colour bars which prevent 7,000,000 African People of our country from playing their part as citizens in war or in peace, in building a free, strong prosperous and happy country."¹⁴⁹

In September 1943 verklaar Inkululeko dat die vooruitgang van Suid-Afrika berus het by die gee van gelyke regte aan alle rasse in die land en dat onderdrukkende wette en diskriminasie stopgesit moes word. Dié kommunistiese mondstuk beskuldig ook vir genl. Smuts aangesien hy gesê het dat segregasie dood was, maar dat dit steeds die beleid van die regering was. Volgens die kommuniste moes segregasie vernietig word deur "... organisation, active organisation and united action, by live trade unions, a live Congress, a live Communist Party acting firmly, and together."¹⁵⁰

In 1944 berig die Kommunistiese Party, by monde van Inkululeko, dat gelyke regte aan swartes gegee moes word om te stem vir, en verkies deur hulle, verteenwoordigers op Stads- en Provinsiale rade. "The war will not be won until this right has been granted, for we are fighting the war against the Nazi theory of the master

149. Ibid.

150. Ibid.

race and of racial exclusiveness."¹⁵¹ Die party verklaar dat segregasie behoorlike wetgewing in die wiede ry en dat die sg. "selfaangestelde" blanke regering nie by magte was om die land te regeer nie.

Dr. Malan het herhaaldelik beklemtoon dat die beleid van segregasie daarop gemik was om die blanke van Suid-Afrika te beveilig en blank te hou. Genl. Smuts het ook by geleentheid sy steun verleen aan 'n beleid van blanke heerskappy en hom uitgespreek ten gunste van geleidelike residensiële segregasie. Die kommuniste se siening was dat daar geen blanke of swart opperheerskappy moes wees nie en die idee van "Herrenvolk" as 'n vorm van Hitlerisme beskou. Vir hulle moes die land regeer word deur almal, waarin elkeen gelyke regte en dieselfde geleenthede kon kry. Met hierdie propaganda van gelykheid het hulle dan ook 'n vrugbare teelaarde in die swartes gevind.¹⁵²

Die kommunisme het 'n groot aantrekkingskrag vir die swartman geword. Dit was maklik om eenvoudige mense wat nie baie ervaring van die lewe gehad het nie aan te hits en 'n grief by hulle aan te kweek. Die grootste belofte wat die kommunis aan die swartes gemaak het was dat hy gelyk met die witman sou word, en meer, dat hy oor die witman sou regeer. Aan hom is gesê dat die swartes in Suid-Afrika in die meerderheid was en dat die land daarom aan hom behoort.¹⁵³

151. Ibid., 44-11-25, p.5.

152. Ibid., 45-03-24, p.4. Vgl. Spore van Kommunisme, S.A.U.K.-uitgawe, p.6.

153. A.H. Murray, "Kommunisme en die Naturel - Suid-Afrika se probleem", artikel in Die Kruithoring, 45-10-30, p.9.

In 1945 is die laaste van 'n reeks konferensies tydens die oorlog gehou. Die San Francisco-Konferensie het die Atlantiese Handves¹⁵⁴ aangeneem en resolusies geformuleer om 'n basis te vorm vir 'n nuwe internasionale organisasie, bekend as die Verenigde Volke Organisasie (V.V.O.). Die Kommunistiese Party van Suid-Afrika het sterk gesteun op hierdie sg. Verenigde Volke handves en veral die volgende resoluasie as basis vir hulle stryd teen segregasie gebruik: "We the people of the United Nations, determined to reaffirm faith in fundamental human rights, in the dignity and worth of the human person, in the equal rights of men and women and of nations large and small."¹⁵⁵

Die Kommunistiese Party mondstuk, Inkululeko, het 'n volledige uiteensetting van die handves gepubliseer en die toepassing daarvan in Suid-Afrika geëis.¹⁵⁶

'n Paar maande voor die einde van die oorlog het die Kommunistiese Party van Suid-Afrika 'n manifest uitgevaardig waarin gelyke regte vir almal, afgesien van ras, geslag, taal of godsdiens, geëis word. Die manifest het verklaar dat die doelstellings van die V.V.O. soos in die San Francisco handves uiteengesit was, nagekom moes word. Volgens die manifest was die oor-

154. Roosevelt en Churchill het op 14 Augustus 1941 planne geformuleer vir 'n nuwe wêreld, gebaseer daarop om die Nazi-tirannie ten einde te bring. Na die doel bereik sou word, sou die handves hom beywer het vir politieke- en ekonomiese gelykheid onder alle nasies, groot of klein.

155. L.L. Snyder, The Making of Modern Man, Londen, 1967, p.695.

156. Inkululeko, 45-07-28, p.8.

log in Europa gevoer om daardie doel te bewerkstellig en die nasies het dit as een van die grondslae, waarop die wêreldvrede gebou moes word, erken. Die Kommunistiese Party het in die manifes aangetoon dat genl. Smuts saam met ander verteenwoordigers van nasies dit onderteken het en belowe het om uitvoering aan die doelstellings te gee. Die manifes het nou geëis dat die handves in Suid-Afrika toegepas moes word. Dit sluit ook in die reg om te kan stem en 'n aandeel in die Regering te kan hê. Volgens die manifes was regte aan 'n groot groep Suid-Afrikaners, geweier en dat die rassebeperkinge stremmend op die vooruitgang van die Nie-Blanke bevolkingsgroepe inwerk. Die manifes het ook verklaar dat Suid-Afrika deur die wêreld verdoem sou word solank sy regering deur rasseonderdrukking 'n klug maak van die handves wat deur Smuts onderteken was. Geen steun sou aan die regering deur die Kommunistiese Party gegee word nie alvorens die beleid van die regering nie drasties verander nie.¹⁵⁷

Die manifes het ook verder verklaar dat dr. Malan, O. Pirow en dr. J. van Rensburg bittere vyande van die werkersklas was en dat hulle dergelike toestande gebruik het om 'n Fascistiese diktatorskap af te dwing.¹⁵⁸

Die Manifes het afgesluit deur 'n beroep op alle Suid-Afrikanners te doen om die Kommunistiese Party te ondersteun in die verwesenliking van die belofte wat op die San Francisco konferensie geneem was.¹⁵⁹

157. Die Transvaler, 45-07-11, p.3.

158. Ibid.

159. Ibid.

Die Suid-Afrikaanse kommuniste het segregasie as 'n struikel= blok in hul strewe na 'n "diktatorskap deur die massa" beskou. Een van hul kardinale beginsels was om absolute gelykheid van alle persone, afgesien van ras of kleur, te verkry. Hierdeur kon die "massas", die swartes, politieke seggenskap en beheer oor Suid-Afrika verkry. Die blanke minderheid sou moes buig of trek. Hierdie keer sou daar geen noordwaartse trek kon wees nie, want noord van die Limpopo het die swartman ook re= geer.¹⁶⁰

Die Herenigde Nasionale Party het a.g.v. bogenoemde rede die regering geopponeer. Herhaaldelik het regerings-woordvoerders kommunisme in Suid-Afrika afgemaak as iets onskadeliks. Die Nasionalistiese siening was dat die blanke heerskappy moes voort= duur - dit kon alleenlik geskied deur segregasie toe te pas. In 1946 was die regering se "oë" steeds verseël vir die kommunistiese gevaar en dr. Malan het dit as sy plig beskou om die blanke Suid-Afrikaner se oë oop te maak. By geleentheid het hy dan ook gesê: "Dit is nodig dat die land sal wakker word, en dat die land sal wakker word voordat dit te laat is."¹⁶¹

---ooo000ooo---

H O O F S T U K I I IDIE POLITIEKE STRYD RONDOM SWART VERSTEDELIKING1. Swart verstedeliking en die Kommuniste

Voordat die Kommunistiese Party van Suid-Afrika in 1921 gestig is was daar reeds kommuniste wat hulle in hierdie verband laat hoor het. Van hulle was o.a. W. H. Andrews, S.P. Bunting en D.J. Jones wat hulle by die Arbeidersparty in 1909 aangesluit het.¹

Sedert die stigting van die Kommunistiese Party was dit geen politieke bedreiging nie en het ook nie noemenswaardige voorring gemaak nie. Hul propaganda, wat veral onder die swartes versprei is, het in 'n groot mate ondergrondsgeskied.²

Namate Suid-Afrika se industrieë ontwikkel het, het swartes op groot skaal na die stede begin trek. Die sosiale- en maatskaplike probleme van die stedelike swartes het 'n vrugbare teelaarde vir Kommuniste geskep. "Aan hierdie mense, wat nog pas uit die duisternis van die voorgeskiedenis getree het, en wat, meer nog as enigiets anders, behoefte het aan die dissipline van religieuse opvattinge en instellings",³ het die kommuniste die kommunistiese ideologie gepredik.

Die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party het deel uitgemaak van 'n internasionale rewolusionêre organisasie, met vertakkinge in

-
1. D.J. Kotze, Die Kommuniste en Standpunt ten opsigte van Nasionalisme met besondere verwysing na Suid-Afrika, Ineg, 1972, referaat gelewer op 21 September 1972, p.9.
 2. E.H. Louw, Die Kommunistiese Gevaar, Publikasie van die Voorligtingsdiens van die H.N.P. No.1, Kaapstad, ongedateerd, p.15.
 3. A.H. Murray, "Kommuniste en die Naturel - S.A. se probleem", artikel in Die Kruithoring, 45-10-30, p.4.

feitlik alle lande, en met sy hoofkwartier in Moskou. Die organisasie se strydmetodes was intensiewe propaganda onder die "massas" en 'n organisasiestelsel wat byna onverbeterlik was. In Suid-Afrika se geval het die Kommunisme hom veral toegespits op die swart-massas.⁴

Afgesien van die propaganda onder die swartes het die Kommunisme ook gepoog om die guns van die lëermagte te wen. In Suid-Afrika het 'n klompie ontevrede Unie-soldate 'n organisasie, die "Springbok-Legioen" gestig en die kommuniste die kans gebied om dié ontevredenheid vir hul eie doeleindes uit te buit.⁵ Massa-aksie is beoog om 'n kombinasie van stakings en demonstrasies te bewerkstellig om eindelijk 'n algemene staking en gewapende opstand teen die staat te loods.⁶

Die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party was onder direkte beheer van die Komintern en moes die opdragte van die Uitvoerende Komitee (E.C.C.I.) uitvoer.⁷ Die Suid-Afrikaanse kommuniste se opdrag was om 'n swart republiek in die land tot stand te bring.⁸ Hierdeur kon hulle doelstellings, nl. afskaffing van private eiendom; komminale besit van grond; gemeenskaplike besit van middels; geen kleurskeiding en diktatorskap van die proletariaal, bereik word.⁹

Soos reeds genoem het die verstedeliking van swartes maatskaplike, sosiale en ekonomiese probleme in die stede veroorsaak. Ten eerste het die toestroming van swartes na die stede 'n be-

4. Louw, op.cit., p.6.

5. Ibid., p.18.

6. Ibid., p.7.

7. Ibid., p.6.

8. Ibid., p.15.

9. Ibid., p.6. In Suid-Afrika sou die proletariaat hoofsaaklik uit swartes bestaan het omdat hulle die oorgrote deel van die bevolking uitmaak.

huisingsprobleem geskep wat gepaard gegaan het met residen= siële skeiding tussen swart en wit. Die probleem is deur die kommuniste uitgebuit. Hul mondstuk, Inkululeko, wat tydens die Tweede Wêreldoorlog verskyn het, het gereeld op= ruiende berigte geplaas waarin die ongunstige behuisingspo= sisie van swartes voorgehou is. Die "gunstige" lewenstoe= stande van die Russiese arbeider is beskryf en J.H. Oberholzer het o.a. verklaar dat die swartes se toestande alleenlik kon verbeter as hulle, nes in Rusland, veg vir hulle regte. T.o.v. huishuur is verklaar dat die Russiese arbeider geen huur betaal nie en dat hul huise toegerus was met elektriese krag, ens. Oberholzer het verder gesê dat die swartes dieselfde voordele as die Russiese arbeider kon geniet as hulle, soos in Rusland, die regering van die land oorneem.¹⁰

Met die toename van swart verstedeliking tydens die oorlog het maj. P. van der Bÿl, toe Minister van Naturellesake, by geleent= heid gesê dat die Verenigde Party-regering graag sou wou sien dat alle swartes in goed toegeruste huise moes bly, maar dat die toestande wat deur die oorlog geskep is dit finansieël nie toegelaat het nie. Die kommuniste, wat voorstanders van gemeen= skaplike besit en distribusie-middele was, se kommentaar op Van der Bÿl se uitlating was: "It would be well for him if he stu= died the incomes of the Gold Mines bosses before he starts telling us that the workers cannot have a good housing as they would like, because South Africa is a 'poor' country."¹¹ Hier=

10. Inkululeko, Maart, 1941, p.5.

11. Ibid., 43-11-20, p.6.

deur het die kommunis dit op die harte van die swartes gedruk dat die witman in weelde geleef het en dat die swartes met die allerminste moes klaarkom. Rusland en Kommunisme is deur die Suid-Afrikaanse kommuniste verheerlik en bestempel as die enigste redder van die verdruktes in Suid-Afrika.¹²

Die kommuniste, met hul ideologie van kleurgelykheid, het ook te velde getrek teen die beleid van residensiële segregasie. Aan die swartes is gepropageer dat aparte woongebiede veroorsaak het dat swartes ver van hul werk moes bly en dat die reiskoste veroorsaak het dat voedseluitgawes besnoei moes word tot onder die broodlyn.¹³

Arbeids- en loonprobleme het 'n noue samehang met die behuissingsprobleem gehad. Die probleem kon weer teruggevoer word na die ondoeltreffende beheer oor swart verstedeliking deur die regering. Verstedeliking van swartes het veroorsaak dat arbeidsaanbod die aanvraag oorskry het. Werkloosheid het die toestand vererger en misdaad en ander ewels het 'n toestand van absolute chaos geskep. Dié swartes wat wel werk in die stad kon vind het ook agtergekom dat die hoër lone wat die stad hom gebied het nie sy behoeftes kon bevredig nie.

Die kommuniste het hierdie toestand van die swart verstedelikes uitgebuit deur voorspraak te maak vir hoër lone en vakbonde vir swartes om hulle te beskerm teen die blanke werkewer. Vakbonde was juis een van die kommuniste se strydmetodes om beheer oor die arbeider te kry en om sy propaganda te versprei.¹⁴ Die misdaadgolf wat die land gedurende die oorlog ge-

12. Die Transvaler, 41-11-25, p.5.

13. Inkululeko, 44-11-25, p.5.

14. Louw, op.cit., p.8.

tref het is deur die kommuniste gesien as die gevolg van lae lone aan stedelike swartes. Inkululeko het berig dat misdade nie bekamp kon word deur die vergroting van die polisiemag en arrestasies nie, maar dat die oorsaak gesoek moes word in die onkunde, honger en werkloosheid van die stedelike swartes. As gevolg van hierdie onkunde van die swartes het die kommuniste dit as plig beskou om die swartes te "help" om 'n beter lewens=toestand te skep.¹⁵

Die Kommunistiese Party het alles in die stryd gewerp om swart_vakbonde tot stand te bring. Om hulle eie doel te kon bereik moes alle arbeidskragte, d.w.s. die swartman en die blanke "loon-slawe", saangesnoer word in 'n eenheidsfront, wat deur die kommuniste gebruik kon word as 'n magsmiddel om sy uiteindelijke doel te kon bereik.¹⁶

Deur vakbonde vir swartes in die stede tot stand te bring kon die swartman looneise aan werkgewers stel deur kommunisties georganiseerde stakings en opstande.

Die Naturellevertegenwoordigers in die Volksraad het die blanke_vakbonde, wat toe reeds deurgaans deur kommuniste beheer was, se pleidooie vir afsonderlike swart-vakbonde, gesteun. Mev. Balingier en adv. Molteno het herhaaldelik verklaar dat swart-vakbonde die swartes in die stede se griewe sou uitstryk en verwyder.¹⁷

Alhoewel swart-vakbonde nie deur die regering amptelik erken is nie, het verskeie swart-vakbonde by blanke-vakbonde geaffilieer en die swartes georganiseer om al hoe meer eise te stel.¹⁸

15. Inkululeko, 46-01-14, p.8.

16. H.P. Wolmarans, Kommunisme en die Suid-Afrikaanse Vakunies, Johannesburg, ongedateerd, p.39.

17. Die Burger, 39-04-19, p.3.

18. Wolmarans, op.cit., p.41.

Die eise het nie gebly by looneise nie, maar eerder neergekom dat daar gelykstelling tussen rassegroepe tot stand moes kom. Die kommuniste het verklaar: "The cities of South Africa were built by white men, brown men and black men, and their heritage belongs to all."¹⁹

Die swartes se grief teen paswette het ook mooi in die kraam van die kommuniste gepas. Dié jare-oue grief is deur die kommuniste uitgebuit. Om die steun van die swartes te kry het die kommuniste alles in die stryd gewerp om die passtelsel afgeskaf te kry. Die kommuniste het 'n antipas-veldtog geloods en vanselfsprekend al hoe meer steun van die swartes gekry. Die pas is voorgehou as 'n onderdrukkende maaatreël en nie as 'n kontrolemaatreël nie. Sedert 1941 is die ideale van die Atlantiese handves voor die kop van die regering gegooi.²⁰

Stelselmatig het die swartes, georganiseer deur die kommuniste, se eise al hoe groter geword. Soos voorheen genoem het die Kommunistiese Party in 1945 sterk gesteun op die San Francisco handves wat gelykheid van ras en kleur voorgestaan het. Dié party het dan ook die grootste eis in 1945 gestel, nl. gelyke regte aan almal in Suid-Afrika, afgesien van ras, geslag of godsdiens.²¹

Kommunistiesgesinde koerante en pamflette rui stedelike swartes op

Vir die saai van die Kommunistiese saad het daar reeds lank voor die Tweede Wêreldoorlog 'n pamflet verskyn nl. Umzebenzi

19. Inkululeko, 45-03-24, p.4.

20. Ibid., 42-01-21, p.4.

21. Die Transvaler, 45-07-11, p.3.

waarin verskeie Nie-Blanke tale gebesig is, en wat gedien het as die mondstuk van die Kommunistiese Party. Later is die pamflet vervang deur die koerant, Inkululeko. Hierdie blad het openblik verklaar dat hy die orgaan van die Kommunistiese Party was.²²

In Desember 1940 het die eerste uitgawe van Inkululeko verskyn. Die betekenis van die woord is vryheid. Umzebenzi het verskyn in verskillende Nie-Blanke tale terwyl Inkululeko ook Engelse berigte bevat het. Alhoewel Inkululeko as die amptelike orgaan van die Kommunistiese Party erken was het die Guardian ook die belange van dié party behartig.²³

In die eerste uitgawe van Inkululeko verklaar die koerant: "The Non-European people of South Africa are on the march. They are uniting their ranks for the great fight for freedom from national oppression, for an end to Pass-Laws, Colour-Bars and Poll-Tax. Every honest and clear minded worker and Socialist will welcome this struggle with joy. Only when this fight for national freedom has been won can the South African working class advance to the building of a classless socialist society."²⁴

Alhoewel die koerant gelees was deur 'n aantal blankes was die primêre doel om opruiende berigte aan die stedelike swartes te verskaf. Die koerant het hom ook ten doel gestel om die swart proletariaat te lei en deur propaganda vryheid vir die swartman te bewerkstellig.²⁵

Inkululeko het, afgesien daarvan om die kommunistiese ideolo-

22. Louw, op.cit., p.16.

23. G.K. 10, Onderzoek ingevolge wet op onderdrukking van Kommunisme, 1953, pp. 102 - 103.

24. Inkululeko, Desember 1940, p.2.

25. Ibid.

gie aan die swartman te verkondig, hom daarop toegelê om aanvalle op die Herenigde Nasionale Party te maak. Anti-godsdiens-tige-propaganda het ook nie agter gebly nie. In 1942 het daar 'n bitsige aanval op die Herenigde Nasionale Party verskyn. Eric Louw se vertaling van dié berig lui: "Hierdie mense (d.w.s. Nasionalistes) vergeet dat Suid-Afrika net soveel ons tuiste is as wat dit die tuiste van die blankes is, en dat Suid-Afrika vandag is wat ons Nie-Blankes hom toegelaat het om te wees, en dat Suid-Afrika in die toekoms sal wees wat ons (d.w.s. naturelle) van hom maak."²⁶

Dwarsdeur die oorloosjare het hierdie koerant met sy kommunistiese opvatting ongestoord verskyn. Die Herenigde Nasionale Party het sy afkeuring aan opruiende berigte gegee en die regering versoek om teen agitators op te tree. Die regering het nie gelet op hierdie verstandige raad nie. Inteendeel, die verderflike propaganda is toegelaat om ongehinderd voort te gaan.²⁷

Tydens kommunistiese vergaderings is pamflette uitgedeel wat die swartes op die "onregverdige behandeling" deur die blankes gewys het. Gedurende Maart 1942 is daar volgens die kommunistiese eie verklaring, 120,000 pamflette versprei, waarin opswepende taal gebruik is.²⁸

Ten spyte daarvan dat die regering insae gehad het in die opruiende berigte in kommunistiese-koerante en pamflette het die Smuts-regering die Herenigde Nasionale Party se anti-kommunistiese

26. Louw, op.cit., p.16.

27. Ibid, p.17.

28. Ibid, p.18.

propaganda as 'n politieke set beskou. In "Die Verenigde Party-Nuusbrief", uitgegee deur O.A. Oosthuizen, die hoofsekretaris van die Party, verklaar hy: "Die leiers van die H.N.P. doen alles in hul vermoë om die gerug rond te strooi dat die verkondiging van Kommunisme 'n gevaar vir Suid-Afrika inhou ... die veldtog van leuens teen die Kommunisme is die bedrieglikste skelmstreek in die geskiedenis van 'n Party wat hom konsekwent op allerhande skelmstreke toegelê het."²⁹

Alhoewel die regering nie die verspreiding van opruiende kommunistiese propaganda deur koerante en pamflette verbied het nie, berig The Cape Times op 26 Mei 1943 dat die kommunistiese mondstuk Inkululeko verbied is in die Britse protektorate in Suidelike Afrika soos Basoetoland, Betsjoeanaland en Swaziland. In die Engelse Parlement wou 'n kommunis, W. Gallacher, weet waarom die blad in genoemde Britse protektorate verbied was, maar vryelik in Suid-Afrika versprei kon word. Mnr. P. Emnys-Evans, 'n parlamentslid van daardie tyd het daarop geantwoord dat die blad sekere verdraaide inligting aan swartes in die gebiede verkondig het wat tot onrus gedurende die oorlog kon lei.³⁰

Wat bg. juis vreemd maak is dat Engeland die verderflike invloed van Inkululeko se propaganda onder die swartes beseft het, maar dat die Smuts-regering die opruiing onverhinderd laat voortgaan het.

x x x x x x

29. Ibid., p.4.

30. The Cape Times, 43-05-26, p.4.

Opruiing deur die kommuniste lei tot onluste en stakings

Een van die kommuniste se grondgedagtes in hul lewenskyk is "stryd". Hy wil veral die arbeider (in Suid-Afrika se geval, die swart-arbeider) leer om 'n vernietigende, anti-sosiale rol in die maatskappy te speel wat moet uitloop op rewolusie. Die grondslag van sy leer is dat vooruitgang deur stryd plaasvind.³¹ Die Kommunistiese Party van Suid-Afrika het alles in sy vermoë gedoen om die beheer van vakunies te kry, want hy het geweet dat die party wat die vakunies beheer sy hand op die hartaar van die land gehad het, sy produksie.³²

Die swartes het nie juis die kommuniste se lewenskyk verstaan nie. Wat wel sy gees aangegryp het m.b.t. die ekonomiese kritiek van die Kommunisme op die Kapitalisme was die klassestryd. Rassestryd en rassehaat sou die swartes nie ver gebring het nie. Wat wel saakgemaak het was dat die swartehomself onontbeerlik gemaak het in die industrieë en wanneer die blanke nie sonder hom kon klaarkom nie het hy sy eise gestel.³³

Vir die Kommunisme was dit maklik om die guns van die swartman te kon wen a.g.v. die wanverhoudings wat tussen blank en swart geheers het. Dit was maklik vir hom om 'n grief by die swartes aan te kweek en om eenvoudige mense wat nie baie ervaring van die lewe gehad het nie aan te hits om onbesonne dinge te doen. Hy het die swarte geleer dat hy gelyk met die witman moet word en "vry" moet word van die onderdrukking van die witman. Die woord rewolusie was volgens die kommunis, die sleutel om bg. te

-
31. A.H. Murray, "Die Kommunistiese Lewenskyk", artikel in Die Kruithoring, 45-09-12, p.5.
 32. A.H. Murray, "Kommunisme en toestande in die Unie van S.A.", artikel in Die Kruithoring, 45-08-01, p.5.
 33. A.H. Murray, "Kommunisme en die Naturel - S.A. se probleem", artikel in Die Kruithoring, 45-10-03, p.9.

verwerf.³⁴

Teen hierdie agtergrond moet die onluste en stakings gedurende die veertigerjare gesien word. Behalwe die Herenigde Nasionale Party, het niemand anders die onluste en stakings as 'n produk van kommunistiese agitاسie gesien nie. Die kommunis het mis= kien nie direk onluste en stakings voorgestel nie, maar deur die beginsel van stryd 'n spontane reaksie onder die swartes aange= kweek.

In 1939 het 'n reeks onluste in Kaapstad plaasgevind. Die oor= saak van die onluste is deur die Herenigde Nasionale Party gesien as kommunistiese agitاسie. The Friend het die oorsaak gesoek in die H.N.P. se rasse-, politieke- en ekonomiese beleid jeens die Nie-Blanke en verklaar: "The Malanite agitation ... has created an atmosphere of suspicion and discontent which has not been al= layed by the reasoned and fair-minded policy announced by the Prime Minister. On the contrary, it was apparently quite easy for the Communist and other mischief-makers who exploit the ig= norance of their victims to represent the Government statement³⁵ as a surrender to the Malanite standpoint and to use it as a pre= text for violence."³⁶

Tydens 'n ondersoek na die stakings en onluste van swart koper= mynwerkers te Mufulira het getuies verklaar dat die swartes om hoër lone en gelyke regte met die blanke eis. 'n Verdere klagte was ook dat die swartman onsimpatiek deur die blanke behandel

34. Ibid.

35. Die regering het tydelike wetgewing met betrekking tot seg= regasie ingestel. Die anti-segregasie front het die Her= enigde Nasionale Party beskuldig dat hulle die regering oor= gehaal het tot die tydelike wetgewing en dat volkome segre= gasie seker die einde van die H.N.P. se arbeid sou wees.

36. The Friend, 39-03-30, knipsel.

word.³⁷ Reeds hier in 1940 kom die kommunistiese geïnspireerde gedagte van gelyke regte na vore.

In 1943 het adv. J.G. Strijdom in die Volksraad die regering daarvan beskuldig dat hulle bewus daarvan was dat kommunistiese agitاسie die oorsaak was van die onluste deur swart-werknemers van die Pretoriase Stadsraad wat uitgeloop het op bloedige gevegte.³⁸ Strijdom het gesê dat daar getuig was voor die kommissie van ondersoek na die onluste dat: "Sekere mense het op die toneel verskyn en die vertrouwe gewen van die naturelle, wat geglo het wat aan hulle vertel word."³⁹

Nieteenstaande bg. getuienis het dr. Colin Steyn gesê dat daar geen getuienis was dat daar kommunistiese propaganda in verband gebring kon word met die onluste nie. Getuienis is ook gelewer dat Mike Muller, die sekretaris van 'n verbond van 15 vakbonde in Pretoria wat deur die Kommunistiese Party betaal is, die griewe van die swartes gekanaliseer het.⁴⁰

Strydom het ook verwys na 'n Kommunistiese omsendbrief wat uitgestuur is voordat die onluste ontstaan het. Sy vertaling daarvan het gelui: "Om te kry wat jy eis, moet die volk (the people) opstaan en die munisipaliteit laat weet dat hy nie met sy regte gekul sal word nie. Julle het al gedemonstreer onder leiding van kameraad Moroe en kameraad Lekgetso, van die Kommunistiese Party. Die betogings moet voortgaan tot die oorwinning behaal is. Die Kommunistiese Party ondersteun die volk in hierdie stryd."⁴¹

37. The Daily Mail, 40-05-27, p.3.

38. Hansard. Deel 45, 1943, kolom 2882.

39. Ibid. Vgl. Die Kruithoring, 43-03-15, p.4.

40. Ibid., kolom 2883. Vgl. PV 4, E.H. Louw-versameling, lêer 143, knipsel.

41. Ibid.

Alhoewel die regering dit nie, of nie wou erken het dat die kommunistiese invloed onder die swartes verantwoordelik was vir onluste nie blyk dit duidelik dat dit wel die geval was.

In 'n opname wat in 1943 gemaak is m.b.t. die stakings van 1942 het aan die lig gekom dat daar 34 stakings was. Mnr. B.J. Schoeman het die Minister van Arbeid, W.B. Madeley gevra of sy departement kennis gedra het van: hoeveel stakings met geweld gepaard gegaan het; hoeveel persone beseer is; wat die beraamde bedrag van skade aan eiendom was en of agitators in enige opsig vir die stakings verantwoordelik was. Madeley kon Schoeman nie antwoord nie en gesê dat die Departement van Arbeid nie oor die inligting beskik het nie.⁴² In 'n tabel wat deur Madeley beskikbaar gestel is word afgelei dat in die meeste gevalle die oorsaak aangedui word as looneise en diensvoorwaardes.⁴³ Die meeste van die eise is toegestaan en kan dit teruggevoer word na die Kommunistiese omsendbrief wat verklaar het: "Om te kry wat jy eis ..."⁴⁴

In 1944 het die Herenigde Nasionale Party weer eens met betrekking tot stakings en meer spesifiek m.b.t. die staking in die boubedryf in Durban, aan die Minister van Arbeid vrae gevra wat bykans ooreenstem met die vrae voorheen genoem. Madeley het erken dat die staking in Durban gelei is deur 'n komitee wat deur die stakers aangestel was - dog het hy nie erken dat die komitee uit kommuniste bestaan het nie.⁴⁵ Dit wil voorkom of die kommuniste tog wel hier ook 'n aandeel gehad het.

42. Ibid. kolom 580.

43. Ibid., kolom 581 - 582.

44. Vgl. Voetnoot 41.

45. Hansard. Deel 48, 1944, kolom 3403 - 3404.

Later in 1944 het Eric Louw op 'n subtiële wyse daarin geslaag om dit uit die mond van regeringslede te kry dat politieke agitators verantwoordelik gehou kon word vir die ontstaan van onluste en stakings. Steeds het die regeringswoordvoerders nie erken dat dié politieke agitators kommuniste was nie.⁴⁶

Onluste en oproepe was nie slegs beperk tot eise om hul griewe te neutraliseer nie. Oproerighede is ook vooraf beplan deur die kommuniste tydens H.N.P.-vergaderings. So, bv. was 'n demonstrasie in Durban gehou voor die Stadsaal waar Eric Louw 'n toespraak gelewer het.⁴⁷

Tydens die Uniale Kongres van die Herenigde Nasionale Party in 1945 te Johannesburg was 'n groot demonstrasie deur die Kommunistiese Party gereël. Inkululeko berig dat: "Violent scenes took place in Johannesburg ... when thousands of anti-fascists ... took part in a mass demonstration against the Nationalist Party, which held a procession in the streets and a 'Propaganda Congress' in the City Hall."⁴⁸ Die polisie het in sy poging om orde te handhaaf honderde betogers beseer.⁴⁹

Deurgaans blyk dit duidelik dat die Kommunistiese Party 'n groot rol gespeel het m.b.t. onluste, oproere en stakings tydens die Tweede Wêreldoorlog. Dit is interessant om daarop te let dat getuienisse van B.P. Bunting, S.H. White, e.a. 'n paar jaar nadat die Herenigde Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het en nadat die Kommunistiese Party ontbind is steeds verklaar het dat die party niks te doen gehad het met die stakings en onluste

46. Hansard. Deel 50, 1944, kolom 8762 - 8763.

47. PV 4, E.H. Louw-versameling, lêer 3. Vgl. lêer 145, knipsel uit Natal Witness.

48. Inkululeko, 45-09-22, p.1. Vgl. Die Transvaler, 45-11-02, p.4.

49. Ibid.

nie. Bunting het o.a. verklaar dat stakings nie noodwendig vooraf georganiseer hoef te word nie en spontaan kon uitbreek.⁵⁰

Die res van hierdie hoofstuk sal gewy word aan die kommunistiese propaganda aan die verstedelike swartes;⁵¹ die regering se onvermoë om die kwaad daarin te sien en die Herenigde Nasionale Party wat telkens op die gevare van Kommunisme gewys het.

x x x x x x

Kommunistiese propaganda gedurende die Tweede Wêreldoorlog

Voor die oorlog en gedurende die periode tydens die oorlog voordat Engeland in bondgenootskap met Rusland gegaan het, was kommunistiese propaganda op 'n subtiele wyse onder die dekmantel van verskeie ander organisasies versprei. So, bv. is in 1939 boekies versprei onder die dekmantel van opvoeding. 'n Sprekende voorbeeld was die boekie The Mayibuye Reader wat beskryf is as 'n "general knowledge reading book for Africans."⁵² In die boekie is 'n "nuwe metode" aangewend om die Engelse taal te leer, bekend as "Basic English". Al taalonderrig wat die boekie gebied het was die feit dat dit in Engels geskrywe was, want dit was gevul met kommunistiese propaganda. Die boekie het verklaar dat sou die swartes die magsposisie in Suid-Afrika verower, Suid-Afrika heeltemal sou verander. In Suid-Afrika sou daar dan geen kleurslagboom wees nie en slegs "vriende" van

50. G.K. 10, op.cit., pp. 133 - 134.

51. In die stede was daar 'n samedromming van veral ontstamde swartes. Die kommunistiese leerstellings kon veral in die stede met vrag gepropageer word. Propaganda was nie slegs beperk tot die stede nie - die platteland en die reservate was ook met propaganda bestook.

52. Die Transvaler, 39-02-28, p.1.

die swartman sou in die land toegelaat word. Dingaansdag is beskryf as 'n dag van vreugde vir die blanke, maar vir die swartes 'n dag van smart en verdriet. Die boekie verklaar ook dat blank en Nie-Blank in vrede woon in ander lande en gee sy afkeur aan kleurskeiding tussen rasse in Suid-Afrika. In die laaste hoofstuk verklaar die boekie: "Ons sal nie langer diensknegte wees nie, maar die land regeer."⁵³

Met Suid-Afrika se verbintenis met Rusland later in die oorlog het die kommuniste in Suid-Afrika 'n gunstige geleentheid gevind om, in die ontwrigte toestande, openlik die kommunistiese leerstellings te verkondig en 'n vrugbare teelaarde in die stedelike swartman gevind. Daagliks is daar kommunistiese vergaderings op een of ander plek, gehou.⁵⁴

Tydens die jaarlikse kongres van die Kommunistiese Party van Johannesburg en distrik in 1941, het dié party sy volle steun en hulp belowe aan die African National Congress in sy stryd om die swartes te lei tot vryheid. Die kongres het besluit om hom te beywer vir: die opheffing van paswette; vryheid van spraak en beweging; vir demokratiese regte; die reg om wapens te dra; rassegelykstelling; vry handel; koop en besit van grond; beter lone en omstandighede en laer huur en beter behuising in swart woonbuurtes.⁵⁵

Met die voorneme van die kommuniste om hulle te beywer vir bogenoemde het die swartman in die stad sy steun aan die Kommunistiese Party gegee. Die kommuniste kon hom op dieselfde

53. Die Burger, 39-03-04, p.1.

54. Die Transvaler, 41-06-26, p.1.

55. Inkululeko, Maart, 1941, p.1.

voet met die blanke bring en hom uit sy ellende verlos. Die party het ook geen onderskeid tussen rasse gemaak nie en alle lede, ongeag ras of kleur, sou kamerades wees. Inkululeko van Junie 1941 gee 'n volledige uiteensetting van die konstitusie van die Kommunistiese Party en verskaf 'n aansoekvorm om lidmaatskap van dié party. Die opskrif van die aansoekvorm verkondig: "The Communist Party of South Africa fights for peace, bread, land and freedom for the people. Join the Communist Party and help this fight."⁵⁶

Die Kommunistiese Party het deurgaans allerlei belofte aan die swartes gemaak, bv. die opbou van alle nasionale bewegings van die swartes, veral die beweging wat gestry het teen paswette, hoofbelasting, polisie vangwaens en ander "onregverdige" wette.⁵⁷

Kommunistiese agitators het ook probeer om alle etniese groepe in een front te organiseer ten einde hul eise te kon stel en hul regte te kon verkry. Tydens vergaderings is pamflette versprei waarin getoon is hoedat die Kommunistiese Party gegroei het. Pamflette het ook verklaar dat die kommuniste na 'n nuwe regering strewe wat verkies sou word deur al die dele van die bevolking. Dié regering sou die belange van die bevolking as 'n geheel behartig en nie slegs die van die blanke bevolking nie.⁵⁸

Eric Louw verklaar waarom die kommunistiese saad vrugbare grond in die swart bevolkingsgroepe gevind het: "Die naturele is bekend met die stelsel van kommunale besit van grond in sy eie gebied. Die kommunistiese beginsel van gemeenskaplike grondbesit is dus vir

56. Ibid., Junie, 1941, p.7.

57. Die Transvaler, 41-06-27, p.5.

58. Ibid.

hom nie vreemd nie; die beginsel van kleurgelykheid en uitwissing van die kleurskeidslyne is vir die naturel baie aantreklik, en nog aantrekliker vir die naturel is die vooruitsig dat in die Kommunistiese staat van die toekoms die 'massas' sal regeer, en dat hy derhalwe die poltieke mag in hande sal hê, en oor die witman sal kan baasspeel."⁵⁹

Tydens 'n kommunistiese vergadering in Junie 1941 te Kaapstad is 'n eenparige besluit geneem dat 'n beroep op die regering gedoen sou word om diplomatieke-, ekonomiese- en militêre samewerking met Sowjet Rusland aan te gaan. Die regering sou ook versoek word om demokratiese regte aan die Nie-Blanke toe te ken. Die voorsitter van die vergadering, H.W. Andrews het gesê dat die vereniging van "Vriende van die Sowjet" deur leesstof en rolprente aan alle rassegroepe, die propaganda van die kapitalistiese pers teenwerk.⁶⁰

Tydens dieselfde vergadering het M. Kotane, 'n swart kommunist van Rusland en die Kommunisme voorgehou as die redder van die swart verdruktes in Suid-Afrika. Hy het Suid-Afrika se "sogenaamde" demokratiese regte verdoem en gevra waarom die 8 miljoen swartes in die land dan geen demokratiese regte het nie.⁶¹

Mej. J. Cornelius het gesê dat sy in Rusland was en daar gelukkige arbeiders aangetref het en dat Rusland oor die enigste stelsel vir die toekoms van die swartes in Suid-Afrika beskik.⁶²

Die kommuniste in Suid-Afrika het met hul beloftes en deur die Sowjet se arbeidsposisie rooskleurig te beskryf die harte

59. E.H. Louw, op.cit., pp. 14 - 15. Vgl. Die Kruithoring, 45-10-03, p.9.

60. Die Transvaler, 41-06-28, p.5.

61. Ibid.

62. Ibid.

van die swartman verower. In Julie 1941 berig Die Transvaler dat die regering niks doen ten einde 'n verbod te plaas op bg. agitasies nie. Die koerant verklaar dat die regering, sedert Rusland 'n bondgenoot van Engeland is, die verspreiding van kommunistiese leesstof nie verbied het nie. Volgens die koerant versier opruiende slagspreuke die aankondiging van vergaderings in al die groot stede - swartes het al hoe brutaler geword en allerlei ewels het al hoe meer hul kop uitgesteek. Kommunistiese agitasie op die stadium was veral, gelykstelling tussen rasse en gee van wapens aan die swartes.⁶³

Die Minister van Binnelandse Sake, H.G. Lawrence, het met verwysing na die berig in Die Transvaler gesê dat Russiese literatuur vrylik in Suid-Afrika versprei kon word, mits dit nie kommunistiese propaganda bevat nie. Volgens hom was die kommunistiese ideologie steeds net so onaanvaarbaar vir die meerderheid Suid-Afrikaners as voordat sy aan sy met Rusland geveg is. Dog het hy vertroue in Rusland gestel en gesê dat dié land nie sy ideologie in die kele van ander lande sou afdruk nie.⁶⁴

Die kommuniste in Suid-Afrika het die Herenigde Nasionale Party as 'n "Nazi Party" bestempel en het hul kommunistiese ideologie onder die swartes met 'n ompad d.m.v. teenkating teen Nazisme gepropageer. Tydens 'n konferensie van die Transvaalse African Congress is resolusies aangeneem waarvolgens die regering versoek sou word om swartes in alle sektore van die weermag op te lei, die kleurslagboom te verwyder en alle paswette oorboord te gooi.

63. Ibid., 41-07-09, p.5.

64. The Friend, 41-10-11, knipsel.

Volgens die vergadering sou dit al metode wees om Nazisme te bekamp. "We Africans stand firmly against Hitler. But, because of the refusal of the Government to carry out the elementary measures demanded by Congress, the people are prevented from playing their proper part in this struggle."⁶⁵

Tydens die jaarlikse konferensie van die A.N.C. in 1941 te Bloemfontein het dr. A.B. Xuma weer eens die noodsaaklikheid van 'n verenigde swart front beklemtoon in die stryd teen Nazisme. Weer eens is Hitler voorgehou om die swartes te oortuig dat Kommunisme al uitweg vir hulle was om gelyke regte in Suid-Afrika te verkry. Die sisteem van kabinetsverkiesings is verdoem en die regering deur die "massas" is verheerlik.⁶⁶

Vroeg in 1942 verkondig Inkululeko dat Suid-Afrika se drie grootste fasciste, dr. D.F. Malan, dr. J. van Rensburg en Oswald Pirow was. "They think that we have too much freedom, and want to give us more Pass Laws and more sjamboks! They think that with our £3 or £4 a month, our wages are too high, and want us to work for still less ... They want to force the people into complete slavery, to be like an ox or an ass in the hands of its master."⁶⁷ Volgens die berig verkondig die koerant dat bg. die uiteinde van 'n fascistiese regering in Suid-Afrika sou wees.

In 1943 tydens die Nasionale Kongres van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika het die kongres hom weer eens t.o.v. 'n verenigde front vir swartes uitgespreek tot 'n oorwinning vir vryheid in die land. Kotane het gesê dat die veldtog om die

65. Inkululeko, Oktober, 1941, p.4.

66. Ibid., Desember, 1941, p.2.

67. Ibid., April, 1942, p.4.

front byeen te bring suksesvol was en dat derduisende Nie-Blankes die program vir oorwinning gesteun het.⁶⁸

Kotane het ook te velde getrek teen die "onintelligente Eerste Minister" wat nie besef het onder watter "verskriklike toestand die arme stedelike naturel moet lewe nie."⁶⁹

Die Transvaler het berig dat die swartes met oop monde staan en luister het na die Kanaán wat daar vir hulle geskep sou word. "Blank en gekleurd sal op dieselfde lewenspeil verkeer en die naturel sal sy regmatige posisie in die samelewing inneem. As die naturel goed genoeg is om 'n uniform aan te trek, dan is hy goed genoeg om die samelewing te help bestuur" is onder toewijding verklaar.⁷⁰

Die volgende dag, die 16de Februarie 1943, berig Die Transvaler dat die program van die kommuniste as einddoel 'n Suid-Afrikaanse swart republiek het as middel tot die stigting van 'n werkers- en boererepubliek met absolute regte vir alle rasse.⁷¹ Die koe-rant het sy afleiding gegrond op 'n boek wat in Parys verskyn het deur Jean Marques-Riviére, onder die titel L.U.R.R.S. dans le Monde. (Die Unie van Sowjet-republieke in die wêreld). Hierin gaan dit nie oor die ideologie van die Sowjet nie, maar oor die werk en planne van dié Unie tot verbreiding van die kommunistiese regeringstelsel.⁷²

In die boek is verklaar dat hoewel die swartes nog maar so kort gelede die kommunistiese invloed ondergaan het, hulle reeds blyke toon van spontane opstandigheid deur hul werk te verlaat en

68. Ibid., 43-02-06, p.1.

69. PV 4, E.H. Louw-versameling, lêer 143, knipsel uit Die Transvaler.

70. Ibid.

71. Die Transvaler, 43-02-16, p.3.

72. Ibid.

hulle te verset teen "wreedaardige uitbuiting". Die Sowjet het gevoel dat hulle die swart werkers moes organiseer in alle lande om sodoende die voorhoede te vorm vir 'n uiteinde=like organisasie van "massas" wat sal opstaan wanneer die be=vel daartoe gegee word.⁷³

Suid-Afrika se maatskaplike toestand is aangedui as 'n enorme getal swartes wat gelei word deur 'n minderheid blankes. Volgens die boek het die swartes ontstam en woon hulle in slegte dele van die stede, afgeskei van die blankes. Segregasie is ingevoer om samewerking tussen Wit en Swart te verhinder. As finale produk sien die skrywer 'n Suid-Afrikaanse swart republiek gelei deur die Kommunistiese Party om die doel te bereik.⁷⁴

Teen die middel van 1943 het die Kommunistiese Party verdere eise aan die Smuts-regering gestel. Die eis van 1941 dat konsulêre betrekkinge met Moskou aangeknoop moes word is toegestaan - in 1943 was daar 'n Sowjet konsul in Suid-Afrika. Die kommuniste het gevra vir die vorming van 'n groot swart leër - 'n leër van 100,000 swartes is op die been gebring. Hulle het gevra vir die bewapening van swart troepe - sekere swart soldate het wapens gekry. Die kommuniste het die regering gevra vir die opheldering van die status van hul party - hulle is erken as 'n wettige politieke organisasie. Die party het dr. C. Steyn gevra vir die loslating van hul swart sekretaris, M.M. Kotane, wat kragtens die noodregulasie in hegtenis geneem was - hy is losgelaat sonder 'n verhoor. Die Transvaler berig dat die Kommunistiese Party

73. Ibid.

74. Ibid.

verklaar het dat aangesien genoemde eise suksesvol was hulle die regering gaan nader m.b.t. die opheffing van die kleurslagboom en volkome gelyke regte. Die koerant het 'n beroep op die blanke Suid-Afrikaners gedoen om wal te gooi dat die regering nie weer toegee nie.⁷⁵

Alhoewel die Kommunistiese Party nie setels tydens die 1943-verkiesing behaal het nie, was daar wel 'n aanduiding dat hulle bo-verwagting heelwat steun gekry het. Die party het dit beskou as slegs die begin van 'n nuwe tydperk in die geskiedenis van Suid-Afrika. Met nuwe geesdrif het hulle tydens die 1944-kongres planne beraam om hulle invloed verder uit te brei. Hulle het meer pamflette onder die swartes versprei en veral nadruk ge lê op die verkryging van absolute regte vir die swartes.⁷⁶

In 1944 het die kommuniste 'n nuwe propagandametode in die stede gevolg. Organiseerders van die party het huis-tot-huis besoeke afgelê om huisbediendes te laat saamstaan om hul regte te eis. Die agente het uitgevind wat die swartes verdien en hoe die kos, huisvesting, ens. was. Daarna het die "preek" oor die hongerloon, oor saamstaan en hoër en menswaardiger eise, gevolg.⁷⁷

Teen die laaste paar maande van die oorlog het die kommuniste vasberade pogings aangewend om in beheer van die adviserende rade in lokasies te kom. Deur middel van allerlei sette het hulle getrag om agterdog en onrus onder die inwoners van die lokasies te saai en die blanke as 'n wrede despoot aan die oningeligte swartes voorgestel. Daar is na enigiets gegryp in 'n poging om hierdie doelstellings te bereik. Na aanleiding van die

75. Ibid., 43-07-02, p.3.

76. Die Burger, 44-01-08, p.1.

77. Die Transvaler, 44-11-14, p.3.

geringste voorvalletjie, is betogings gehou, stakings uitge= roep en onluste aangemoedig.⁷⁸

Voor die verkiesing van adviserende rade het die kommuniste die swartes goed bearbei met beloftes en kon hulle staatmaak op die steun van baie. Op die manier het die kommuniste in die Swart Adviserende Rade ingesypel en hul mag gebruik om alles wat die blanke stadsrade vir lokasies voorgestel het, teen te gaan en te bestry.⁷⁹

In Mei 1945 is een van die grootste betogings deur Nie-Blanke kommuniste in Johannesburg gehou. Nagenoeg 10,000 betogers, van wie die meerderheid swartes was, het op die Markplein in New= ton saamgetrek. Die betoging het later oorgegaan in 'n optog en is deur blanke- en swart sprekers toegespreek. Drie organi= siasies, die Kommunistiese Party, die A.N.C. en die Transvaalse Rade van Nie-Blanke Vakbonde, was verantwoordelik vir die or= ganisasie van die betoging.⁸⁰

Sprekers o.a. adv. A. Fischer en sen. H. Basner, het te velde getrek teen die blanke en die Suid-Afrikaanse regering. Die sprekers het uitgeroep dat die oorlog bykans verby was, maar dat die oorlog in Suid-Afrika slegs begin het. Dr. Malan is voor= gehou as 'n Nazi en daar is geskreeu dat Nazi's in Suid-Afrika uitgeroei moes word. Slagspreuke soos "weg met kleurdiskrimi= nasie" en "weg met die kleurslagboom" is uitgeroep. Jode het duisende kommunistiese pamflette versprei en Sowjet vlae het in die lug gewapper.⁸¹

78. Ibid., 45-01-24, p.5.

79. Ibid.

80. Ibid., 45-05-10, p.1.

81. Ibid.

Volgens Die Transvaler het die swartes die agitators maar traag gevolg, aangesien hulle nie juis geweet het wat Kommunisme beteken het nie - hulle het maar net diegene gevolg wat teen die blanke was.⁸²

Teen die einde van die oorlog het die Kommunistiese Party in sy strewe na kleurgelykstelling, alles in hul vermoë gedoen om die Arbeidersparty te oorreed om 'n verkiesingsooreenkoms aan te gaan met die oog op die Johannesburgse stadsraadsverkiesing. D. du Plessis, die toe waarnemende sekretaris van die Kommunistiese Party aan die Rand, het gesê dat die Arbeidersparty nie beseef het in hoe 'n swak posisie hulle in die verkiesing gestaan het nie. Volgens du Plessis het die Kommunistiese- en Arbeiderspartye dieselfde beleid gehad behalwe vir die kleurbeleid van die kommuniste en dat dit nie rede genoeg was om met die Kommunistiese Party saam te werk nie.⁸³

Ons sien dus dat die Kommuniste nie slegs die swartman se guns wou wen nie, maar alles in die stryd sou werp om die beheer van die land stelselmatig, al is dit met behulp van 'n ander party, in die hande te kry. Die vraag wat die anti-kommunis homself kan afvra is: As die blanke Suid-Afrikaner vatbaar vir die kommunistiese ideologie sou wees, sou die kommunis dan ook so baie aandag aan die swartes gegee het?

Kommuniste eis wapens vir die swartes

Die Tweede Wêreldoorlog het 'n gunstige geleentheid aan die Kommunistiese Party van Suid-Afrika gebied om by die regering aan te dring dat swartes ook wapens kon dra en sodoende die land te help beveilig.

82. Ibid.

83. Die Transvaler, 45-09-25, p.5.

In 'n lys van ongevallen tydens die eerste paar jaar van die oorlog kom dit voor, volgens Inkululeko, dat 'n groot aantal swartes afkomstig was uit die stede van Suid-Afrika. Die blad berig dat die swart bevolking van Suid-Afrika gretig was om die oorlog teen die fasciste te wen, maar dat die regering nie die swartes van wapens verskaf het nie en geen opleiding in oorlogsvoering ontvang het nie.⁸⁴

Genl. Smuts het tydens die 1942-sitting van die Volksraad daarvan melding gemaak dat sou Suid-Afrika deur Japan aangeval word, die swartes bewapen sou word. Aan die ander kant het die Herenigde Nasionale Party die blanke volk tot protes daarteen opgeroep en verklaar dat die bewapening van die swartes die behoud van die blanke bevolking sou ondermyn en die rewolusionêre gedagte van die kommuniste versterk. Genl. Smuts is voorgehou as 'n verraaier van die blanke bevolking in Suid-Afrika.⁸⁵

Alhoewel genl. Smuts verklaar het dat wapens aan swartes gegee sou word slegs indien Suid-Afrika aangeval sou word, het die kommuniste geëis dat wapens dadelik aan swartes en ander gekleurdes gegee moes word en dat die tyd van praat verby was - die Kommunistiese Party het onmiddellike aksie geëis en verklaar dat die swartman die wapen benodig vir oorwinning en vryheid.⁸⁶

Dr. Malan het die moontlike verskaffing van wapens aan swartes bestempel as die selfmoord van die blanke ras. "Gee hulle nou die wapen in die hand in die aangesig van 'n ontwapende blanke Afrikanerdom en dan kan ons maar vaarwel sê aan elke beginsel waarvoor ons voorouers hul bloed gegee het, aan al ons heiligste

84. Inkululeko, Februarie, 1942, p.4.

85. Die Kruithoring, 42-03-26, p.1.

86. Die Transvaler, 42-04-13, p.1.

volkstradisies en aan die voortbestaan van die blanke ras self."⁸⁷

Genl. Smuts se woorde was miskien te kras beoordeel deur Nasionaliste - hy het slegs die moontlikheid van wapens aan swartes genoem. Wat wel veroorsaak is deur sy verklaring is dat dit verdere water op die meul van die kommuniste gewerp het. Tydens 'n Kommunistiese Partyvergadering in Maart 1942 te Kaapstad het die sprekers, onder toejuiging van hordes swartes, geëis dat die party nie slegs die wapen vir swartes verlang nie, maar ook stemreg en Nie-Blanke verteenwoordiging in die Parlement.⁸⁸

Die Verenigde Party-pers het die Herenigde Nasionale Party aangeval en berig dat dié party met die bewapeningstorie weg=hardloop. The Friend het beklemtoon dat Smuts slegs die moont=likheid daarvan genoem het en dat dit nie beteken het dat dit toe onmiddellik sou plaasvind nie. Die blad verklaar verder dat die swartes wat wel bewapen gaan word dit slegs vir selfver=dediging en diensplig sou gebruik. Vir die koerant was die Herenigde Nasionale Party se verklaring dat dit die ondergang van die blanke bevolking in Suid-Afrika sou beteken, onsinnig. Die berig het ook verwys na die verlede toe Voortrekkers wapens aan swart agterryers gegee het.⁸⁹

E.T. Mofutsanyana, die Voorsitter van die Kommunistiese Party in Johannesburg, het 'n paar dae nadat bg. berig in The Friend verskyn het, gesê dat dit te laat sou wees om die swartes te

87. Ibid., 42-03-19, p.1.

88. Ibid., 42-03-20, p.1.

89. The Friend, 42-03-20, knipsel.

bewapen as Japan eers sou aanval. Volgens hom moes die swartes dadelik bewapen word en militêr opgelei word.⁹⁰

Dwarsdeur Suid-Afrika het die H.N.P.-protesvergaderingsteen genl. Smuts se uitlating gehou. Mnr. J.L. Brill, (L.P.R. Vrede=dorp), het tydens 'n vergadering gesê: "Die blankedom van Suid-Afrika moet ontwaak en nag en dag veg teen verbastering. Die voorgenome bewapeningsplan van die naturelle en kleurlinge, deur Veldmaarskalk Jan Smuts, is die wrangste vrugte van Britse Imperialisme ... ons het tans nog 'n mylpaal bereik. Ons het gekom by die uitbreek van nog 'n ryp sweer wat deur die imperia=liste veroorsaak is."⁹¹

Tydens 'n protesvergadering te Paarl het genl. J.C.G. Kemp die mening uitgespreek dat dit onsinnig was om te dink dat Japan, wat 7,000 myl van Suid-Afrika geleë was, die land sou aanval. "Dit is 'n Godsbeskikking dat die Afrikanervolk hier voet aan wal gesit het en deur al die eeue in weerwil van barbare staande gebly het. Ons kan nooit daaraan dink om nou Nie-Blankes te bewapen om ons sg. te beskerm nie."⁹² Hy het gesê dat die gevolg van genl. Smuts se stap die voortbestaan van die blanke ras in Suid-Afrika oneindig moeiliker maak en dat as die witman sy gevoel teen kleur sou verloor, dit sy voortbestaan sou vernietig.⁹³ Genl. Kemp het verder gesê dat sedert Rusland Suid-Afrika se bondgenoot was, nie meer gevra word nie, maar geëis word. Volgens hom het die blanke die gevare te lig geskat en dat dit later te laat kon word.⁹⁴

90. Die Transvaler, 42-03-24, p.1.

91. Ibid., 42-03-26, p.1.

92. Ibid., 42-03-28, p.1.

93. Ibid.

94. Ibid.

Aan die een kant kom dit voor asof die nasionaliste Smuts se verklaring te sterk opgeneem het - Smuts het tog gesê dat hy die swartes sou bewapen slegs as Japan Suid-Afrika aanval - Kemp het self die moontlikheid van 'n aanval bevraagteken. Aan die ander kant is uit ondervinding geleer dat genl. Smuts soveel toegewings aan die kommuniste gemaak het dat hy onder druk van hulle miskien kan toegee en die swartes bewapen afgesien van 'n inval deur Japan. Dit is juis wat die kommuniste wou gehad het - bewapening van die swartes in die stede kon 'n binne-landse opstand moontlik laat slaag het.

Smuts se toespraak by die opening van die "Freedom Fair" in Pretoria het nasionaliste se teenkanting teen bewapening versterwig. Hy het toe o.a. gesê dat as Japan Suid-Afrika sou aanval, "I hope we shall see a united South Africa repelling them".⁹⁵ Ongeveer 'n maand later het Smuts, nadat hy van die Midde-Ooste teruggekeer het self gesê dat dit baie onwaarskynlik was dat Suid-Afrika deur Japan aangeval sou word.⁹⁶

'n Mens sou kon dink dat die Herenigde Nasionale Party met bg. uitlating van Smuts, dat Japan moontlik nie sou aanval nie, die protes teen bewapening van swartes sou aflas. Dit was nie die geval nie - die kommuniste het steeds aangedring op bewapening van swartes en die nasionaliste moes steeds wal gooi dat Smuts nie moes swig voor kommunistiese eise nie.

Dit was tog duidelik dat die bewapening van die swartes, hand aan hand met die kommunistiese ideale geloop het. Dog berig

95. The Daily Mail, 42-05-02, p.5.

96. Ibid., 42-05-23, p.5.

die Daily Mail in Augustus 1942 dat die Malaniete die bewapening van die swartes in lyn gebring het met Kommunisme en dit wou aanwend vir verkiesingsdoeleindes. Die koerant het erken dat die Kommunistiese Party, die "Friend of Soviet Union" en die "Left Club", bewapening van swartes gesteun het, maar dat dit nie 'n kommunistiese set was nie. "The Malanite and their Press are busily engaged in the manufacture of a new bogey to frighten the electors ..."⁹⁷

Teen die begin van 1943 het mnr. T. Wassenaar op Belfast gesê: "Die gevaar wat ons bloed bedreig, deur die gebruik van die kleurling en naturel in die oorlogspoging, eien laasgenoemde hulself die reg van gelykstelling toe. Die regering staan magteloos ... Die gevaar van Kommunisme bedreig die hele wêreld en ook vir Suid-Afrika. Hy sluip nader in ons vakbonde. Kommunisme is ten gunste van gelykstelling, Hy is ten gunste van rassegelykheid, ekonomiese, politieke en kleurgelykstelling. Kan die boerenasie nog sy oë toemaak vir hierdie gevare wat die fondament van sy bestaan bedreig."⁹⁸

Dr. Malan het tydens die Volksraadsitting gesê: "Daar is dikwels gesê dat as Japan die oorlog sou wen en troepe in Suid-Afrika sou land, dit 'n ramp sou wees ... Maar ek sê dit: 'n Groter ramp sal dit wees as hier binne ons eie grense die Nie-Blanke bevolking wat soveel meer miljoene tel as die blanke ras, sou doen wat nou openlik in die Kaapstadse stadsaal, en op ander plekke verkondig word, waar geëis word dat absolute gelykstelling

97. Ibid., 42-08-22, p.5.

98. PV 94, E.G. Jansen-versameling, lêer 75. Vgl. Die Transvaler, 43-03-11, knipsel.

met die blanke verkry moet word, desnoods met wapens."⁹⁹

2. Die regering se houding teenoor die Kommuniste

Volgens Eric Louw het Rusland en die kommuniste in guns gegaan by die Smuts-regering sedert Junie 1941 met die bondgenootskap tussen Engeland en Sowjet Rusland. Met dié gunstige toestand in Suid-Afrika vir die Kommunistiese Party is, onder die dekmantel van oorlogspropaganda 'n intensiewe en wydvertakte propagandaveldtog op tou gesit, veral onder die swart verstedelikes.¹⁰⁰

Alhoewel die kommuniste se doel was om die hele swart bevolking in 'n volksfront te organiseer het hy hom veral op die stedelike swartes afgedwing. Hier waar die swartes kontak gehad het met die blanke kon die griewe makliker gekanaliseer word en kon die kommuniste beter gewys het dat hy 'n "vriend" van die swartman was. In sy strewe na 'n proletariese wêrelddiktatorskap moes die meerderheid swartes in die land se steun bo die van die blanke verkry word. Deur eers die stedelike swartes se griewe vir eie gewin uit te buit kon die kommunistiese propaganda na die platteland en reservate uitbrei en moontlik lei tot 'n "massa" aksie.¹⁰¹

Die Herenigde Nasionale Party het die uiteindelijke doelstelling van die Kommuniste besef en het lank voor die Tweede Wêreldoorlog reeds gepoog om die regering op die gevare van die kommunistiese invloed onder die swartes te wys. Mosies en versoeke wat tydens die Smuts-regering se bewind ingedien is, is beskrywe

99. E.H. Louw, op.cit., pp. 23 - 24.

100. Ibid., p. 17.

101. Ibid., pp. 6 - 10.

as "spookstories en goggas" en dat optrede teen die kommuniste geen regverdiging gehad het nie.¹⁰²

In Julie 1941 het dr. Colin Steyn in 'n toespraak te Bethlehem gesê dat dr. Malan en die Herenigde Nasionale Party, wat sy kommer oor Rusland en Kommunisme uitgespreek het, weer na 'n nuwe strooi gryp. Volgens hom het Kommunisme geen gevaar vir Suid-Afrika ingehou nie en gesê dat Malan geen beswaar teen Russiese Kommunisme gehad het toe Duitsland 'n bondgenoot van Rusland was nie.¹⁰³

Toe Suid-Afrika diplomatieke betrekkinge met Rusland aangegaan het, het die Herenigde Nasionale Party by monde van Eric Louw gesê dat genl. Smuts boetie-boetie gespeel het met Josef Stalin aangesien Rusland toe besig was om Engeland se oorlog vir hom te voer en durf hy nie die resiko neem om teen Stalin se kommuniste in Suid-Afrika op te tree nie.¹⁰⁴ By geleentheid het Smuts dan ook gesê: "Hier in ons land word nou op 'n totaal onverantwoordelike wyse by voorbaat vyandskap verkondig teenoor Rusland ... Niks is gevaarliker vir ons en vir die wêreld, as om nou, waar Rusland die grootste las van die oorlog dra ... om nou te velde te trek teen Rusland, en so 'n veldtog teen Rusland te voer nie."¹⁰⁵

Tydens die 1943-sitting van die Volksraad het Louw 'n volledige uiteensetting van sy mosie¹⁰⁶ ter onderdrukking van kommunisme in Suid-Afrika, voorgelê. In antwoord op die mosie het dr. C. Steyn gesê dat die regering nie op roekelose wyse te werk

102. Ibid., p.3.

103. The Friend, 41-07-08, knipsel.

104. E.H. Louw, op.cit., p.4.

105. Ibid., p.5. Vgl. Inkululeko, 43-03-27, p.1.

106. Volledige mosie vgl. Voetnoot 143.

kon gaan om teen enige seksie van die bevolking op te tree nie, verwysende hier na die kommuniste in Suid-Afrika. T.o.v. die voorstelle in Louw se mosie het Steyn gesê: "Ek is oortuig daarvan dat daar nie die minste regverdiging is vir wat hy (Louw) gesê het nie; ek is oortuig daarvan dat daar nie die minste regverdiging is vir die stappe wat hy wil hê die Regering moet doen nie."¹⁰⁷

In Januarie 1943 het Die Burger verklaar dat die onluste in Pretoria deur die swart werkers van die stadsraad 'n produk was van kommunistiese agitators.¹⁰⁸ Soos voorheen genoem het getuies bevestig dat kommuniste 'n aandeel in die onluste gehad het.¹⁰⁹ Steyn het die kommuniste verontskuldig.¹¹⁰ J.G. Strijdom het hierop gesê: "Maar die Minister van Justisie (Steyn) sê daar is geen getuienis dat propaganda van hierdie aard gemaak word nie. Hy is siende blind en horende doof. Ons het die getuienis dat die Kommuniste Party agter al hierdie dinge gestaan het ..."¹¹¹

Soms blyk dit asof die regering werklik niks kwaad in kommunistiese propaganda gesien het nie, want in 1943 het hulle die Kommunistiese Party as 'n wettige politieke organisasie erken.¹¹² Andersyds blyk dit dat die regering die Kommunisme slegs verdra het a.g.v. hul verbintenis, via Engeland, met Rusland.

In 1943 is veral 'n stryd tussen Louw en Steyn met betrekking tot die Kommunisme gevoer. Eersgenoemde het die siening van die

107. Hansard. Deel 45, 1943, kolom 1498. Vgl. The Daily Mail, 43-02-13; p.3.

108. Vgl. voetnoot 38.

109. Vgl. voetnoot 39.

110. Vgl. voetnoot 40.

111. Hansard. Deel 45, 1943, kolom 2883.

112. Die Transvaler, 43-01-25, p.1.

Herenigde Nasionale Party gehuldig en gesê dat kommunistiese aktiwiteite daagliks onrusbarender geword het. Volgens Louw het die stedelike swartes die meeste daaronder deurgeloop. Die swartes is aangehits tot opstand, onluste, stakings en allerlei eise asook teenkating teenoor die blanke. Volgens Louw het die kommissie van ondersoek na die onluste in Transvaal en Natal geen bewyse van kommunistiese opsweping gevind nie - looneise en diensvoorwaardes is gewoonlik gebruik as oorsaak vir stakings en oproere.¹¹³ Hieroor het Louw gesê dat die regering hul oë doelbewus toegehou het omdat Rusland 'n "Gallant Ally" van Suid-Afrika was.¹¹⁴

Steyn het telkens met die verskoning gekom dat geen bewyse teen die kommuniste gevind kon word nie en dat Louw nie so seer begaan was oor die handhawing van wet en orde in Suid-Afrika nie, maar om daardeur propaganda te maak vir sy party.¹¹⁵

As gevolg van die negatiewe "laat-maar-loop"-beleid van die Smuts-regering, het die Kommunistiese Party besef dat hulle moes help sorg dat genl. Smuts weer in die 1943-verkieping herkies word. 'n Sirkulêr is deur die party uitgestuur waarin gemeld is dat die toekoms van die Kommunistiese Party donker sou wees as die Herenigde Nasionale Party aan bewind sou kom. Die kommuniste het die Smuts-regering "gesteun" en gesê dat Suid-Afrika voorspoed beleef het onder die bewind van genl. Smuts.¹¹⁶

As gevolg van Smuts se erkenning van die Kommunistiese Party

113. Hansard. Deel 45, 1943, kolom 581 - 582.

114. PV 4, E.H. Louw-versameling, lêer 143. Vgl. PV 16, D.J. Mostert-versameling, lêer 12.

115. Ibid. Vgl. Inkululeko, 43-02-29, p.1.

116. The Daily Mail, 43-05-22, p.3.

as politieke organisasie het dié party vordering gemaak en ingesypel in Stadsrade. Albei kandidate, S. Kahn en G. Sacks is in 1943 met groot meerderhede verkies tot die Kaapstadse Stadsraad.¹¹⁷ Hierdeur kon die kommunistiese propaganda makliker aan die Kaapstadse swartes versprei word en sou die swartes se eise gesteun word deur hulle kamerade in die Raad.

Die kommuniste het hul sukses nie toegeskryf aan die regering se "goedhartigheid" nie maar probeer bewys dat hulle beleid stelselmatig meer populêr geword het. Hulle het verklaar dat hulle reeds die swartes en die stede se welwillendheid en ondersteuning geniet het en dat selfs blankes in 'n toenemende mate gesien het dat die kommunistiese ideologie 'n oplossing vir Suid-Afrika se probleem kon bied. Die verkiesing van hulle lede op Stadsrade is deur hulle beskou as die begin van 'n toekomstige groep kommuniste in die Parlement en ander Verteenwoordigende Rade.¹¹⁸

Die regering het die sukses van die Kommunistiese Party verontagsaam en kon nie insien dat, afgesien van die sukses wat hulle met hul propaganda onder swartes behaal het, die party op politieke gebied ook sy kop begin uitsteek het. Genl. Smuts het gesê dat die Kommunisme 'n kwessie was waaroor daar geen bekommernis was nie. Verwysende na die Algemene Verkiesing van 1943, het hy gesê dat al die geroep en geskreeu oor die Kommunisme, as 'n bedreiging tydens die verkiesing, beantwoord was toe gewys is dat dit as 'n praktiese mag in die land niks

117. Die Transvaler, 43-09-08, p.1.

118. Ibid., 44-01-13, p.5.

beteken het nie.¹¹⁹

Die Smuts-regering, asook die Sapers het Suid-Afrikaanse Kommunisme verontskuldig. Hulle het met die bewering gekom dat Rusland se propaganda slegs tot Rusland self beperk was en dat die Kommunisme wat in Suid-Afrika bestaan het "onskadelik" was.¹²⁰

Maj. P. van der Byl het op 5 Mei 1943 met sy verkiesingsveldtog op Heidelberg (K.P.) hom as volg uitgelaat: "Kommunisme is nie vandag gevaarlik nie. Trotsky en Lenin wou dit internasionaal maak, en dit het Trotsky sy lewe gekos. Stalin wil Kommunisme 'n nasionale beweging maak. Kommunisme van ander lande is dus nie Kommunisme van Rusland nie."¹²¹

Wat Smuts en sy ministers volgens Eric Louw nie besef het nie was dat Stalin en Trotsky presies dieselfde doel met Kommunisme gehad het, hulle taktiek het net verskil. Trotsky se standpunt was dat die program van "wêreld-rewolusie" dadelik uitgevoer moes word. Stalin was gekant teen haastige optrede en wou Sowjet Rusland eers sterk gemaak het sodat hy in 'n beter posisie sou wees om die Kommunistiese program uit te voer.¹²²

Dat Smuts daarin geglo het dat kommunistiese propaganda onder swartes geen gevaar vir die land ingehou het nie blyk duidelik in sy uitlating in die Volksraad in 1943: "Die agbare lid (Louw) sien 'n spook, en dit is 'n spook wat hy vir verkiesingsdoeleindes wil gebruik - die swart gevaar en die Russiese rewolusie. Die agbare lid vir Beaufort-Wes is besig om daardie

119. Ibid., 44-03-21, p.3.

120. E.H. Louw, op.cit., p.20.

121. Ibid.

122. Ibid., p.21.

kleintjie te troetel en te probeer grootmaak ... As ons oor die Kommunisme praat, dan moet ons nie oor Rusland praat nie. Ons moet nie ons lokale Kommunisme verbind met Russiese Kommunisme nie ... daar is nie die minste bewys dat die Kommunisme wat hier bestaan iets met die stelsel in Rusland te doen het nie ..."¹²³

Genl. Smuts en sy regering het dus geweier om teen die Kommunisme in Suid-Afrika op te tree. Hulle was bereid om toe te laat dat die kommunistiese propaganda en agitatie onder die swartes ongestoord voortgaan. Volgens Louw was die regering bereid om toe te laat dat die fondament van die Christelike geloof in Suid-Afrika ondergegrawe word; hulle was bereid om toe te laat dat die voortbestaan van die blanke beskawing in die suidhoek van Afrika bedreig word.¹²⁴

Tydens die 1944-sitting van die Volksraad het Louw vir die hoeveelste keer weer die kwessie van kommunistiese propaganda onder die swartes bespreek. Hy het daarop gewys dat die Sekretaris van Naturellesake erken het dat politieke agitators die swartes aangespoor het tot stakings, onluste, ens. en nie ontken het dat die agitators kommuniste was nie. Op 'n vraag wat die definisie van kommunistiese agitators was het Louw geantwoord: "Dit is agitators wat die beginsels van Kommunisme onder die naturelle versprei, en wat die naturelle oprui."¹²⁵

Weer eens het die regering met 'n negatiewe oor geluister en 'n tydsbeperking ingestel aan die bespreking sodat Louw nie

123. Hansard. Deel 45, 1943, kolom 3108.

124. E.H. Louw, op.cit., p.23.

125. Hansard. Deel 50, 1944, kolom 8763.

sy volle pleidooi teen Kommunisme kon volvoer het nie. In plaas daarvan om die waarskuwings van die Herenigde Nasionale Party ter harte te neem het kabinetslede eerder Kommunisties-ondersteunde organisasies toegesprek. Die adjunk-premier, J.H. Hofmeyr, het in Julie 1944 die opening van die kongres van die "Friend of Sowjet Union" waargeneem. Hy het beklemtoon dat dit onsin was dat die kommuniste swartes aanspoor tot stakings en allerlei eise. Die kommunistiese ideologie is opgehef en Hofmeyr het die Russiese kultuur verheerlik. 'n Mosie van samewerking met Rusland is aanvaar. 'n Boodskap van genl. Smuts is voorgelees waarin hy gesê het dat Rusland 'n magtige rol in die oorwinning van die oorlog gespeel het.¹²⁶

In 1945 het die opposisie weer eens die regering se aandag gevestig op al die vlakke van die samelewing waar Kommunisme sy invloed laat geld het. Daar is verwys na vakunies waar die Kommunisme die swart stedelike swarte opgerui het, na stakings wat jaarliks toegeneem het a.g.v. kommunistiese invloede. Mnr. F.E. Mentz, (H.N.P. Westdene), het Madeley beskuldig dat hy geen kontrole gehad het oor vakunies wat kommunisties georiën-teerd was nie en dat die regering se veronskuldiging van Komunisme veroorsaak het dat propaganda vrylik versprei kon word. Madeley het geantwoord dat die Herenigde Nasionale Party jaarliks met hul "gogga" van Kommunisme voor die dag gekom het en dat hy uitsien na die tyd wanneer die nasionaliste met iets nuuts voor die dag gaan kom. So min het Madeley en die ander regeringslede van Kommunisme gedink dat hy van die opposisie

126. Die Transvaler, 44-07-07, p.1.

wou weet wat Kommunisme was. Volgens hom was 'n kommunist iemand wat sy wil op ander wou afdwing in plaas daarvan om ander na sy siening oor te haal. Hy het gesê dat dit wat die opposisie gedoen het presies dit was, en die Herenigde Nasionale Party dus as kommuniste beskou.¹²⁷

Met die voortsetting van die debat in Mei 1945 het adv. C.R. Swart, (H.N.P. Winburg), die regering beskuldig dat hulle nie konsekwent opgetree het teen ondermynende organisasies nie. "Ons het gesien dat die Ossewabrandwag tot 'n ondermynende organisasie verklaar is. Maar die kommunistiese beweging gaan voort met sy opsweping en opruiing in die land, sonder dat hy tot 'n ondermynende organisasie verklaar word."¹²⁸ Swart het verder gesê: "Die Minister van Justisie (Steyn) is beskermheer van sommige van die kommunistiese organisasies. Toe daar verlede jaar 'n groot optog gehou is deur die strate van Kaapstad met groot opruiende baniere, het hy 'n telegram gestuur 'I wish you all success' - hulle word toegelaat om op te rui" was sy gevolgtrekking.¹²⁹

Ons sien dus dat teen die einde van die oorlog geen stappe deur die regering gedoen is om kommunistiese propaganda onder die swartes teen te gaan nie. Met die oorlog agter die rug het Madeley in November 1945 tydens die viering van die 28ste verjaarsdag van die Sowjet Unie gesê: "I am longing to see the Socialist system spreading to the rest of the world ... I welcome the influence the Soviet Union is exercising on the rest

127. Ibid., 45-02-16, p.5.

128. Hansard. Deel 54, 1945, kolom 8155 - 8156.

129. Ibid., kolom 8158.

of the world. We salute the Soviet Union, her gallant Red Army and her workers."¹³⁰ Selfs Sacks, Bunting en Snitcher kon hulle nie duideliker uitgespreek het vir die totstandkoming van 'n Kommunistiese Staat in Suid-Afrika, gebaseer op die basis van swart proletariaat, nie.

Opsommend kan die volgende oor die houding van die regering teenoor die kommuniste gesê word: Colin Steyn en genl. Smuts het by verskillende geleenthede die Herenigde Nasionale Party se waarskuwings teen kommunistiese propaganda onder die swartes beskou as "spookstories"; Madeley het dit as 'n "gogga" beskou wat deur die nasionaliste as verkiesingspropaganda gebruik is; Steyn het in die Volksraad gesê: "Wat het die Kommunistiese Party gedoen dat ons teen hulle moet optree."¹³¹ Vooraanstaande V.P.-lede het aan kommunistiese organisasies behoort. Beskermhere van "Friends of Soviet Union" was Colin Steyn, H.G. Lawrence en F.C. Sturrock; die linksgesinde Arbeidersparty was die Verenigde Party se verkiesingsbondgenoot.¹³² Die V.P. het kommuniste in Rade aangestel - toe Lawrence daaromtrent uitgevra is het hy gesê: "They may have been members of the Communist Party, but I have been governed there largely by the circumstances that they have supported the Government in the past years. I make no apology for that."¹³³ Die V.P. het 'n bondgenoot gemaak van die kommunistiesgesinde "Springbok Legioen" - die organisasie het die V.P. openlik en aktief gehelp tydens verkiesingstye.¹³⁴

Hierdie bondgenootskappe en verbintenisse met kommunistiese

-
130. PV 4, E.H. Louw-versameling, lêer 76. Artikel in New Era, 45-11-15, p.4.
 131. PV 16, D.J. Mostert-versameling, lêer 12.
 132. In 1929 was die Arbeidersparty 'n bondgenoot van die Nasionale Party.
 133. PV 16, op.cit.
 134. Ibid.

organisasies het die V.P. gekniehalter. Die V.P. was magteloos om teen kommunistiese propaganda onder swartes op te tree.

In 1946 het genl. Smuts die kommunistiese gevaar so beskryf: "Daar is 'n kommunistiese beweging te vind in die land. Maar dis nie 'n Sowjet beweging nie ... maar dit is 'n beweging wat so te sê in die lug is."¹³⁵

Dit wil voorkom asof die Verenigde Party se negatiewe houding teenoor optrede teen kommunistiese agitاسie deur die volgende veroorsaak is: Smuts se "vriendskap" met Stalin; lede van sy eie kabinet het aan kommunistiese organisasies behoort; nie op daardie stadium die werklike gevaar van Kommunisme besef het nie en gereken het op die steun van die kommuniste tydens verkiezings.

3. Die Herenigde Nasionale Party se anti-kommunistiese veldtog

Twee jaar voor die aanvang van die Tweede Wêreldoorlog het die Herenigde Nasionale Party reeds die destydse regering gewaarsku teen die gevaar van die Kommunisme. Op die Kaaplandse kongres van die H.N.P. in 1937 is aangedring op die bestryding van Kommunisme en die volgende besluit is eenparig deur die kongres geneem: "Die kongres vestig die aandag van die regering op die steeds toenemende Kommunistiese gevaar in Suid-Afrika, en eis dat dit bestry moet word."¹³⁶

Aangesien die Kommunisme hom veral gewend het tot die swartes was die Herenigde Nasionale Party se afkeur aan Kommunisme veral

135. Ibid.

136. E.H. Louw, op.cit., p.3.

gegrond op twee beginsels: Dat die blankes in Suid-Afrika nie magsposisie moes behou, en dat die beginsel van rassesuierheid streng gehandhaaf moes word.¹³⁷

Die kommunistiese leerstellings en praktiese beleid het aan die wortels van beide bg. beginsels geraak. Een van die kardinale beginsels van die kommunistiese leer was dat alle mense, afgesien van ras of kleur absolute gelykheid moes geniet. Indien dus, Kommunisme in Suid-Afrika sou seëvier, dan sou die blanke ras se dae getel wees, aldus die Herenigde Nasionale Party. Om rassesuierheid in Suid-Afrika te kon handhaaf moes daar kleurskeiding wees, - die kommuniste het kleurskeiding verdoem.¹³⁸

Wat die H.N.P. veral verontrus het was dat die kommuniste 'n vrugbare teelaarde gevind het in die groot swart bevolking van Suid-Afrika. Die stedelike swartman het veral baie in aanraking gekom met kommunistiese propaganda. Propaganda in stede het tot ongeveer 1930 ondergronds geskied, maar allangs meer openlik. Veral vanaf 1941 is die saad ongestoord gesaai en het dit selfs steun vanuit sekere regeringskringe ontvang.

Skaars twee maande nadat Engeland 'n bondgenoot van Rusland geword het, het mnr. B.J. Schoeman tydens 'n H.N.P.-vergadering te Lindin gewys op die dreigende gevaar van kommunistiese propaganda onder veral die stedelike swartes wat meer vatbaar daarvoor was. Hy het sterk geprotesteer teen die passiewe houding van regering teenoor die Kommunisme en gesê dat sou die propaganda onder die swartes nie stopgesit word nie dit gewis sou lei tot bloedvergieting en ander rampe vir Suid-Afrika.¹³⁹

137. Ibid., p.13.

138. Ibid., pp. 13 - 14.

139. Die Transvaler, 41-07-21, p.6.

Ben Schoeman het gesê dat die doel van Kommunisme 'n wêreldrewolusie was en dat Suid-Afrika se swart bevolking 'n vrugbare grond daarvoor geskep het. Hy het daarop gewys dat die kommuniste stelselmatig in die arbeider se vakunies ingesypel het en belangrike betrekkings bekleed het. Hy kon genl. Smuts se passiewe houding m.b.t. Kommunisme nie begryp nie, aangesien Smuts self die kommuniste die skuld gegee het vir die 1914-stakings, die onluste op Bulhoek en die 1922-staking.¹⁴⁰

Die vergadering het die volgende mosie aangeneem: "Hierdie vergadering van lede van die Herenigde Nasionale Party van Johannesburg spreek hiermee hul hartlike dank en waardering uit aan hul geëerde Volksleier, dr. D.F. Malan, vir die kragtige en ondubbel-sinnige leiding wat hy gegee het in verband met die gevaar van Bolsjiwisme wat ons volk bedreig, en beloof hom hul onverdeelde trou en ondersteuning in enige stappe wat hy doen om Suid-Afrika van daardie gevare te vrywaar."¹⁴¹

Tydens die 1942-sitting van die Volksraad het Eric Louw 'n amendement op Oswald Pirow se voorstel dat 'n Gekose Komitee van Onderzoek deur die regering aangestel moes word om in te gaan op die kwessie van kommunistiese bedrywighede in Suid-Afrika, voorgestel. Louw het Pirow se voorstel as onvoldoende beskou aangesien die mosie volgens hom nie ver genoeg gegaan het nie. Louw het gesê dat Kommunisme in Suid-Afrika nie meer 'n kwessie van ondersoek was nie, maar 'n kwessie van optrede.¹⁴²

Louw se amendement het as volg gelees: "Dat die regering ver="

140. Ibid.

141. Ibid.

142. Hansard. Deel 41, 1942, kolom 2038 - 2039.

soek word om dadelik die nodige stappe te doem om -

- (1) alle Kommunistiese organisasies onwettig te verklaar, en Kommunistiese propaganda te verbied;
- (2) geen immigrante, ditsy vir permanente of tydelike verblyf, die Unie binne te laat nie, van wie dit bekend is dat hulle Kommuniste is, of die Kommunistiese leer voorstaan;
- (3) alle vreemdelinge wat bekend is as Kommuniste, of wat mee=doen aan Kommunistiese propaganda, te deporteer;
- (4) 'n verbod te plaas op die druk, publikasie, verkoop of verspreiding van boeke, nuusblaaië, tydskrifte, pamflette of ander leesstof, asook op die vertoon van rolprente, wat bedoel of bereken is om die kommunistiese saak te bevorder, of en Kommunistiese propaganda aan te moedig, en om die invoer van sodanige leesstof en rolprente te verbied;
- (5) paspoorte te weier aan Unie-burgers wat afgevaardig word na Kommunistiese kongresse in Rusland of ander plekke oor=see om Kommunistiese propaganda te bestudeer; en
- (6) die pas-aangeknopte betrekkings met die Sowjet-regering af te breek."¹⁴³

Louw se voorstel het op dowe ore geval en het teenkating onder andere vanuit die geledere van die Naturelleverteenwoordigers gekry.

Ongeveer 'n maand later het mnr. Paul Sauer, (H.N.P. Humansdorp), die bewapening van swartes veroordeel in die lig van kommunistiese

143. Ibid., kolom 2047 - 2048. Vgl. voetnoot 106.

propaganda in Suid-Afrika. Hy het in die Volksraad aangetoon dat kommunistiese propaganda vrugbare grond in die stedelike swarte gevind het. Sauer het Suid-Afrika se bondgenootskap, via Engeland, met Rusland voorgehou as die hernude uitbarsting van propaganda tydens die oorlog.¹⁴⁴

Met betrekking tot die Russiese konsolaat in Suid-Afrika het Sauer geë dat uit ondervinding van ander lande wat betrekkinge met Rusland aangeknoop het, geleer is dat die konsolante gebruik is om propaganda onder die arbeiders te versprei - in Suid-Afrika se geval die swartes.¹⁴⁵

Voorts het Sauer geë dat Suid-Afrika na die oorlog groot gees=telike, maatskaplike en ekonomiese moeilikhede sou hê en dat die gee van wapens aan die swartman dié toestand sou vererger. "Daar sal 'n gevaar vir Suid-Afrika geskep word wat verskriklike gevolge sal hê vir die witman en sy beleid."¹⁴⁶

Kol. D. Reitz het Sauer geantwoord m.b.t. die kommunistiese propaganda onder die swartes en geë dat daar nie juis Kommunisme onder die swartes geheers het nie, maar dat hulle meer gevoel het dat reg nie aan hulle geskied het nie."¹⁴⁷

Met die bespreking van die Polisie-begrotingspos in die Volksraad het mnr. S.M. Loubser, (H.N.P. Malmesbury), geë dat as 'n mens met oop ore in die stede rondloop, dit duidelik was dat daar 'n gevaarlike gees by die swartes bespeur kon word en Colin Steyn gevra of hy voorsiening gemaak het vir moontlike gebeure. Steyn het daarop geantwoord dat die polisie kommunistiese vergaderings

144. Die Burger, 42-03-18, p.3.

145. Ibid.

146. Ibid.

147. Ibid.

deeglik dopgehou het en waar daar oortreding van die wet voor= gekom het, stappe geneem is. Hy het nie genoem watter stappe geneem sou word nie, aangesien dit volgens hom nie in die open= bare belang was nie.¹⁴⁸

Op dr. P.J. van Nierop se beklemtoning van die feit dat Wit en Swart mekaar kameraad, broer en suster tydens kommunistiese vergaderings genoem het, het Steyn gesê dat dit normaal was dat afgevaardigdes mekaar so aanspreek. Hy het gesê dat hy oortuig daarvan was dat daar geen afstootlike gees tydens vergaderings geheers het nie en geweier om sulke byeenkomste te verbied.¹⁴⁹

Van die kant van die Nasionaliste in die Kaaplandse Provinsiale Raad onder aanvoering van mnr. P.J.H. Hofmeyr het 'n voorstel die lig gesien dat die "Raad met ernstige ontsteltenis en groot besorgdheid kennis neem van die uiterste erns daarvan om sekere kommunistiese agitators toe te laat aan 'n andersins vreedsame Nie-Blanke bevolking teen die blanke bevolking in Suid-Afrika op te sweep."¹⁵⁰ Die raad het vertoë tot die regering gerig om die ondermynende bedrywighede te belet. Hofmeyr het gesê: "Daar is bewegings aan die gang wat hulle op gevaarlike wyse rig tot die vatbare gemoed van veral die stedelike naturel."¹⁵¹

Op hierdie stadium was daar al 'n duidelike bewys dat die regering, na al die vertoë van die Herenigde Nasionale Party en ander instansies, geen poging aangewend het, of sou aanwend om kommunistiese propaganda onder die swartes te beoog nie. Volgens Eric Louw het die Smuts-beleid van "laat dinge maar ontwikkel" in 1922 tot bloedvergieting gelei - en dat dit weer kon gebeur.¹⁵²

148. Die Transvaler, 42-04-18, p.5.

149. Ibid.

150. Die Burger, 42-05-22, p.3.

151. Ibid.

152. E.H. Louw, op.cit., p.23.

Die jaar 1943 is begin met 'n hernude aanval van die Herenigde Nasionale Party teen Kommunisme. Louw het tydens 'n H.N.P.-vergadering¹⁵³ gesê dat hy nadat hy in 1937 teruggekeer het van Europa, ernstig gewaarsku het teen Kommunisme. "Vandag is die toestand meer ernstig, want a.g.v. die Unie se alliansie met Sowjet Rusland, het kommunistiese propaganda geweldig in die Unie toegeneem. Ek weet uit 'n baie goeie bron dat selfs in Regeringskringe daar bekommernis hieromtrent is, maar hulle durf nie daaraan roer nie, want nie alleen is Stalin nou 'n 'Gallant Ally' nie, maar Churchill en Jan Smuts se hoop is op hom gevestig."¹⁵⁴

Louw het verder gewys op die kleurvraagstuk en die kommunistiese propaganda onder die swartes en gesê dat dit deur die oorlog vererger is. "Daar mag i.v.m. hierdie vraagstuk geen kompromie wees nie. Die posisie van die blanke ras moet nou vir eenkeer beveilig word op politieke, ekonomiese en maatskaplike gebied."¹⁵⁵

So ernstig het die Herenigde Nasionale Party die indringing van die kommunistiese invloed onder die stedelike swarte, beskou dat Louw weer in 1943 'n mosie aan die Volksraad voorgelê het. Die 1942-mosie het nie inslag gevind by die regering nie en intussen het in verskeie stede onluste voorgekom.¹⁵⁶ Sy mosie was as volg:¹⁵⁷ "Dat die Raad sy ernstige verontrusting uitspreek oor die toenemende groei van kommunistiese propaganda en bedrywighede in die Unie, en oor die reeds sigbare uitwerking daarvan, veral op die Nie-Blanke bevolking, soos getuig die onlangse on-

153. Datum en plek onbekend.

154. PV 4, E.H. Louw-versameling, lêer 32.

155. Ibid.

156. Vgl. voetnote 38 - 41.

157. Vgl. voetnoot 143 t.o.v. 1942-mosie.

luste, asook die uittartende houding van die Nie-Blanke teenoor blankes, dat die Raad daarvan oortuig is dat die aanvaarding van kommunistiese leerstellings deur die Nie-Blanke bevolking, 'n noodlottige uitwerking sal hê op die verhouding tussen die blanke en Nie-Blanke rasse, en eindelik die voortbestaan van die blanke beskawing in Suid-Afrika sal bedreig; dat die Raad derhalwe die Regering versoek om die raadsaamheid te oorweeg om onmiddellike stappe te doen -

- (a) om die Kommunistiese Party en alle organisasies wat kommunistiese leerstellings propageer of aanmoedig, as onwettig, te verklaar;
- (b) om die propagering of aanmoediging van kommunistiese leerstellings, ditsy deur toesprake, verspreiding van leesstof, vertoon van rolprente, of deur enige ander middel te verbied en
- (c) om vreemdelinge wat die kommunistiese leer verkondig of propageer, te deporteer, en om geen immigrante in die Unie toe te laat van wie dit bekend is dat hulle kommunistiese leerstellings propageer of voorstaan nie;

dat die Raad verder die mening uitspreek dat bewapening van Nie-Blanke soldate, en die teenwoordigheid van die U.S.S.R. se diplomatieke verteenwoordigers in die Unie, bydraende faktore tot die groei van Kommunisme is, en derhalwe die Unie-regering versoek om die bewapening van Nie-Blanke soldate te staak, en om bestaande konsulêre verhoudings met die U.S.S.R. te verbreek."¹⁵⁸

158. Hansard. Deel 45, 1943, kolom 458.

Met die hervatting van die debat oor Kommunisme het Louw gesê dat die grondslag van die mosie berus het by die toenemende propaganda in Suid-Afrika, maar meer bepaald by die uitwerking daarvan op die swartes in die stede. Hy het gesê dat hy op Smuts staatmaak om sy mosie te steun aangesien hy (Smuts) skaars 'n week tevore aan 'n afvaardiging van die Engelse Kerke gesê het: "Things were inconvenient just now. There was a wave of unrest in this country. One thing was that Communistic influence was at work in the land on a fairly large scale."¹⁵⁹

Louw het gesê dat dinge wel ongemaklik vir die Eerste Minister was. "Aan die een kant is hy bewus van die gevaar van Kommunisme in Suid-Afrika, maar aan die ander kant sit hy met die hoofbevorderaar van wêreld Kommunisme, Josef Stalin, as bondgenoot, as sy 'Gallant Ally'."¹⁶⁰

Volgens Louw moes daar aangeneem word dat Stalin deur die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party in kennis gestel was wat Smuts en sy pers nog toe maar drie jaar gelede van hom gesê het - Smuts kon nie nou durf om Stalin kwaad te maak nie.¹⁶¹

Eric Louw het voorts gesê dat selfs die Sap-pers en sekere van sy lojale ondersteuners gewys het op die gevaar van die kommunistiese invloed onder die swartes. Die South African Mining Journal het op die gevaar gewys en verklaar dat Smuts nooit die swartes moes bewapen het nie. 'n Welbekende Smuts-ondersteuner, wie Louw nie wou uitwys nie, het geskryf. "The enormous growth of Communistic activities in this country within

159. Ibid., kolom 1466 - 1467.

160. Ibid., kolom 1467.

161. Ibid.

the past two years has now become a menace to which the Govern=ment is apparently turning a blind eye in its anxiety to avoid any semblance of an affront to Russia ..."¹⁶²

Louw het verwys na die onluste in die stede en gesê dat dit die gevolg was van genl. Smuts se onvermoë om op te tree. "Daar is nie die minste twyfel nie dat daardie onluste aangestook is deur die kommunistiese propagandiste."¹⁶³ Hy het ook gesê dat die swartman ook verdere eise begin stel het en dat Smuts meer toegewend geraak het a.g.v. die alliansie met Rusland.¹⁶⁴

Volgens Louw was genl. Smuts inherent gekant teen die Kommunis=me, maar dat hy uit vrees vir Stalin, toegelaat het dat opstokery voortgaan. Louw het daarop gewys dat dit nie by opstokery en onluste sou bly nie, maar dat dit sou uitloop op bloedvergieting en uiteindelik op 'n bloedbad in Suid-Afrika. "En nie alleen dit nie. As daardie soort propaganda ongehinderd voortgaan dan word in Suid-Afrika toestande geskep wat dit moeilik sal maak vir die blanke beskawing om hom in die toekoms in ons land te kan handhaaf."¹⁶⁵

Nadat Louw al die aspekte van Kommunisme in Suid-Afrika ont=rafel het, het dr. Colin Steyn gesê: "Om te begin wil ek nie met propaganda handel nie, want die toespraak was, vrees ek, veel meer gebruik vir algemene propaganda en om 'n aanval te maak op die kommuniste in Rusland, as 'n aanval op die Kommunistiese Party in Suid-Afrika ... Nou vra ek waar die Kommunistiese Party die wet hier oortree het; wat het hulle gedoen teen wet en or=de?"¹⁶⁶

162. Ibid., kolom 1468.

163. Ibid., kolom 1486.

164. Ibid.

165. Ibid., kolom 1487.

166. Ibid., kolom 1496.

Steyn het verder gesê dat die regering geen stappe kon doen teen die Kommunistiese Party nie aangesien daar geen bewyse was dat die kommuniste oortree het nie. As amendement op Louw se mosie het Steyn die volgende voorgestel: "Dat die Raad sy sterk afkeuring uitspreek van alle vorms van wetteloosheid en bandeloosheid onder die bevolking, wat ookal die oorsaak daarvan, sy dank aan die Regering betuig vir die sukses waarmee hy in besondere moeilike tye wet en orde gehandhaaf het, en die verdere handhawing van die binnelandse veiligheid en vrede met vertroue in sy hande laat."¹⁶⁷

Die Cape Times het in sy opsomming van Louw se toespraak gesê: "The country, including his own people, are heartily sick of him and his attempts to breathe some sort of life into the Communist bogey ... Dr. Colin Steyn had not the slightest difficulty in wiping the floor with mr. Louw."¹⁶⁸ Die Kruithoring se kommentaar was: "Die Regering van die land was met angs gevul want hul gewete was skuldig, hul hande was beplek ... Die droewige antwoord van Colin Steyn was 'n kolle anti-klimaks van losse bewerings, doellose rondspringery en skaam-kwaad apologie."¹⁶⁹

In Maart 1943 het die invloed van kommunistiese propaganda onder die swartes weer in die Volksraad ter sprake gekom. Die rede vir die regering se passiwiteit om teen Kommunisme op te tree het weer eens na vore gekom. Nadat dr. Malan die werklikheid van Kommunisme voorgehou het en met beslistheid verklaar het dat die opposisie onwrikbaar sou voortgaan en die land vir die gevaar

167. Ibid., kolom 1502.

168. PV 4, E.H. Louw-versameling, lêer 143. Vgl. The Cape Times, 43-02-13, knipsel.

169. Die Kruithoring, 43-02-22, p.1.

verder wakker sou skud, het mnr. B.K. Long, (V.P. Tuine), gesê dat Kommunisme in 'n ernstige lig beskou moes word, aangesien dié leerstellings 'n beter wêreld skep vir diegene wat in ongunstige toestande lewe. Long het verwys na die naoorlogse tyd en gesê dat Suid-Afrika nie sou toelaat dat Kommunisme na die oorlog 'n vatkans in die land sou kry nie. Volgens hom sou Rusland na die oorlog 'n minderwaardige moondheid wees, maar dat vir die hede, tydens die bondgenootskap met Rusland, sake eers daar gelaat moes word.¹⁷⁰

Adv. J.G. Strijdom het met Long verskil en gesê dat Rusland sterk uit die oorlog sou tree en sy invloed kragtiger in Suid-Afrika sou word. Hierop het Long gesê: "Dan kan julle doen wat julle wil."¹⁷¹ Strijdom se reaksie hierop was: "Nou is die aap uit die mou. Hy erken dat ons saak op pote staan, maar hy smee ons net om nou in die oorlog niks te doen nie, omdat Engeland se heil op die spel is."¹⁷²

Met betrekking tot die propaganda van die kommuniste onder die stedelike swartes het dr. Colin Steyn tydens dieselfde debat, gesê dat daar geen bewys was dat die swartes opgesweep is deur die kommuniste nie. Volgens Die Kruithoring het die regering alle feite wat aan hulle voorgelê is, asook die kommunistiese pamflette, koerantverslae en aanhitsende toesprake in die stede, geïgnoreer. "Hierdie soort propaganda kan nou maar aangaan. Dr. Colin Steyn steur hom nie daaraan nie."¹⁷³

Dit wil uit die beskikbare bronne voorkom asof die Herenigde

170. Die Burger, 43-03-06, p.1. Vgl. Die Transvaler, 43-03-06, pp. 1 - 3.

171. Ibid. Vgl. Hansard. Deel 45, 1943, kolom 2882 - 2896.

172. Ibid.

173. Die Kruithoring, 43-03-15, p.4.

Nasionale Party se pleidooie geen invloed op die regering tydens die oorlog gehad het nie. Ongeag die feit het die H.N.P. steeds voortgegaan in hulle stryd teen die Kommunisme. 'n Regering word deur die volk verkies en as die volk tot die regte insigte gebring kon word sou hul poging nie verniet gewees het nie.

'n Feit wat nie uit die oog verloor kan word nie is dat die Herenigde Nasionale Party met sy anti-kommunistiese propaganda daardeur propaganda gemaak het vir die party. Dr. Karel Bremer het tydens 'n vergadering te Caledon dan ook gesê: "Die mense in Suid-Afrika wat hulle teen hierdie gevaar wil weer, is diegene wat die H.N.P. steun. Wanneer die gevaar kom, sal daar net een groep wees om wie die teenstand teen die Kommunisme sal moet kristalliseer. Dit is die H.N.P."¹⁷⁴

In Junie 1943 het dr. Malan verklaar dat die ontbinding van die Komintern geensins 'n afname in die kommunistiese propaganda in Suid-Afrika getoon het nie.¹⁷⁵ Dr. Malan het gesê dat die gevaar nie 'n spook was soos genl. Smuts dit beskryf het nie, maar 'n werklikheid. Hy het weer eens beklemtoon dat die kommunistiese beleid van kleuruitwissing en die vernietiging van die Godsdiens 'n werklike gevaar vir Suid-Afrika was. Volgens hom het die ontbinding van die Komintern die gevaar nie vermindert nie en dat die uitwerking van die ontbinding veroorsaak het dat 'n deel van die Arbeidersparty weggebreek het en hulle by die Kommunistiese Party gevoeg het. Die party het steeds die einddoel gehad van 'n regering deur die swart proletariaat wat die einde van die blanke bevolking sou beteken het.¹⁷⁶

174. Die Burger, 43-05-17, p.5.

175. Die Transvaler, 43-06-19, p.5.

176. Ibid., 43-06-21, p.5.

Gedurende die 1944-sitting van die Volksraad het dr. Malan en adv. Louw weer te velde getrek teen kommunistiese opsweping van swartes. Louw het met verdere bewyse gekom om aan te toon dat die agitators nie slegs politieke agitators was, soos wat die regering voorgehou het nie, maar agitators wat die kommunistiese beginsels aan die stedelike swartman versprei het - dit het gelei tot stakings, onluste, ens.¹⁷⁷

Die Kruithoring het ook met bewyse voor die dag gekom om aan te toon hoedat die Kommunistiese Party van Suid-Afrika op dieselfde lees as die ondemokratiese diktatorstelsel van Rusland, geskoei was.¹⁷⁸ Die koerant verklaar ook dat kommunistiese propaganda, ten spyte van die Herenigde Nasionale Party se geveg daarteen, steeds bedrywiger geword het "... die Nie-Blanke in Suid-Afrika word steeds in groter getalle gewerf as aanhangers van hierdie Moskouse leerstellings van gelykstelling."¹⁷⁹ Die regering is beskuldig vir hierdie toenemende gevaar a.g.v. hul passiewe houding om op te tree en om swart verstedeliking doeltreffend te beheer.

Met die einde van die oorlog, aan die begin van 1945, in sig, het die Herenigde Nasionale Party weer eens alles in die stryd gewerp teen kommunistiese propaganda in Suid-Afrika. In sy artikel Plain Talk skryf Eric Louw in Mei 1945 na aanleiding van die oproere in Kaapstad: "Ugly incidents have taken place in Jo'burg and recently in Cape Town. From many party of the Union reports are coming in of the activities of Communist agi=

177. Hansard. Deel 50, 1944, kolom 8752 - 8753.

178. Die Kruithoring, 44-07-19, p.2.

179. Ibid., 44-06-21, p.6.

tators - most of them Jews. Native and Coloured school teachers are being used for spreading anti-European propaganda ... Will Colin Steyn take action? Or is he debarred from doing so by the fact that he is a member and a patron - of Friends of Soviet Union.?"¹⁸⁰

Tydens die 1945-Volksraadsitting het die opposisie weer 'n aanval op die regering gedoen. Adv. Swart het dr. Steyn daarvan beskuldig dat hy die beskermheer van sekere kommunistiese organisasies was. Swart het verwys na die betogings in Johannesburg en aan die Rand waar swartes en blankes die swart verstedelikes opgerui het teen die gesag van die regering en van die blankes. Agitators het in toesprake gesê dat Malan, Pirow en ander vernietig moes word, want die kleuronderskeid moes vernietig word. "Dit is wat die Nie-Blankes daar gesê het en hulle is ondersteun deur blankes. Maar die regering sit stil."¹⁸¹

Swart het gesê dat dit vir hom moeilik was om te verstaan waarom die regering en Smuts nie optree teen die kommuniste nie. Volgens Swart het die kommunistiese steun aan Smuts begin kwyn. Hy het verwys na die Kommunistiese vergadering van 1944 te Woodstock waar gesê is. "Tot dusver het ons saamgewerk met Smuts, maar vandag het die ou man se nut tot 'n einde gekom."¹⁸²

Daar was ook gesê: "Reeds drie jaar lank steun die Kommunistiese Party vir veldmaarskalk Smuts in sy oorlogsbeleid want toevallig is daar, deur die nood aangevuur, 'n progressiewe vonkie in sy ou bene aangeblaas. Hierdie samewerking spruit slegs uit

180. PV 4, E.H. Louw-versameling, lêer 76. Knipsel uit New Era, 45-05-03.
 181. Hansard. Deel 54, 1945, kolom 8158 - 8159.
 182. Ibid., kolom 8159.

omstandighede, en ons beseft maar te goed dat hy nog altyd die Nie-Blankes wil onderdruk."¹⁸³ Na P. van der Bÿl het 'n swartman, E. Mofutsanyana, verwys as 'n politieke Charlie Chaplin.

Swart het gesê dat selfs na al bg. verklarings deur die kommuniste, die regering steeds agteroor gesit het. Volgens hom het die regering aan die begin van die oorlog gesê dat hulle teen ondermynende organisasies gedurende die oorlog sou optree - daar is wel teen die Ossewabrandwag opgetree, maar teen die kommuniste, wat die stedelike swartman in 'n skrikbewind van misdaad, stakings, ens. laat verander het, was nie teen opgetree nie. Swart het weer na die 1922-staking verwys en gesê dat as dinge weer so toegelaat word, die uiteinde bloedvergieting in die land sou wees.¹⁸⁴

Louw het voortgegaan waar Swart opgehou het. Volgens hom was optrede teen Kommunisme toe byna reeds te laat. Die regering het toegelaat dat swartes verstedelik en onder die invloed van Kommunisme gekom het. A.g.v. hierdie invloed het die stedelike swartman sy toevlug geneem na onluste en stakings en 'n verslegting veroorsaak in die verhouding tussen blank en swart.¹⁸⁵

Louw het weer eens bewyse gegee dat die swartes deur die kommunistiese agitators aangespoor word tot allerlei ewels. Louw het uit die mond van regerings-ondersteuners, o.a. die Sekretaris van Naturellesake, gepraat wat in sy verslag genoem het dat agitators besig was om die griewe van die swartes uit te buit om hulle

183. Ibid.

184. Ibid., kolom 8159 - 8160.

185. Ibid., kolom 8164.

eie doelstellings te bereik.¹⁸⁶

Volgens Louw het mnr. S.M. Wale, voorsitter van die Verenigde Partyraad van die Kaapse Skeireiland, erken dat kommunistiese vergaderings in sy kiesafdeling gehou is. Hy het ook erken dat die swartes in die stede besig was om kommuniste te word. Louw wou van Steyn geweet het of genoemde bewyse geldig genoeg was om optrede af te dwing. Louw wou ook van Steyn weet waarom die Herenigde Nasionale Party bewyse moes bring om aan te toon dat die swartes in die stede deur kommuniste beïnvloed is. "Ek wil aan die Minister die vraag stel of hy heeltemal blind is vir die opsweping wat in Suid-Afrika aan die gang is, veral onder die naturelle? Kan hy dit nie sien nie? Wil hy vir ons kom sê dat hy nie daarvan weet nie, dat sy polisie nie daarvan weet nie en dat sy Departement nie op hoogte is nie ... Hy sien tog die berigte in die nuusblaaie ... Wil hy sê dat daar niks aan die gang is nie ... Waarom word nie opgetree nie?"¹⁸⁷

Mev. M. Ballinger se reaksie op Louw se bespreking was dat die Herenigde Nasionale Party steeds gehamer het op rassebotsings en dat hulle vasberade was om enige onrus by die swart stedelike bevolking te bestempel as die gevolg van politieke propaganda en vir hulle eie politieke doeleindes wou gebruik.¹⁸⁸

Verenigde Party-Volksraadslede het beaam dat die kommunistiese invloed onder die stedelike swartes van Suid-Afrika ongestoord voortgegaan het. Mnr. J.B. Wolmarans, (V.P. Losberg), het gesê dat in sy kiesafdeling vergaderings gehou is en dat min mense be-

186. Ibid., kolom 8246.

187. Ibid., kolom 8247.

188. Ibid., kolom 8250.

sef het wat op die vergaderings gesê word. Volgens hom is swartes bymekaar geroep en enige ding teen die blankes is aan hulle wysgemaak. T.o.v. swart toestroming na stedelike gebiede het hy gesê dat die swartes in sy kiesafdeling byna verdubbel het die toe afgelope paar jaar. "Ek vra die Minister van Justisie ... - om hierdie dinge ernstig in oënskou te neem en om te keer voordat dit te laat is."¹⁸⁹

Mnr. A.O.B. Payne (V.P.) het ook die H.N.P.-siening gehuldig en gesê dat dit 'n onweerlegbare feit was dat daar ondermynende elemente in Suid-Afrika besig was om die swartes, maar veral die verstedelike swartes, te mislei. Hy het gesê dat die elemente 'n botsing tussen blankes en swartes sou veroorsaak as daar nie opgetree word nie. Volgens Payne sou die swartes daaronder moes ly as daar 'n botsing sou ontstaan.¹⁹⁰

Colin Steyn het teen hierdie tyd ook erken dat daar agitاسie onder die swartes plaasgevind het, maar dat die Nazi's, dus Malan, ens. meer kwaad as die kommuniste gedoen het. Weer eens het hy gesê dat daar geen getuienis gebring was om die kommuniste se oortredings te bewys nie. Volgens hom kon daar nie teen die kommuniste opgetree word alvorens bewys is dat die agitators wel kommuniste was nie.¹⁹¹

Oswald Pirow het met die gedagte gekom, nadat Steyn steeds negatief in sy optrede gebly het, dat 'n anti-kommunistiese weerstandsbeweging in die lewe geroep moes word met 'n breë basis sodat alle "regsgesinde" Afrikaners daaraan kon deelneem.

189. Hansard. Deel 54, 1945, kolom 8253.

190. Die Burger, 45-05-26, p.3.

191. Ibid.

Dr. H.F. Verwoerd het hom sterk daarteen uitgespreek en gesê dat die Afrikaner nie sy vraagstukke ondergronds en met geweld hanteer nie. "Die Afrikaner kan die landsregering in die hande kry en dan sal daar geen vrees meer vir die verspreiding van kommunistiese opruiing onder die naturelle of gevaar van vrouens en kinders van gevolglike opstande wees nie."¹⁹²

'n Paar dae later het dr. G.E.N. Ross gesê: "Ons kan as volk protesteer teen Kommunisme, maar ons is magteloos sonder die hulp van 'n simpatieke Regering. Ons kan alleen van Regeeringsweë hulp ontvang deur wetgewing en daarom is dit ons heilige plig dat ons 'n Regering wat teen hulle kan optree, moet aanstel. Deur die Nasionale Party by die volgende verkiesing aan bewind te stel kon daardie gevaar die hoof gebied word."¹⁹³

Skaars 'n maand voor die einde van die oorlog het dr. K. Bremer op Stellenbosch gesê dat dit noodsaaklik was om die beginsels van die Herenigde Nasionale Party positief toe te pas om sodoende 'n wal op te werp teen die toenemende gevaar van Kommunisme. Volgens Bremer kon Suid-Afrika se vraagstukke nie in Londen of San Francisco opgelos word nie, maar dat uit ervaring geleer was dat die land se eie vraagstukke slegs deur sy eie mense opgelos kon word. Hy het gesê dat die onvermoë van die Regering net die Herenigde Nasionale Party laat oorbly het om 'n masjinerie te skep vir die oplossing van vraagstukke.¹⁹⁴

Bremer het voorts gesê dat Kommunisme in Europa algemeen geword het en dat Suid-Afrika homself so moes inrig dat hy genoeg mense binne die party kon hê om die land teen die gevare van die Kommu-

192. Die Transvaler, 45-06-02, p.1.

193. Ibid., 45-06-13, p.5.

194. Ibid., 45-07-23, p.7.

nistiese diktatuur van swartes en gekleurdes te beskerm. Hy het 'n beroep op die Engelssprekendes gedoen om hulle tot die H.N.P. te wend en dat sodoendes nie afgestoot sou word nie.¹⁹⁵

Tydens die Uniale Kongres van die H.N.P. 'n paar dae na die amptelike beëindiging van die oorlog het dr. Malan gesê: "Die Kongres waarsku die volk teen die ernstige gevaar wat die Kommunistiese leer en propaganda vir Suid-Afrika oplewer. Derhalwe onderneem hy om hierdie bedreiging vir ons volksvryheid, ons rassevrede, ons blanke toekoms en ons Christelike lewensbeskouing met alle krag en met alle geoorloofde en beskikbare middele te bestry."¹⁹⁶

Genl. Kemp het ter ondersteuning van dr. Malan gesê dat elkeen wat 'n toekoms in Suid-Afrika wou gehad het moes saamstaan om die Kommunisme te vernietig. Volgens Kemp was daar net een weg, een stukrag teen die Kommunisme, nl. die Herenigde Nasionale Party.¹⁹⁷

Adv. C.R. Swart het in sy toespraak weer eens gewys op die groot en maklike weiveld wat die Kommunisme in die swartes gevind het. M.C. de Wet Nel het Swart aangevul en gesê dat kleurapartheid die enigste teenvoeter vir die Kommunisme was. "Daar is geen ander manier moontlik nie. Dit is ook die enigste doeltreffende teenvoeter van die kommunistiese gevaar in die land. Nou word daar van kommunistiese kant alle pogings aangewend om hierdie grondslag te ondermyn. 'n Groot deel van die Nie-Blanke bevolking is as gevolg van die strewe reeds totaal

195. Ibid.

196. Ibid., 45-09-19, p.7.

197. Ibid.

ontwrig. Hulle het geword 'n gistende massa wat met niks anders tevrede is as om met die blanke gelyk gestel te word nie - sake loop vandag in die rigting van bloedvergieting."¹⁹⁸

Soos voorheen genoem het duisende swartes buite die Stadsaal waar die kongres gehou is, betoog.¹⁹⁹

Met die oorlog agter die rug het die kommuniste in Suid-Afrika 'n meer intensiewe propaganda-program gevolg in die stede. Die Transvaler het berig dat daar in 'n toenemende mate kommunistiese propaganda veral in skole versprei was. Dié koerant het ook berig dat die Rooi stroom wat deur die Sowjet gesant=skappe gevoer was, steeds toegeneem het.²⁰⁰

Met hierdie toenemende gevaar het Eric Louw op Dingaansdag, 1945, gesê dat Afrikaners nie hulle moes blindstaar teen die gevare waarmee Sarel Cilliers te kampe gehad het nie. "Hulle dink aan die gevare van die verlede, en hulle hou nie rekening met die gevare wat vandag ons volk bedreig nie."²⁰¹ Louw het gesê dat die gevare van daardie tyd groter was as die van 1838. "Indien toestande toegelaat word om ongehinderd op dieselfde tempo te ontwikkel soos vandag gebeur, dan stel ek myself die vraag of in 'n honderd jaar tyd Dingaansdag nog gevier sal word - of daar nog 'n suiwer blanke beskawing in Suid-Afrika sal regeer."²⁰²

Na die oorlog het die Herenigde Nasionale Party die volk daarop atent gemaak dat hulle al party was wat Suid-Afrika van die Kommunisme kon bevry. Die Verenigde Party-Regering het, soos

198. Ibid.

199. Vgl. voetnote 48 en 49.

200. Die Transvaler, 45-10-20, p.5.

201. PV 4, E.H. Louw-versameling, lêer 144.

202. Ibid.

herhaaldelik aangetoon, simpatiek gestaan teenoor die Kommuniste. Volgens dr. Malan kon die Arbeidersparty net so min uitrig. "Watter hoop het jy dan om hase te vang met 'n hond wat self in die slagystersit?"²⁰³ Die Naturellevrteenwoordigers in die Volksraad was ook kommunistiesgesind. Mnr. D. Molteno, (Wes-Kaapland), was op die redaksie van The Guardian - 'n mondstuk van die Kommunistiese Party.²⁰⁴

Na die oorlog het die Herenigde Nasionale Party die oorlog uit hul politieke stryd geweer. Dié party het voortgebou op hul oogmerk dat die blanke heerskappy behou moes word. Die gevaar vir die behoud van die heerskappy was die Kommunisme, die V.V.O. met sy deklarasie van menseregte, Liberalisme en die "Swart Vloed". Volgens A. Paton was Liberalisme miskien die gevaarlikste van almal, dit het die weg gebaan vir die Kommunisme.²⁰⁵ Jan Hofmeyr moes daarom vernietig word.

Tydens die 1946-Volksraadsitting het dr. Malan die stryd teen Kommunisme voortgesit. Hy het gesê dat die oorlog verby was maar dat die kommunistiese gevaar steeds groter geword het. Die groot Nie-Blanke bevolking van die land is gedurende die oorlog blootgestel aan kommunistiese propaganda en aangesien die swartes so ontvanklik was vir dié propaganda was 'n groot deel van hulle reeds openlik kommuniste.²⁰⁶

Volgens Malan het Rusland na die oorlog nie sy hande van Suid-Afrika afgehou nie. Hy het verwys na 'n verklaring van die Russiese koerant, Pravda, en gesê dat dit duidelik was dat Rusland 'n oog gehad het op Suid-Afrika met sy groot swart

203. Die Kruithoring, 45-10-03, p.1.

204. PV 4, E.H. Louw-versameling, lêer 74.

205. A. Paton, Hofmeyr, p.321.

206. Die Burger, 46-03-15, p.5.

bevolking. "Rusland tree op as, en gee voor, dat hy die kamp= vegter van die nie-blanke is."²⁰⁷

Dr. Malan het gesê dat Rusland die swartman se simpatie probeer wek. Die gevolg daarvan was dat die gevaar nie oorsee, in Rusland, lê nie, maar binne Suid-Afrika se grense. Malan het verder gesê dat Suid-Afrika se binnelandse verdediging opgeknop moes word. Die kommunistiese propaganda in die land moes kragteloos gemaak word - nie net deur aktief op te tree daarteen nie, maar deur te sorg vir die arm man, en deur te sorg dat die kleurvraagstuk behoorlik en bevredigend opgelos word.²⁰⁸

In antwoord op wat dr. Malan gesê het, het genl. Smuts gesê dat Suid-Afrika 'n maatskaplike beleid moes volg wat die hand aan die wortel van die Kommunisme kon lê. Volgens Smuts moes 'n redelike maatskaplike toestand vir blank en swart geskep word dan sou daar geen moontlikheid wees vir Kommunisme om op groot skaal in te dring nie. Volgens hom was die pogings om Kommunisme in Suid-Afrika te laat posvat nie afkomstig vanuit die buiteland nie, maar is deur binnelandse toestande geskep - die swartman het veral na die Kommunisme gegryp om die toestande te probeer regmaak. Volgens Smuts was Kommunisme onmoontlik in 'n land soos Suid-Afrika as almal opreg sy plig doen.²⁰⁹

Ons sien dus dat as gevolg van die verstedeliking van die swartman veral twee politieke implikasies na vore getree het, nl. die probleme rondom segregasie en die kommunistiese invloed

207. Ibid.

208. Ibid.

209. Ibid. Vgl. Hansard. Deel 55, 1946, kolom 125.

onder die stedelike swartes. Beide die twee strydpunte kon alleenlik opgelos word deur 'n praktiese beleid teenoor die swartman. A.H. Murray sê tereg: "As die politieke party van die toekoms nie 'n konkrete, praktiese naturellebeleid in sy program opneem nie, gaan die land die vretende rusteloosheid tegemoet wat 'n geregverdigde kommunistiese agitatie skep."²¹⁰

---ooo000ooo---

S L O T B E S K O U I N G1. Liberalisme en Apartheid se oplossings vir Swart verstedeliking

Die verstedelikingsprobleem het uitgekristalliseer in twee teenoorgestelde politieke rigtings, nl. Liberalisme waarvan J.H. Hofmeyr die grootste eksponent was en afsonderlike ontwikkeling, bekend as Apartheid, waarvan die Herenigde Nasionale Party die eksponent was.

Liberalisme het vanaf die vroegste tye geen vatkans op die meerderheid blankes gehad nie. In sy posisie as 'n minderheidsgroep het Liberalisme vir hom die ondergang van die blanke ras in Suid-Afrika beteken. Liberalisme het hom beywer "for the liberation of individuals from hampering disabilities and restrictions; and it has worked for the liberation of groups which as groups, were oppressed and deprived of their 'rights'".¹

Sedert 1929 het die liberalistiese gedagte hom in die stede van Suid-Afrika gesetel. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het Hofmeyr die liberalistiese gedagte probeer afdwing om 'n oplossing te vind vir die rassevraagstuk van die land. Vanaf 1945 het die radikale, Internasionale Liberalisme die reeds bestaande Liberalisme in Suid-Afrika versterk.² 'n Oplossing vir die veelrassige vraagstuk is gesoek deur 'n proses van gelykmaking waarin die Kleurslagboom verwyder moes word, en gelyke kanse aan almal afgesien van ras of kleur, gegee moes word.³

-
1. R.F.A. Hoernlé, South African Native Policy and the Liberal Spirit, Kaapstad, 1939, p.107.
 2. F.A. van Jaarsveld, Die Verstedeliking van die Afrikaner, S.A.U.K., 1972, p.34.
 3. Ibid.

Vanselfsprekend het hierdie gedagte van die Liberalisme die verstedeliking van die swartes aangemoedig. Hierdeur sou die swartes gelyke ekonomiese, sosiale en politieke kanse met die blanke kry.

Swartes wat in die buiteland studeer het, het mettertyd besef dat ook hom beskore was wat hy as onbestrede beloofde land van die Witman beskou het. As enkeling in 'n groot oorsese blanke staat is hy maklik opgeneem in die maatskappy en sy kleur en agtergrond is doelbewus nie in ag geneem nie. In dié lande het die moontlikheid nie bestaan dat die maatskappy afgetrek kon word tot 'n laer peil nie - intendeel het die liberalistiese gedagte meegewerk tot die opheffing van die swarte.⁴

Die liberalistiese gedagte en die ontstamming wat die verstedeliking van die swartes meegebring het, het 'n tipe Swart-Nasionalisme by die swartes tot stand gebring. Die teruggekeerde geleerde swartes sowel as die stedelike swartes het vreemde delinge gevoel as hulle na hul mense in die reservate teruggekeer het. Die agterlikheid en ongeletterdheid van sy mense is besef. Hierdie besef van minderwaardigheid as mens het tot sy bewussyn deurgedring en die kiem van Nasionalisme in hom laat ontspring.⁵ Die swart vel het verskillende swart bevolkingsgroepe saamgesnoer en Swart het die onderskeidingsteken geword om hom te weerhou van sosiale vermenging of toegang tot die blanke gemeenskap. Allerlei eise is aan die blanke gestel.

4. H.J.J.M. van der Merwe, Segregeer of Sterf, Johannesburg, 1961, p.29.

5. Ibid.

"Nou wil hy nie meer besef dat hy sy arbeid verkoop het nie; hy glo wel dat hy in 'n toestand gedwing is waar hy feitlik sy arbeid verniet weggegee het, en hy eis kompensasie in die vorm van gelyke voorregte aan hom sy kind en sy ras."⁶

Volgens H.J.J.M. van der Merwe is bg. een van die grootste faktore vir die weiering van die verstedelike swartes om terug te gaan na hulle eie gebiede.⁷

Ons sien dus dat Liberalisme grotendeels verantwoordelik was vir die ontstaan van Swart-Nasionalisme. Die Swart-Nasionalisme is op sy beurt weer deur die Kommunisme uitgebuit. Swart politieke organisasies is in die lewe geroep - stakings en betogings is georganiseer en die swartes het 'n al hoe groeiender haat vir die Witman gekoester.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die eise van die swartes al hoe groter geword. In 1945 het die San Francisco handves, met al sy ideale, die voetstuk van die swartes se eise geword. Gesteun deur die kommuniste is daar aangedring op algehele gelykheid met die blanke.⁸

Eric Louw skryf in sy artikel, Plain Talk, dat Liberalisme die voorloper en verdediger van Kommunisme was.⁹ Hofmeyr as die grootste liberalis met sy pleidooie vir absolute gelykstelling moet dus as gevolg daarvan beveg word, aldus A.J. Stals., (H.N.P. Ceres).¹⁰

Teenoor die liberalistiese rigting wat die swartes as "permanente" verstedelikes wat gelyke ekonomiese, sosiale en poli=

6. Ibid., p.30.

7. Ibid.

8. G. Parker en P. Pfukani, History of South Africa, Londen 1975, p.246.

9. PV 4, E.H. Louw-versameling, lêer 76. knipsel New Era, 46-10-31.

10. Die Transvaler, 46-03-30, p.1.

tieke kanse gegun moes word, staan die Afrikaner en die Herenigde Nasionale Party wat die verstedelike swartes as "tydelike" inwoners beskou en 'n beleid van afsonderlike volkswikkeling voorgestaan het.¹¹ Die liberalis sien dié beleid as: "Call it paramountcy, baasskap or what you will, it is still domination."¹²

Anders as segregasie, wat blank en Nie-Blank van mekaar wou skei, het die Herenigde Nasionale Party teen die einde van die oorlog hul beleid "gewysig". Apartheid het die plek van segregasie ingeneem waarmee bedoel is dat alle rasse, dus blank, swart, kleurling en Indiër apart moes woon en duidelik afgebaken moes word.¹³

Gedurende die oorlog en direk daarna het Swart-Nasionalisme sterk op die voorgrond getree. Met die oornome van die Herenigde Nasionale Party in 1948 as nuwe regering het die Malan-kabinet besef dat 'n formule gevind moes word waarvolgens blank en Nie-Blank in vrede kon saamleef, maar politieke van mekaar geskei bly - 'n botsing tussen Afrikaner en Swart-Nasionalisme moes vermy word.¹⁴

Die Herenigde Nasionale Party het besef dat die Nasionalisme van die swartman nie verwerp kon word nie en dat die aspirasies van die swartes erken moes word. Aan die swartes moes politieke regte gegee word, maar alleenlik in sy eie Swart-gebiede. "The

11. Van Jaarsveld, op.cit., p.35.

12. K.L. Roskam, Apartheid and discrimination, Leyden, 1960, p.11

13. C.F.J. Muller, red., Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Pretoria, 1969, p.391.

14. F.A. van Jaarsveld, From Van Riebeeck to Vorster 1652 - 1974, Johannesburg, 1975, p.360.

reality of a multi-national society had proved itself adequately, and to meet the aspirations of a multi-national society which had emerged as a product of its history, principles for a re-partitioning of South Africa were formulated, initiating a new deal for the Bantu."¹⁵

'n Beleid van afsonderlike ontwikkeling is ontwerp waarvolgens Wit en Swart sy eie sosiale, kulturele en politieke ontwikkeling kon bevorder. Aan elke bevolkingsgroep is die geleentheid gegee om sy eie vooruitgang te bewerkstelling binne sy eie gebied. Elke groep kon sodoende sy eie karakter, tradisies en taal op die manier bewaar. Die beleid was 'n poging om swart verstedeliking te bekamp en om Suid-Afrika se rasseprobleme op te los.¹⁶

Swart verstedeliking kon deur die toepassing van dié beleid verminder word indien die Swart-tuislande doeltreffend ontwikkel word om sodoende swartes uit die bestaande blanke stedelike sentra te lok. Dit kon alleenlik gebeur indien daar genoegsame en vergelykbare werkseleenthede beskikbaar is; en indien groot-skaalse verstedeliking in die Tuislande self kon plaasvind.¹⁷

2. Nasionale Party-oorwinning in 1948 a.g.v. swart-probleem

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog en direk daarna het die tekens van ontevredenheid onder die swart bevolking van die Unie al hoe duideliker geword. Op verskillende fronte het moeilikheid ontstaan, maar dit was veral op die arbeidsterrein dat die

15. Ibid.

16. Van Jaarsveld, From Van Riebeeck to Vorster 1652 - 1974, op.cit., p.385.

17. N.J.J. Olivier, Ons Stedelike Naturellebevolking, S.A.U.K., 1959, p.24.

Smuts-bewind die grootste probleme ervaar het. Swart vakbonde is nie deur die regering amptelik erken nie en onder aansporing van die kommuniste was daar periodieke pogings om Smuts te dwing om amptelike erkenning aan Swart vakbonde te verleen. Toe die pogings nie geslaag het nie het die swartes in die stedelike industriële sentra met stakings en onrus voor die dag gekom.¹⁸

Gedurende die proses van industriële ontwikkeling onder die Smuts-regering het swartes die stede binnegestroom en 'n belangrike kweekbodem vir onrus geword. Genl. Smuts se belangstelling was meestal buitelandse gerig en sy kabinetslede het telkens hul onvermoë getoon om die ernstige probleem te hanteer. Die instroming van swartes na die stede is nie aan bande gelê deur 'n goed-geformuleerde beleid nie. In Januarie 1942 het Smuts segregasie verwerp as 'n oplossing vir etniese verhoudinge en Hofmeyr, die liberalistiese eksponent, het die standpunt gehuldig dat skeidslyne tussen Wit en Swart verwyder moes word. Met die liberalistiese elemente in sy kabinet teenwoordig, was Smuts verplig om 'n Laissez-faire-beleid t.o.v. die stedelike swartes en die rassevraagstuk te volg.¹⁹ Die hoop is deur die regering gekoester dat genoemde vraagstuk homself sou oplos namate dinge ontwikkel.²⁰

As gevolg van die regering se beleid jeens swart-verstedeliking het Plakkerskampe oral op die buitewyke van die groot stede ontstaan. Misdaad en ander ewels het toegeneem en periodiek

18. B.M. Schoeman, Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910 - 1976, Pretoria, 1977, p.274.

19. Van Jaarsveld, From Van Riebeeck to Vorster 1652 - 1974, op.cit., pp. 251 - 252.

20. Ibid.

het die toestande gedreig om handuit te ruk. "Van die kant van die Swartes is ook 'n steeds militanter houding geopenbaar en die Verteenwoordigende Naturelleraad wat in 1936 gestig is, het geweier om verder met die Regering saam te werk en het nie weer vergader nie. Die rassekwessie het nou alle ander politieke sake begin oorheers en sou saam met die ekonomiese probleme van die land 'n beslissende rol in die algemene verkiesing van 1948 speel."²¹

Alhoewel baie Afrikaners en die hele Engelssprekende gemeenskap Smuts in sy oorlogspoging gesteunhet, was daar mense van beide taalgroepe wat Smuts se hantering van die swart-probleem nie gesteun het nie. Selfs die Arbeidersparty het Smuts se swartbeleid teengestaan op grond daarvan dat dit 'n bedreiging vir die blanke stedelike arbeider was. Die Dominionparty het Smuts se Indiër-beleid teengestaan. As gevolg hiervan het W.B. Madeley, leier van die Arbeidersparty en C.F. Stallard, leier van die Dominionparty beide uit Smuts se regering bedank.²²

Die Herenigde Nasionale Party het besef dat die kleurkwessie, net soos in vorige verkiesings 'n deurslaggewende rol in die 1948-verkiesing sou speel. Die H.N.P.-kokus het in 1945 'n komitee onder voorsitterskap van P.O. Sauer aangewys wat 'n deurtastende ondersoek na die kleurvraagstuk moes instel.²³

"Die komitee het in 1947 sy werk voltooi en 'n dokument aan die partyleiding voorgelê wat in die politiek 'n weerklank sou vind soos haas geen ander verslag voor daardie tyd nie."²⁴

21. Schoeman, op.cit., p.275.

22. Van Jaarsveld, From Van Riebeeck to Vorster 1652 - 1974, op.cit., p.252.

23. Vgl. Bylaag B.

24. Schoeman, op.cit., p.275. Vgl. Bylaag B.

Die woord Apartheid het tydens die jare sy oorsprong gevind in 'n geformuleerde beleidstuk en was bestem om die politiek van die naoorlogse jare te oorheers.²⁵

Die Herenigde Nasionale Party het sy Apartheidsbeleid teenoor die gelykstellingsbeleid van die liberalis en die kommuniste vir die Suid-Afrikaner aangebied. Wat betref die swartes in die stede het die Herenigde Nasionale Party-beleid as volg verklaar: "Die party besef die gevaar van die toestroming van naturelle na die stede en onderneem om die Blanke karakter van die stede te bewaar ... Die naturel in ons stedelike gebiede moet beskou word as 'n 'besoeker' wat nooit op enige politieke regte of gelyke maatskaplike regte met die Blanke in sy gebiede sal kan aanspraak maak nie."²⁶

Voor die 1948-verkieping het die H.N.P.-beleid getoon dat dit die welwillendheid van die kiesers gehad het. Tussenverkiesings het getoon dat H.N.P.-setels met groter meerderhede ingepalm is en in sommige gevalle het Nasionale Verenigde Party-kandidate se kiesafdelings verower.²⁷

Tydens die 1948-verkieping het die Herenigde Nasionale Party en die Afrikanerparty 'n verkiesingspakt gesluit en saam 'n meerderheid van vyf setels oor die ander partye behaal.²⁸

Daar kan sonder die gevaar van teenspraak gekonstateer word dat die swart verstedelikingsprobleem, en die regering van die dag se algehele gebrek aan optrede om die probleem te bekamp, in 'n groot mate tot sy val in 1948 bygedra het. Andersyds het

25. Ibid.

26. Ibid., p.276. Vgl. Bylaag B.

27. In 1945 verslaan H.T. Bekker sy V.P.-opponent, P.F.R. Steytler met 244 stemme. In 1947 vergroot E.G. Jansen sy meerderheid van 504 tot 1881 stemme te Wolmaransstad.

28. Parker en Pfukani, op.cit., p.216.

die Opposisie-party onder leiding van dr. D.F. Malan met 'n alternatief gekom wat byval by die meerderheid van die kiesers gevind het, en is hulle aan bewind geplaas.

Die doeltreffendheid van die beleid van Apartheid kan, wat verstedeliking betref, bevraagteken word omdat swart toestroming na die stede nie behoorlik gestuit kon word nie. Hierdie aspek val egter buite die bestek van hierdie tema.

---ooo000ooo---

L I T E R A T U U R - E N B R O N N E L Y S1. Primêre Bronne:A. Ongepubliseerde Bronne:Instituut vir Eietydse Geskiedenis

1. PV 94 E.G. Jansen-versameling.
2. PV 4 E.H. Louw-versameling.
3. PV 34 M.P.A. Malan-versameling.
4. PV 16 D.J. Mostert-versameling.

B. Gepubliseerde Bronne:

1. U.G. No. 42 - 1941, Gedrukte Aanhangsels tot die Notule van die Volksraad. Volume 2, 1942.
2. G.K. 10, Onderzoek ingevolge wet op onderdrukking van Kommunisme.
3. S.C. 10, Rapporte van gekose Komitees, Deel I.
4. U.G. No. 8, Printed Annexures to the votes and proceedings of the House of Assembly, Volume III, 1940.
5. J. van der Poel, Selections from the Smuts Papers, Volume VI, Cambridge, 1973.
6. Hansard. Deel 37, 1940.
7. Hansard. Deel 41, 1942.
8. Hansard. Deel 45, 1943.
9. Hansard. Deel 48, 1944.
10. Hansard. Deel 50, 1944.
11. Hansard. Deel 54, 1945.
12. Hansard. Deel 55, 1946.
13. Hansard. Deel 71, 1950.
14. Hansard. Deel 98, 1958.

2. Sekondêre Bronne:A. Periodieke Publikasies:

Cape Times, enkele uitgawes.
Die Burger, 1939 - 1946.
Die Kruithoring, 1939 - 1946.
Die Transvaler, 1939 - 1946.
Die Vaderland, enkele uitgawes.
Inkululeko, 1940 - 1946.
Natal Witness, enkele uitgawes.
The Daily Mail, 1939 - 1946.
The Friend, 1939 - 1946.

B. Literatuur:

- J. Burger, The Black Man's Burden, Londen, 1942.
- W.K. Hancock, Smuts Volume 2 The Fields of Force 1919 - 1950, Cambridge, 1968.
- R.F.A. Hoernlé, South African Native Policy and the Liberal Spirit, Kaapstad, 1939.
- D. Joubert, Die Naturelle-grondkwessie Uit die Volksraaddebat 1936, Kaapstad, 1973.
- D.J. Kotze, Die Kommuniste se standpunt ten opsigte van Nasionalisme met besondere verwysing na Suid-Afrika, 1972.
- F.J. Language, Die Verskaffing van Maatskaplike Dienste aan die Stedelike Naturel, S.A.B.R.A., 1950.
- F.J. Language, Groepsgebiede en Woonbuurtskeiding, S.A.B.R.A., 1952.
- A. Lemon, Apartheid - A geography of Separation, Oxford, 1976.
- E.H. Louw, Die Kommunistiese gevaar, Publikasie van die Voorligtingsdiens van die H.N.P. No. 1, Kaapstad, ongedateerd.
- D.F. Malan, Afrikaner Volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen, Kaapstad, 1959.
- C.F.J. Muller, Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Pretoria, 1969.

- N.J.J. Olivier, Ons Stedelike Naturellebevolking, Johannesburg, 1959.
- B. Pachai, The Internal Aspects of the South African Indian Question, Kaapstad, 1971.
- G. Parker en P. Pfukani, History of South Africa, Londen, 1975.
- A. Paton, Hofmeyr, Oxford, 1971.
- N.J. Rhodie, Apartheid en Partnership, Pretoria, 1968.
- H. Powdermaker, After Freedom, New York, 1939.
- C.W. Prinsloo, Die Naturel in die Suid-Afrikaanse Nywerheidslewe, S.A.B.R.A., 1951.
- K.L. Roskam, Apartheid and discrimination, Leyden, 1960.
- B.M. Schoeman, Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910 - 1976, Pretoria, 1977.
- L.F. Schnore, The Urban Scene, Londen, 1965.
- P. Smit en J.J. Booysen, Urbanisation in the Homelands - A new Dimension in the Urbanisation Process of the Black Population of South Africa, Pretoria, 1977.
- L.L. Snyder, The Making of Modern Man, Londen, 1967
- Spore van Kommunisme, S.A.U.K., ongedateerd.
- H.J.J.M. van der Merwe, Segreger of Sterf, Johannesburg, 1961.
- A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer, Geskiedenis van Suid-Afrika, Kaapstad, 1966.
- F.A. van Jaarsveld, Die Verstedeliking van die Afrikaner, S.A.U.K., 1972.
- F.A. van Jaarsveld, From Van Riebeeck to Vorster 1652 - 1974, Johannesburg, 1975.
- F.A. van Jaarsveld, Verstedelikings- en Stedelike Geskiedenis as Studiegebied vir die Eietydse Geskiedenisbeoefening, Johannesburg, 1972.

- A. van Schalkwyk, Beleidsrigtings t.o.v. die Naturelle vraagstuk in Suid-Afrika, S.A.B.R.A., 1950.
- A.L.J. Venter, Coloured. A Profile of Two Million South Africans, Kaapstad, 1974.
- C. Pamflette:
- (i) Politieke.
- Die Verenigde Party die Naturelle en die Kleurlinge, Ineg, P2.81.
- D.F. Malan, Die Groot Beslissing. Die Afrikanerdom en die Kleurvraagstuk. Johannesburg, 1938.
- Naturellesake. Segregasie-wetsontwerp, Ineg, P2.136.
- Nasionale Party se leuens i.v.m. Die Naturellebeleid, Ineg, P2.146.
- M. Steyn, Wat u behoort te weet, Ineg, P4.185.
- Vrugte van Minister Hofmeyr se kleurbeleid, Ineg, P2.78.
- (ii) Ander.
- J.M. Buckland, Black and White Possible Results of Association, ongedateerd.
- E. Domingo, Apartheid and the Liberalistic Fallacy, Johannesburg, 1951.
- H. Suzman, Samevatting van die Faganverslag, Johannesburg, ongedateerd.
- The Pass-Laws, Ineg, P2.119.
- H.O.K. Webber, Some notes on Union Internal Problems, ongedateerd.
- H.P. Wolmarans, Kommunisme in die Suid-Afrikaanse Vakunies, Johannesburg, ongedateerd.
- D. Artikels:
- A.H. Murray, "Kommunisme en die Naturel - S.A. se probleem" in Die Kruithoring, 45-10-03.
- A.H. Murray, "Kommunisme en toestande in die Unie van Suid-Afrika" in Die Kruithoring, 45-08-01.

A.H. Murray,

"Die Kommunistiese Lewenskyk" in
Die Kruithoring, 45-09-12.

E.H. Louw,

"Plain Talk" in New Era, 1945.

---ooo000ooo---

B Y L A A G ADIE RASSEBELEID VAN DIE AFRIKANERBESLUIITE VAN DIE VOLKSKONGRES - 1944A. INLEIDEND

Hierdie Volkskongres oor die Rassebeleid van die Afrikaner verwelkom die geleentheid om hiermee ten opsigte van die nie-blanke rasse van ons land 'n duidelike verklaring van die standpunt van ons volk te gee - 'n standpunt was as gevolg van wanvoorstellinge en verdraaiinge van vyandige kant nog nooit die geleentheid gehad het om in sy volle betekenis deur te dring tot alle groepe van ons bevolking nie (beide blanke en nie-blanke).

Die Kongres is verder van mening dat die tyd nou aangebreek het dat aan hierdie beleid die geleentheid gegee sal word om in die praktyk omgesit te word aangesien die rasse- en kleurbeleid wat tot dusver in ons land gevolg is, op totale mislukking uitgeloop het en in die toekoms nog baie onheile sal baar.

Dit is met die grootste vrymoedigheid dat die Kongres hierdie Afrikanerbeleid wil aanbeveel vir algemene toepassing in ons landsbestuur en wel om die volgende redes:

- (1) dit is gebaseerd op die Heilige Skrif wat vir ons leer dat God geen eenvormigheid nie maar veelvuldigheid van nasies gewil het en deur die pluriformiteit van volke, rasse, tale en kulture, Sy raad verwerklik.
- (2) Dit is wetenskaplik gefundeer.
- (3) Dit is versterk deur 'n eeu-lange ervaring waarin die Afrikaner deur noue kontak met die nie-blanke rasse hulle

nie alleen intiem leer ken het nie, maar ook steeds op
tasbare wyse sy goeie wil teenoor hulle geopenbaar het.

Die Kongres is daarvan oortuig dat die navolging van hierdie
beginsels absoluut noodsaaklik is indien daar met erns gestreef
word na die bestendinging van 'n blanke beskawing in Suid-Afrika.
Terselfdertyd wil hy die versekering gee dat hierdie beleid ook
gebore is uit 'n werklike belangstelling in die nie-blanke ras=
se van ons land - hul welsyn en hul voortbestaan as waardige
eenhede.

Hy spreek daarom as sy innige wens uit dat die dag verhaas
mag word wanneer die rassevraagstuk van ons land bevry mag word
uit die partypolitieke terrein en beskou sal word as 'n volks=
vraagstuk van die uiterste nasionale belang en een waarin alle
groepe en nasionaliteite van ons land eendragtelik behoort
saam te werk.

By die aankondiging van hierdie beleid rig die Kongres dan
ook 'n beroep op alle inwoners van ons land om saam te werk vir
die verwesenliking van hierdie beginsels tot voordeel van ons
land as geheel en in belang van beide blank en nie-blank.

B. ALGEMENE BEGINSELS VAN DIE RASSEBELEID VAN DIE AFRIKANER

Die Kongres is van oordeel dat die volgende beginsels aanbe=
veel kan word as waardig om in enige beleid ten opsigte van
nie-blankes opgeneem te word, nl.:

- (1) Dat dit in belang beide van die blanke en nie-blanke be=
volking van S.A. is dat 'n beleid van apartheid gevolg
word, sodat die nie-blanke volksgroepe elk die geleent=

heid sal kry om, na sy eie aard, in sy eie gebied, te ontwikkel en uiteindelik volle beheer oor sy eie sake daar te kan verkry.

- (2) Dat dit die christelike plig van die blanke is om as voog oor die nie-blanke rasse op te tree tot tyd en wyl dat hul peil bereik het om oor hul eie sake self te kan besluis, d.w.s. dat die blanke aan hom die nodige leiding gee en sal meehelp om die nodige middele te verskaf vir die instandhouding van sosiale dienste solank dit nodig mag wees.
- (3) Dat dit in belang van alle rasse is dat geen verdere bloedvermenging sal plaasvind nie en dat alle moontlike weersorgmaatreëls getref word om dergelike bloedvermenging te verhoed.
- (4) Dat dit die roeping en plig van die blanke ras in S.A. is om daarvoor te sorg dat die Staatsbeheer en volle seggingskap oor landsake in blanke gebiede in hande van blankes sal bly ook in die toekoms.
- (5) Dat enige beleid afgekeur moet word wat kan bydra tot die ontstamming of denasionalisering van die individu of tot sy ontwikkeling op so 'n wyse dat hy van sy eie groep-, stam- of volksverband afgesny word en in 'n toestand verval waarin hy by sy eie mense nie tuis voel nie en ook nie by enige van die ander stam- of volksverbande opgeneem kan word nie. Die beleid moet daarop gemik wees om die groep, stam of volk as geheel op te hef en wel op so 'n wyse dat die individu groep- of stam- of volksbewus sal bly en trots daarop sal wees.

(6) Dat die ware welstand van die nie-blanke groepe van die bevolking gesoek moet word in die ontwikkeling, by die individu, in 'n Christelike sin, van 'n gevoel van eie waarde en van trots op sy eie groep, of stam of volk en die behoud en ontwikkeling van eie taal, eie aard en aanleg, eie stamverband en alles wat goed is in sy eie stam- of volksgewoontes en sosiale stelsel.

C. DIE NATURELLE

SOSIALE GEBIED

1. Met die oog op die grootskaalse proses van ontstamming wat daar tans onder die Naturelle van die Unie plaasvind, beskou hierdie Kongres dit uiters noodsaaklik dat al die nodige stappe onverwyld gedoen moet word waardeur die stamorde sover moontlik in ere herstel word met die positiewe strewe om wat goed is in die Naturelle-samelewing te konsolideer en uit te bou, en wat nadelig is stelselmatig uit te skakel, in ooreenstemming met die christelike lewensbeskouing en met die doel om van hierdie stamme Christelik-Nasionale eenhede te maak.

2. Waar die aanwesigheid van Naturelle in groot getalle in ons stede, dorpe en industriesentrums ernstige sosiale probleme meebring, (soos armoede, slegte behuising, uitbuiting deur agterbuurteienaars, siektes, misdaad, verlies van respek vir die witman, bloedvermenging op wettige en onwettige wyse) is die Kongres van mening dat hierdie ongunstige toestande noodsaaklik bestry moet word.

- (a) deur die bewerkstelling van plaaslike skeiding ten einde die nadelige gevolge van ongekontroleerde kontak tussen blankes en Naturelle uit te skakel (woonbuurt, werkplekke, vervoer, vermaaklikheid, gesondheidsdienste, onderwys) en
- (b) die daarstelling van 'n deeglike kontrole oor en die sosiale organisasie en versorging van dergelike Naturelle teneinde menslike verrotting teë te gaan en aan hierdie mense 'n meer menswaardige bestaan te gee.

GODSDIENSTIGE GEBIED

1. Die bring van die Christelike geloof en moraliteite is vir die Naturelle absoluut noodsaaklik.
2. Dit moet meehelp tot die uitbouing van die verskillende Naturellestamme tot Christelik-Nasionale eenhede en moet nie denasionaliserend werk nie, d.w.s. daar moet met die nodige omsigtigheid ten opsigte van Naturelle-instellings gehandel word.
3. Dit moet beoog die uitbouing van die Naturelle-sendingkerk tot 'n selfstandige Christelike organisasie.
4. Dit moet onder geen omstandighede in die hande van vreemde sendinge wie se opvattinge ten opsigte van rasse-aangeleenthede nie met ons s'n ooreenstem, gelaat word nie.
5. Dit is dringend noodsaaklik dat die Kerk meer aandag gee aan sendingwerk binne die grense van die Unie.

OPVOEDKUNDIGE GEBIED

Ten opsigte van Naturelle-Onderwys is die Kongres van opvatting:

- (1) dat die Afrikaner in die verlede, hoewel dit histories verstaanbaar is, te min aandag aan die onderwys van Naturelle in die Unie gegee het, dit so te sê geheel-en-al in die hande van uitheemse kerke gelaat het en dat die Afrikanervolk alles in sy vermoë moet doen om hierdie agterstand in te haal.
- (2) dat die Naturelle-onderwys Christelik van aard moet wees, hulle moet voorberei vir die lewe, meer moet aansluit by die goeie in hul volkslewe, moet meehelp in die bestryding van die ongesonde in hulle gemeenskaps- en algemene kulturele lewe en ook meer moet aansluit by die besondere (ook Westerse) omstandighede waaronder hulle in ons land lewe.
- (3) dat die onderwys in die eerste instansie moet beoog die verskaffing van elementêre onderrig aan die breë massa, maar ook so ingerig moet wees om die nodige gespesialiseerde opleiding te verskaf aan moontlike leiers, voorligters en ambagsmanne, ens., wat 'n aandeel moet hê in die opheffing van hulle volk soos professore, onderwysers, ens. ens.
- (4) dat die Naturelle-onderwys daar dit ten nouste saamhang met die naturellebeleid as geheel onder die departement van Naturellesake moet bly sorteer, saam met alle ander Naturelle-aangeleenthede.
- (5) dat hoewel die Naturelle in die eerste instansie verantwoordelik is vir die finansiëring van hul onderwys, dit die

plig van die Staat is om, op grond van ons beginsels van Christelike voorgedyskap oor die Naturelle, tot die finansiëring daarvan by te dra.

POLITIEKE GEBIED

(1) Die Naturelle kan en mag nooit as burgers van die blanke staat burgerregte verkry en as deel van die blanke "demos" beskou word nie: hulle behoort aan 'n ander gemeenskap ten opsigte waarvan hulle burgerregte en -pligte besit. Derhalwe voel die Kongres dat die direkte en indirekte verteenwoordiging wat Naturelle in blanke bestuursliggame vandag het, 'n anomalie is wat beëindig behoort te word.

(2) Ten einde aan die Naturelle genoegsame geleentheid te gee om hul eie nasionale aspirasies uit te lewe, moet aan hulle afsonderlike gebiede verskaf word wat aanvanklik vir en later deur hulle as selfbeheerde Naturellegebiede beheer en ontwikkel kan word - hierin mag die blanke geen burgerregte verkry nie.

EKONOMIESE GEBIED

(1) Teneinde die Naturelle die geleentheid te gee om tot gesonde ekonomiese en staatkundige ontplooiing te kom, moet aan hulle gebiede, wat in 'n genoegsame mate aan hulle die geleentheid om 'n bestaan te maak sal bied, verskaf word.

(2) Dit is absoluut noodsaaklik:

(a) dat die primitiewe inboorling - ekonomiese opvattinge en aktiwiteite 'n verbetering en reorganisasie ondergaan.

- (b) dat die huidige Naturelle-stamgebiede gerehabiliteer en beskerm word teen uitmergeling en roofbou, 'n taak wat reeds deur die Dept. van Naturelle-sake aangepak en ten opsigte waarvan reeds waardevolle werk verrig is.
- (c) dat die Unie in dié verband beheer kry oor die protektorate.
- (d) dat teneinde aan Naturelle, wat nie as kleinboere of andersins 'n bestaan in die Naturellegebiede kan maak nie, 'n lewensbestaan as arbeiders te verskaf, daar industrië in Naturellegebiede ontwikkel moet word.
- (e) dat daar bemarkingsfasiliteite vir Naturelle geskep word en dat die handel in die Naturellegebiede onder kontrole en in die hande van Naturelle oorgaan.
- (f) dat die Naturelle wat op die oomblik onnodig in blanke gebiede is, onmiddelik teruggestuur word en die willekeurige trek van Naturelle na blanke stede en dorpe gekeer word.

(3) Die Kongres voel hom verplig om ernstig te waarsku teen die tendens om Naturelle-arbeid, veral in die onmiddellike-toekomstige onderneminge, op 'n grootskaal in ons industriële stelsel in te skakel, daar dit 'n reeks van probleme gaan meebring wat absoluut onhanteerbaar sal wees en die verwesenliking van die Afrikaanse ideaal van apartheid, totaal vir alle tye sal verydel, ja selfs die voorbestaan van 'n blanke en Westerse beskawing hier te lande in gevaar sal bring.

D. DIE INDIËRS

- (1) Die Kongres is van oordeel dat die mees bevredigende oplossing van die Asiate-vraagstuk sou wees om reëlings te tref dat hulle vergoed word en die land verlaat, daarom beveel hy aan dat die moontlikheid van sodanige reëlings te tref en die verkry van 'n ander tuiste vir Asiate deeglik ondersoek word.
- (2) Die Kongres is verder van oordeel dat dit in belang van beide Europeane en Asiate sou wees om 'n beleid van apartheid te volg wat intussen daarop sou mik om
 - (a) die aankoop van grond in blanke gebiede deur Asiate stop te sit en sodoende die verdere indringing van Asiate in die woonbuurtes van Europeane te verhinder.
 - (b) Skeiding tussen Europeane en Asiate op elke gebied geleidelik te bewerkstellig.
- (3) Die Kongres is van oordeel dat dit nie in belang van Suid-Afrika is dat Asiate stemreg verkry nie.
- (4) Die Kongres spreek sy waardering uit vir die houding van diegene in Natal wat die stryd teen verdere indringing van Asiate aangeknoop het en verseker hulle van sy simpatie en steun.

E. DIE KLEURLINGE

1. Aangesien die Kleurlinge uit verskillende bronne ontstaan het (die oorspronklike Hottentotte, slawe, uitlandse matrose, swak blanke uitlandse tipes en in geringer mate,

blanke inwoners van die Unie self); aangesien verder die Kleurlinge 'n hoër beskawingspeil as ander kleurrasse besit en boonop nog 'n kultuurtaal praat, is die Kongres van mening dat hulle as 'n aparte bevolkingsgroep beskou en as sodanig behandel moet word.

2. ALGEMENE BEGINSELS VAN BELEID:

(a) SOSIAAL

- (i) Die Kongres beskou die toestand, veral in die Westelike Provinsie, waar blanke en nie-blanke woonbuurtes nie genoegsaam geskei is nie, as ongesond en as nadelig vir die welsyn van beide die blanke en die Kleurling. Die enigste oplossing in hierdie verband moet gesoek word in 'n apartheid op elke terrein (woonbuurtes, werkplekke, vervoer, ens.).
- (ii) Die Kongres is daarvan oortuig dat hierdie beleid van apartheid ten opsigte van die Kleurling, sal lei tot die skepping van 'n eie welvarende kleurling-gemeenskap met sy eie plaaslike besture (kleurlinge), die aankweek van eie rasgevoel en volksbewussyn.

(b) GODSDIENSTIG

Die Kleurlinggroep moet sy godsdiens apart van die ander rasgroepe ontvang en wel in sy moedertaal wat byna uitsluitend Afrikaans is. Waar hy reeds 'n selfstandige Kerk besit, moet hy verder gehelp word om die ideaal van 'n volkome selfonderhoudende en selfuitbreidende Nasionale Kerk te bereik met sy eie leraars uit sy eie volk.

(c) OPVOEDKUNDIG

Sy hele opvoeding moet Christelik-Nasionaal wees met 'n leerplan waarvan die grondslag godsdienstig is, wat aanpas by sy besondere volksaard, wat deur medium van sy eie taal uitgevoer word, en wat bereken is om hom in alle opsigte op te hef tot die status van 'n selfrespekterende en selfversorgende Christenvolk. Dit is dus noodsaaklik dat hy sy eie laer- en hoër-opvoedingsinrigtings, sy eie aparte skole, Kolleges en Universiteite sal besit.

(d) EKONOMIES

Sy ontwikkeling moet geskied op eie gebied met al die nodige fasiliteite sodat hy homself in sy eie dorpe, ens. kan handhaaf in die handel, ambagte, professies ens. In hierdie terreine mag blankes nie toegelaat word om met hom te kompeteer nie.

(e) POLITIEK

Hy moet aparte verteenwoordiging deur blanke persone, in die Wetgewende liggame van die land verkry.

3. Die Hollandse Kerk van Natal word gevra om sy ernstige aandag te gee aan die vraag van Sendingwerk onder die Kleurlinge in hierdie provinsie, veral met die oog op die feit dat gedurende hierdie oorlog 'n aansienlike getal Kleurlinge uit die ander provinsies daar ingetrek het.

F. AANBEVELINGS BY DIE F.A.K.

Die Kongres wens bogenoemde besluite by die F.A.K. aan te

beveel as die algemene beginsels van die Rassebeleid van die Afrikaner. Sy versoek is dat die F.A.K. 'n Voortsettingsorganisasie van hierdie Kongres sal benoem wat aan die hand van hierdie aanbevelinge 'n behoorlik Skriftuurlik en wetenskaplik gefundeerde rassebeleid in al sy besonderhede sal uitwerk en wat verder ook as taak sal hê om hierdie beleid na die beste van sy vermoë bekend te stel, te propageer en te verwesenlik.

Een van die belangrikste take van hierdie voortsettingsorganisasie sal wees om die beginsel van algehele skeiding tussen blankes en nie-blankes asook die praktiese implikasies van hierdie beginsels grondig te ondersoek.

G. ALGEMENE BESLUITE

1. (a) Die Kongres wens hom ten sterkte uit te spreek teen die vreemde strominge en rigtinge in ons land wat in stryd met bostaande beleid as gevolg het die vertroebeling van die rasseverhoudinge en die versteuring van die rassevrede in Suid-Afrika. Hier word in die besonder verwys na die liberalisme en die Kommunisme, die Rooms-Katolisisme en ander uitheemse sendinggenootskappe wie se beleid noodwendig lei tot die uitwissing van natuurlike grense en bewerkstelliging van sosiale chaos.
- (b) Voorts spreek die Kongres dit as sy wens uit dat daar van die kant van die owerheid veel strenger opgetree sal word teen almal wat die verhouding tussen die blank en nie-blanke dele van ons be-

volking verstoer deur opruiing van die een teen die ander.

2. Die Kongres moet met die grootste leedwese daarvan melding maak dat die benadering en behandeling van hierdie vraagstuk nog altyd in die partypolitiek gesleep is en dit derhalwe onmoontlik gemaak is om hierdie vraagstuk op 'n objektiewe wyse en op sy meriete te benader en te behandel, en wil derhalwe sterk by alle partye en partyblaaie daarop aandring om hierdie neiging en handelwyse te beëindig en hierdie vraagstuk as een van nasionale aard en apart van alle partypolitieke-oorweginge te behandel.

3. Aan die openbare pers, sprekers, skrywers, en almal wat met die nie-blankes te doen het, word 'n dringende versoek gerig om hulle te onthou van alle uitlatinge en vorme van optrede wat onnodiglik die eie trots en eergevoel van die kleurrasse mag kwets en daardeur die gevoel van die nie-blankes teenoor die blankes mag versleg.

4. Die Kongres wens sy diepe erkentlikheid uit te spreek teenoor die Afrikaanse Kerke asook teenoor dié buitelandse Sendinggenootskappe wat hulle vereenselwig met die Afrikaner se rassebeleid van apartheid, vir die onskatbare dienste wat hulle gelewer het ten opsigte van die kerstening van die nie-blankes en die verwesenliking van ons volk se rassebeleid.

5. Die Kongres rig 'n vriendelike versoek aan die F.A.K. om die nodige stappe te doen vir die oprigting van 'n natuurlike-tydskrif waardeur die Naturel in sy eie taal bereik kan word en o.m. voorligting kan ontvang in verband met die beleid

van apartheid wat die Afrikaner ten opsigte van die kleurrasse huldig.

6. Ook versoek die Kongres die F.A.K. om hom te beywer vir die stigting van kultuurvereniginge onder die kleurlinggemeenskappe van ons land met die doel om onder die gemeenskappe opvoedingswerk te verrig en by hul 'n gevoel van trots in hul eie taal te ontwikkel.

7. Dit is verder die wens van die Kongres dat die F.A.K. daartoe sal oorgaan om die referate wat gelewer en die besluite wat aangeneem is tydens hierdie byeenkoms, aan die wydste moontlike publiek bekend te stel o.a. deur hulle te laat publiseer ook in die tweede landstaal en in die belangrikste inboorlingtale van die Unie.

---ooo000ooo---

B Y L A A G BVERSLAG VAN DIE KLEURVRAAGSTUK-KOMMISSIE VAN DIE HERENIGDE NATIONALE PARTYA. INLEIDEND

Ons het, wat betref beleid teenoor die nie-blanke rasse, twee rigtings in Suid-Afrika. Aan die eenkant is daar die beleid van apartheid en aan die anderkant het ons die beleid van gelykstelling.

GELYKSTELLING

In die beleid van gelykstelling vind ons twee skole van gedagtes. Die een skool, kommunisties georiënteerd, ontken die fundamentele aard van die bestaande verskille tussen blank en nie-blank en stuur derhalwe doelbewus en openlik af op die daarstelling van een gemengde volk in Suid-Afrika waar kleur-apartheid en kleurskeidslyne, sonder meer en geheel-en-al, uitgewis is. Die ander skool van gedagte is nie juis ten gunste van bloedvermenging nie en bepleit ook nie openlik maatskaplike gelykstelling nie, maar weier om daadwerklike stappe te neem teen rassevermenging en bepleit gelyke regte en geleentheid vir alle ontwikkelde mense, afgesien van ras of kleur, binne dieselfde staat-struktuur. Namate die nie-blanke rasse die bewys lewer dat hulle bevoeg is om van die demokratiese regte gebruik te maak, wil hulle geleidelik die stemreg aan hulle toeken. Hulle is ten gunste van die uiteindelijke verwydering van alle kleurslagbome uit ons volkslewe. Benader met nugtere realisme is dit glashelder dat albei hierdie skole van gedagtes op uiteindelijke gelykstelling afstuur. Daar is slegs verskil oor die manier en tyd waarop dit verwesenlik sal word.

Die beleid van gelykstelling of enige wisselvorm daarvan moet noodwendig lei tot die ondermyning en uiteindelijke vernietiging van die blanke ras as 'n selfstandige en regerende volk. Dit is die logiese konsekwensie van die getaloorwig en snelle ontwikkeling van die nie-blanke rasse. Enige ander bespiegeling oor die saak is wensdenkery en 'n hersenskim.

APARTHEID

Die beleid van apartheid het gegroei uit die ervaring van die gevestigde blanke bevolking van die land, Afrikaanssprekend sowel as Engelssprekend. Dit is gegrond op die Christelike beginsels van reg en billikheid en op die oortuiging dat die aparte ontwikkeling van die blanke en nie-blanke volksdele in ons land die enigste grondslag is waarop alle volksdele in waarheid met reg en billikheid behandel kan word en elk die volle kans sal kry om sy eie besondere volksaard en -karakter te behou en te ontwikkel. Enige vorm van onderdrukking word dus verwerp as verkeerd, volkskadelik vir beide blankes en nie-blankes, en in stryd met die beleid van apartheid.

Die beleid van apartheid beoog in hoofsaak:

1. Die handhawing van die blanke bevolking van Suid-Afrika as 'n suiwer blanke ras deur die algehele uitskakeling van enige rassevermenging tussen blanke en nie-blanke; sy bestendiging as 'n onafhanklike staatkundige gemeenskap en sy verdere ontwikkeling op Christelik nasionale grondslag deur die nodige beskerming op alle terreine die deurvoering van 'n duidelike skeidslyn tussen blank en nie-blank en daarmee die uitskake-

ling van alle moontlike bronne van belange-botsings tussen blank en nie-blank.

2. Die handhawing van die inheemse nie-blanke rasse-groepe van Suid-Afrika as aparte volksgemeenskappe deur die bestryding van alle invloede wat hulle onderskeie identiteite ondermyn en die daarstelling van moontlikhede vir hulle om apart op 'n natuurlike wyse te ontwikkel ooreenkomstig eie volksaard, aanleg en roeping aangevul en bevrug deur die Christelike beskawing tot selfversorgende volks-eenhede.

3. Die handhawing van die tradisionele voogdyskapbegin-sel. Die aankweking van nasionale trots en selfrespek by elke groep en die bewerking van wedersydse agting en respek tussen die verskillende rasse en rasse-groepe van die land.

EEN VAN TWEE RIGTINGS

Ons kan alleen in een van twee rigtings beweeg of ons moet die weg van gelykstelling opgaan en uiteindelik gelyke politieke, ekonomiese en maatskaplike regte aan die nie-blankes toeken, wat op die duur vir die blanke ras nasionale selfmoord en vir die nie-blanke rasse-groepe vernietiging van eie identiteit sal beteken, óf ons moet op die weg van apartheid beweeg waardeur elke ras se karakter en toekoms binne sy eie gebied beskerm en veilig gemaak word en waardeur aan elke ras in sy eie tuiste volle geleentheid om te ontwikkel gegun word en van die onvervreembare reg van selfhandhawing en selfbeskikking verseker word, sonder dat die belange van die een in botsing kom met die belange van

die ander en sonder dat die een die bestaan en ontwikkeling van die ander as 'n ondermyning of bedreiging vir homself aanvoel. Enige middelweg of kompromis is op sy beste tydelik van aard en blote lapwerk.

DIE ENIGSTE GESONDE WEG

Tensy menslike regte verkrag word is die beleid van apartheid dus die enigste grondslag waarop die posisie en toekoms van die blanke ras veilig gemaak en verseker kan word vir die geslagte wat kom, waardeur die nie-blanke rasse-groepe gelei kan word om te ontwikkel tot selfversorgende eenhede, waar nodig met 'n eie volkstruktuur waarbinne elke individu sy persoonlik en nasionale aspirasies ten volle kan uitlewe met volle geleentheid vir die ontplooiing van 'n gesonde en gelukkige volkslewe en waardeur rassebotsings uitgeskakel kan word sodat blank en nie-blank gelukkig kan saamlewe in Suid-Afrika.

B. ALGEMENE GRONDSLAE

1. Die Party aanvaar as hoogste taak en roeping van die staat die bevordering van die welvaart van Suid-Afrika en die geluk en heil van sy bevolking, blank en nie-blank, en beskou dat hierdie doel die beste verseker kan word deur die handhawing, beskerming en bestendiging van die blanke ras en daarmee die Christelike blanke beskawing in Suid-Afrika en aanvaar dit as fundamentele grondslag van sy beleid. Die Party onderneem derhalwe om die blanke ras behoortlik en doeltreffend te beskerm teen enige beleid, leerstelling of aanslag wat sy voortbestaan ondermyn of in gevaar kan stel.

2. Die Party verwerp met die grootste beslistheid enige beleid wat uiteindelik op gelykstelling en vermenging van blank en nie-blank met die verlies van eie identiteit van die betrokke rasse mag uitloop.

3. Terselfdertyd wil die Party dit as sy vaste oortuiging boekstaaf dat enige beleid van onderdrukking en uitbuiting van die nie-blankes deur die blankes strydig is met die beginsel van die beskawing en met die etniese en Christelike grondslag van ons volkslewe en geheel-en-al onversoenbaar met sy beleid.

4. Die Party huldig die beskouing dat God dit so beskik het dat daar 'n verskeidenheid van rasse en volke sal wees wie se voortbestaan en natuurlike groei geëerbiedig moet word as 'n deel van 'n ewige Godsplan. In Suid-Afrika het God in sy Alwyse Bestuur die blanke ras en die nie-blanke rassegroepe geplaas met diepgaande raskundige en ander verskille. Elke ras en rassegroep besit sy eie karakter, volksaard, aanleg, roeping en bestemming.

Die Party glo dat 'n besliste beleid van apartheid tussen die blanke ras en die nie-blanke rassegroepe en die toepassing van die apartheidsbeginsel ook ten opsigte van die nie-blanke rassegroepe die enigste grondslag is waarop die karakter en toekoms van elke ras en rassegroep beskerm en veilig gemaak kan word, waardeur elke ras gelei kan word om te ontwikkel ooreenkomstig eie volksaard, aanleg en roeping en waardeur alle moontlike bronne van rassebotsings uitgeskakel kan word.

5. Kragtens die tradisionele beginsel van Christelike Voogdyskap aanvaar die Party die taak en verantwoordelikheid om die nie-blanke rassegroepe waar nodig te beskerm en hulle geleidelik op natuurlike en gesonde wyse te help, stoflik so= wel as geestelik, om ooreenkomstig eie volksaard, aanleg en roeping te ontwikkel en uiteindelik op selfstandige en ver= antwoordelike wyse hulle eie sake te behartig.

6. In hulle eie gebiede sal die nie-blanke rassegroepe volle geleentheid van ontwikkeling kry op elke gebied en sal hulle eie inrigtings en maatskaplike dienste ontwikkel waar die kragte van die ontwikkelde en progressiewe nie-blankes tot eie volksopbou ingespan kan word.

7. As uiteindelijke ideaal en doelwit word gestel algehele apartheid tussen blankes en naturelle, wat sover as wat dit prakties moontlik is geleidelik deurgevoer sal word, altyd met inagneming van die land se behoeftes en belange en met die nodige sorg teen ontwrigting van die land se landbou, nywerhede en algemene belange.

8. Die landsbeleid moet so opgestel en toegepas word dat dit die apartheidsideaal op 'n gesonde en natuurlike wyse sal bevorder.

9. Sover moontlik moet apartheid tussen die verskillende nie-blanke volksgroepe bewerk word en erkenning gegee word aan die apartheidsbeginsel ook ten opsigte van die etniese groepe van die Bantoe.

10. 'n Stelsel van verpligte volksregistrasie vir alle dele van die bevolking sal ingestel word. Die huidige passtelsel

sal vervang word deur 'n meer betroubare en minder griewende identifikasie stelsel vir naturelle in blanke gebiede en blankes in naturellegebiede.

11. 'n Permanente raadgewende liggaam van deskundiges oor die nie-blanke aangeleenthede sal in die lewe geroep word en 'n deeglik toegeruste etnologiese instituut sal opgerig word.

12. Die Staat oefen volle toesig en leiding uit oor die onderwys en algemene vorming van die nie-blanke jeug.

13. Die Party wil die feit beklemtoon dat die rassevraagstukke van ons land 'n huishoudelike aangeleentheid is, waarmee die geluk en heil van ons vaderland gemoeid is en wat slegs met deeglike kennis en simpatie benader kan word. Gevolglik sal inmenging van buite en afbrekende propaganda na buite nie geduld word nie.

14. Die Party wil die beginsel van samesprekings van belanghebbende regerings en blanke groepe in Afrika en by name die van Suidelike Afrika aanmoedig met die doel om eenvormigheid te probeer kry oor die groot beginselsake ten opsigte van die Kleurvraagstukke.

15. Die Party huldig die beskouing dat die Kleurvraagstuk 'n nasionale vraagstuk is en gevolglik 'n saak is waarby alle bevolkingsdele van die land die hoogste gemeenskaplike belang het. Daarom stel hy hom ten doel om aansluiting te soek by alle bevolkingsdele wat die beginsel van apartheid onderskryf en op hierdie gesamentlike grondslag alle kragte saam te snoer vir die verwesenliking van die ideaal van apartheid tussen blank en nie-blank.

C. SENDINGBELEID

1. Die Party wil dat die nie-blankes op 'n daadwerklike en kragtige wyse gelei sal word om die Christelike Godsdiens te maak die grondslag van hulle hele lewe, sodat ook by hulle 'n gesonde Christelike-Nasionale lewensbeskouing opgebou word.
2. Hy beskou die verkondiging van die Evangelie aan alle rasse, volke en bevolkingsgroepe as die roeping van die Christelike Kerk op aarde.
3. Die Party wil gesonde sendingwerk onder die nie-blankes met alle moontlike middels en steun help bevorder.
4. Hy ag hom egter geroepe om te waak teen sodanige bedrywighede van Kerk, Genootskappe en Bewegings wat die gesag van die Owerheid ondermyn, verwarrende en volksvreemde beskouings propageer en die beginsel van aparte ontwikkeling misken.
5. Hy sien die vorming van selfregerende, selfonderhoudende en selfuitbreidende Kerke as die mikpunt van sendingwerk. Daar-
toe moet die opleiding en gebruik van inheemse werkkragte sy regte plek in die program van aksie van Kerke en Genootskappe kry, sodat blanke leiding geleidelik minder word en elke groep in sy eie gebied in alle opsigte selfstandig voortbestaan.

D. BELEID TEENOR DIE KLEURLINGE

DIE PLEK VAN DIE KLEURLINGE

1. Die Kleurlinge neem oor die algemeen 'n middel-posisie tussen die blankes en die naturelle in'en derhalwe moet die beleid van apartheid tussen Blanke en Kleurling en tussen Kleurling en Naturel gehandhaaf word. Die Kleurling moet aan-

gemoedig word om sy volkseie te waardeer en 'n nasionale trots en selfrespek te ontwikkel.

APARTHEID TUSSEN BLANKES EN KLEURLINGE

2. Hulle moet hulle aparte woongebiede hê waar hulle gelei kan word om hulle eie sake te behartig.

3. 'n Beleid van apartheid tussen Blankes en Kleurlinge op maatskaplike, residensiële, industriële en politieke gebied moet toegepas en deurgevoer word.

4. Spesiale aandag sal gegee word aan die deurvoering van 'n beleid van apartheid in ons industrië, werksplekke en verkeersweese sover as wat dit prakties uitvoerbaar is.

5. Gemengde huwelike tussen blankes en kleurlinge moet verbied word en verbastering tussen blankes en kleurlinge sal met alle middels bestry word.

APARTHEID TUSSEN KLEURLINGE EN NATURELLE

6. Die beginselbeleid van apartheid tussen Blankes en Kleurlinge sal mutatis mutandis van toepassing gemaak word tussen Kleurlinge en Naturelle.

7. Die Kleurling moet in gebiede en op terreine waar hy reeds gevestig is teen indringing en onbillike konkurrensie van die kant van die naturel beskerm word.

POLITIEKE VERTEENWOORDIGING

STAATSDEPARTEMENT VIR KLEURLINGE

8. Met die doel om die gesonde opbou van die Kleurlinggemeenskap aan te moedig sal 'n aparte staatsdepartement van Kleurlingsake in die lewe geroep word.

KLEURLING VERTEENWOORDIGENDE RAAD

9. 'n Kleurling Verteenwoordigende Raad vir Kaapland sal in die lewe geroep word. Dit sal bestaan uit:

- (a) Verteenwoordigers gekies deur die Kleurlinge op 'n Kiesafdeling basis.
- (b) Die hoof van die Departement van Kleurlingsake.
- (c) Addisionele lede deur die Regering benoem.

10. Hierdie Raad sal verteenwoordigend wees van Kaapland en sal adviserende magte hê.

11. Die huidige kwalifikasies vir stemreg van Kleurlinge op Kiesers van die Kleurling Raad van toepassing gemaak word.

12. Aangesien die huidige stelsel van stem deur blankes en kleurlinge vir dieselfde kandidate in die Volksraad en Provinsiale Raad tot allerlei wrywing en wanpraktyke lei moet dit afgeskaf word.

VERTEENWOORDIGING IN DIE PARLEMENT

13. Solank die naturelle verteenwoordiging in die Volksraad het sal dit nie reg wees om die Kleurling verteenwoordiging alleen in die Senaat te gee nie, ofskoon dit miskien vir hom die mees gewenste liggaam sal wees, gevolglik sal die Kleurlinge deur drie blankes in die Volksraad verteenwoordig word. Wat verkies sal word deur die Kleurling Verteenwoordigende Raad.

14. Van die vier lede wat deur die Regering in terme van die Suid-Afrika Wet in die Senaat weens hulle besondere kennis van die Kleurlingrasse benoem word sal een benoem word om meer bepaald die Kleurlinge se belange te verteenwoordig.

15. Hierdie sodanige verteenwoordigers in die Parlement sal nie die reg hê om oor die volgende sake te stem nie -

- (a) 'n mosie van wantroue in die Regering;
- (b) Oorlogsverklaring en;
- (c) sake rakende die uitbreiding van die Kiesreg.

VERTEENWOORDIGING IN PROVINSIALE RAAD VAN KAAPLAND

16. Die Kleurlinge sal deur drie Blankes in die Provinsiale Raad van Kaapland verteenwoordig word. Hulle sal gekies word deur die Kleurling Verteenwoordigende Raad.

EIE LOKALE RADE

17. In hulle eie gebiede sal die Kleurlinge geleentheid kry om hulle eie rade te hê met hulle eie publieke dienste wat deur die Kleurlinge self behartig word binne die raamwerk van enige bestaande rade met hoër gesag.

ANDER LOKALE RADE

18. Die beginsel van apartheid moet toegepas word waar nodig en wenslik ten opsigte van alle ander lokale rade.

MAATSKAPLIKE EN WELSYNSDIENSTE

19. In die stede moet vir die onderwys van volwassenes gesorg word waardeur onderrig gegee word in noodhulp, naaldwerk, kookkuns, huishouding, gesondheidsleer, ouerlike opvoeding, ens., ens.

20. Met die oog op die verbetering van die maatskaplike en gesondheidstoestande en die sedelike peil van die Kleurlingbevolking sal doeltreffende mediese, welsyns en ander maatskaplike dienste aan die Kleurlinge verskaf word met medewerking,

finansieel en andersins van die kant van die Kleurlinge en beoefen daarom sover moontlik deur die Kleurling self.

21. Spesiale aandag moet gewy word aan die opleiding van Kleurling-sosiale werksters en verpleegsters. Geleenthede moet verskaf word vir die opleiding van huisbediendes, kinderoppassers, hoteljongens, winkel- en distribusie-bediendes en vir ander geskikte werkkringe.

22. Spesiale aandag sal bestee word aan die gesonde opbou van die gesinslewe van die Kleurlinge en met hierdie doel voor oë sal besondere aandag gegee word aan behuising. Die Sub-ekonomiese Behuisingskema moet nie alleen vir die stede maar ook vir die plase beskikbaar gestel word.

23. Aan die vooruitstrewende Kleurling moet spesiale fasiliteite wat betref behuising verskaf word en die beginsel van gebruikmaking van eie Kleurling-kragte word erken.

ONDERWYS

24. Volle geleenthede vir 'n doeltreffende onderwys moet aan die Kleurlinge beskikbaar gestel word.

'n Praktiese onderwysstelsel wat rekening hou met die Kleurling se behoeftes, aanleg en toekomstige loopbane moet ontwerp word om van die grootste waarde en nut vir die Kleurling bevolking te wees.

Spesiale aandag moet gegee word aan opleiding in praktiese en nuttige vakke, geleentheid vir vakopleiding en veral aan die aard van plaasonderwys.

25. Die Kleurlinge sal nie alleen laer onderwys ontvang nie, maar voorsiening sal gemaak word vir hoër onderwys met hulle eie opleidingskolleges en 'n eie universitêre opleiding waar hulle gelukkig kan wees en waarop hulle trots kan wees en van gelykwaardige gehalte met die van die blanke Universiteite is.

VERSLAG KOMMISSIE OOR KLEURLINGE

26. Vir die motivering en verdere uitwerking van die beleid teenoor die Kleurlinge word verwys na die Verslag van die Kaaplandse Herenigde Nasionale Party Kommissie oor die saak wat as 'n aanhangsel bygevoeg word.

E. BELEID TEENOR DIE NATURELLE

ALGEMENE STELLINGS

1. Die naturel moet in sy volkseienomlike vasgeanker word. Hy moet gelei en opgevoed word om sy kultuur en nasionale instellings te waardeer en uit te bou. Hy sal slegs geleidelik gelei word om hom waar nodig by die westerse beskawing aan te pas. Alle immorele en volkskadelike elemente in sy kultuur en nasionale instellings moet uitgeskakel word.

2. Die Naturelle moet gelei word om 'n aparte volkstruktuur van hulle eie op te bou, waarbinne hulle in alle opsigte kan ontwikkel met volle geleenthede vir elke individu en alle kanse om hulle nasionale ideale en aspirasies in hulle eie gebiede uit te lewe.

3. Die beleid sal beoog om sover moontlik die vernaamste etniese groepe en sub-groepe in hulle eie onderskeie gebiede saam te trek, waar elkeen uiteindelik sy eie sentrale regeringstelsel

kan opbou en waar hulle gelei kan word om as aparte nasionale eenhede te ontwikkel.

4. Sover as wat dit prakties moontlik is moet aparte woon-gebiede in die stede vir Kleurlinge, Naturelle en Indiërs aangewys word.

5. In die Naturellegebiede moet Naturellebelange deurslaggewend wees en in die blanke gebiede blanke belange.

NATURELLEGROND

6. Die Party aanvaar in die algemeen die beginsel van gebiedsegregasie tussen blankes en naturelle.

7. Alle sogenaamde "swart kolle" in blanke gebiede en "wit kolle" in naturellegebiede sal mettertyd verwyder word.

8. Die Party voel bekommerd oor die agteruitgang van die grond in die reserwes weens oorbeweiding, roofbou en swakke bewerking en veral ten opsigte van die grond toegeken onder die wet van 1936 en meen dat met die oog op die nasionale voedseltekort, alle toekomstige toekennings alleen moet geskied met die grootste omsigtigheid en met die versekering dat daardie gronde nie verwaarloos sal word of dat sy produktiwiteit tot 'n groot mate verlore sal gaan en mits -

(a) deeglike wetenskaplike ondersoek na die drakrag, moontlikhede van ekonomiese ontwikkeling en oordeelkundige gebruik van daardie gronde; en

(b) alle pogings aangewend is om die tans verwaarloosde gronde in die gebiede weer tot produktiwiteit te bring.

9. 'n Liggaam van deskundiges sal daargestel word wat deeglike ondersoek sal instel na die drakrag, moontlikhede van ekonomiese ontwikkeling en oordeelkundigste gebruik van die grond in die naturellegebiede.

10. Blankes sal uiteindelik nie toegelaat word om grond in naturellegebiede te besit nie. Indiërs en Kleurlinge sal nie toegelaat word om vaste eiendomme in naturellegebiede te besit nie of om daar te woon of handel te drywe en mag slegs met spesiale verlof toegelaat word om die gebiede binne te gaan.

11. Naturelle sal nie toegelaat word om grond in blanke gebiede te besit nie.

DIE NATURELLERESERWES

12. Die Naturellereserwes moet die Vaderland van die Naturel word. Dit moet die wieg van sy nasieskap wees en die akker waarop sy vaderlandsliefde en nasionale trots kan groei en uitgebou word. Vir elke naturel moet dit 'n geestelike tuiste wees. Dit moet die setel van sy regeringstelsel wees. Dit moet die hoofstandplaas van sy Kerke wees. Daar moet sy ver= naamste onderwysinrigtings staan. Kortom dit moet gemaak word die bakermat van sy persoonlike en nasionale ideale en aspirasies

13. In die naturellereservate moet toestande en geleenthede geskep word waar die naturel aspirasies sal kan uitlewe en ver= wesenlik, sodat selfs die begaafde en progressiewe naturel, uit die stedelike gebiede, deur oorwegings ook van eie belang, na daardie gebiede getrek kan word, waar hulle inisiatief en werkvermoë tot volle uiting kan kom en in diens van verdere opbou van hulle eie volk ingespan kan word.

14. 'n Prestige en aansien op alle terreine moet aan die natuurlike in die reserwes gegee word, sodat hulle wat die Bantoe in die algemeen betref, toonaangewend sal wees en as mondstuk van die Bantoe kan optree, in stede van die huidige verdwaalde enkelinge wat hulle hierdie weg aanmatig.

15. Die beste maatskaplike, welsyns- en volksorganisasie= dienste vir Naturelle moet in die reservate beskikbaar gestel word, in teenstelling met die huidige beleid van begunstiging in die stede, sodat bejaarde, gebrekklike en ander hulpbehoewen= de natuurlike ook daarheen gelok kan word, in stede van na die dorpslokasies.

16. Die Party beoog 'n kragtige beleid van rehabilitasie van die natuurlikegebiede waarin die natuur se eie arbeid aangewend sal word en waardeur hulle geleer sal word om 'n gesonde en oordeelkundige ekonomiese lewe op te bou.

17. Opnames van al die hulpbronne van die natuurlikegebiede sal gemaak word.

18. 'n Groter verskeidenheid van ekonomiese bedrywighede sal geleidelik tot stand gebring word om groter produktiwiteit en stabiliteit van die reserwes te bewerkstellig.

Vir hierdie doel sal deskundige plannekomitees in die lewe geroep word om streekplanne vir elke gebied te ontwerp, voorstelle te doen oor die toewysing van grond in die gebiede vir landbou, beweiding, bebossing, stigting van dorpe; aanbevelings te doen vir die ontwikkeling van nywerhede, vervoer= fasiliteite, grondbewaring en ander maatreëls wat die ekono= miese en maatskaplike welsyn van die bevolking sal bevorder.

19. 'n Naturelle Nywerheids Ontwikkelingskorporasie sal opgerig word vir die finansiëring, garansie en bestuur van onderneminge in die naturellegebiede en om naturelle daarvoor op te lei.

20. Groter geleenthede vir die opleiding van naturelle in die handel sal geskep word en die oprigting van naturelle koöperatiewe besighede, waar nodig onder strenge staatstoedig, sal aangemoedig word. Enige vorm van uitbuiting en onredelike winste sal teengegaan word.

NATURELLE OP PLASE

21. Die beheer en verdeling van die arbeidskragte moet op sodanige wyse geskied dat die landbou doeltreffend bedien word.

22. 'n Spesiale afdeling onder die Departement van Naturelle sake moet in die lewe geroep word, wat hom sal toelê op die regulering van plaasarbeid en die bestudering van alle vraagstukke in verband met die saak.

23. Alle pogings moet in die werk gestel word om die wegstroming van naturelle van die boereplase te keer.

24. Onderzoek moet ingestel word na die moontlikhede om dit vir die naturel so aanloklik moontlik te maak op die boereplase om hom te wys op die groot voordele wat die lewe op die plase bied bo die van die stede en dorpe.

25. Hoofstuk 4 van die Naturelle Grond en Trust Wet van 1936 moet dien as 'n basis vir die verwydering van die plakker- en "kafferboerdery-euwel".

NATURELLE IN DIE STEDE

26. Die Party neem met besorgdheid kennis van die geweldige en ongebalanseerde toename van die natuurlike-bevolking in ons stede met die gepaardgaande ewels en probleme.

27. Die Party wil die blanke karakter van ons stede, bewaar en op 'n kragtige en doeltreffende wyse sorg vir die veiligheid van persone sowel as eiendomme en die vreedsame lewe van al die bewoners.

28. Alle natuurlike moet in aparte en uitsluitlik natuurlike woonbuurtes geplaas word. Geen natuurlike sal toegelaat word om in te woon in blanke gebiede, behalwe met spesiale verloop en blankes sal nie toegelaat word in natuurlike woonbuurtes nie.

29. Saamdromming van natuurlike in omstedelike gebiede sal nie toegelaat word nie.

30. 'n Stelsel van registrasie van stam natuurlike en ontstamde natuurlike in die stede sal dadelik uitgewerk word.

31. Die ontstamde natuurlike in die stede moet bevries word en voorkeur wat arbeid en ander regte betref sal aan hulle in die stede gegee word solank as wat hulle daar is en tot tyd en wyl die ideaal van algehele apartheid bereik is.

32. Die Naturel in die stedelike blanke gebiede moet as 'n "besoeker" beskou word, wat kom om sy dienste aan te bied tot voordeel van homself en tot voordeel van die blanke.

33. 'n Plan vir die geleidelike vermindering van die getal ontstamde natuurlike in stedelike gebiede deur ander voorsiening vir hulle te maak, sal ontwerp word. Maar solank as sodanige

Naturelle nog in stedelike gebiede verkeer moet met inagneming van die verskillende volksgroepe aparte woongebiede vir hulle daargestel word waar hulle geleidelik onder toesig van die betrokke stadsraad, hul eie maatskaplike en welsynsdienste sal hê en hul eie rade kan kies. Dit moet egter duidelik wees dat hul teenwoordigheid in die stedelike gebiede beskou word as tydelik en dat hulle daar nooit op gelyke politieke regte van enige aard met die blankes sal kan aanspraak maak nie, en dat hulle nooit in die gebiede vaste eiendomme sal kan besit nie.

34. Die beleid in die stede moet daarop gemik wees om die stamverband te herstel en die naturel weer aan sy volkseie vas te anker en ook om by hulle die besef aan te kweek dat die reservate, geestelik en andersins hulle volkstuieste is, waarheen hulle geleidelik terug gelei word.

35. Die koms van die naturelle na die stede en hulle gereelde vertrek sal deur die staat op 'n doeltreffende wyse en op 'n landswye basis onder beheer geneem word in samewerking met die stedelike besture.

36. Die verstedeliking van naturelle is in stryd met die beleid van apartheid en die naturel kan dus nooit 'n integrerende deel van die stedelike bevolking vorm nie. Die intog na die stede sal aan alle moontlike beperkings onderhewig gemaak word en die naturel sal ingelig word oor die nadele van verstedeliking en die voordele van 'n eie nasionale tuieste.

37. Die Naturellegebiede moet onder 'n doeltreffende uitstromingsbeheer geplaas word en die stede moet onder 'n doeltreffende instromingsbeheer geplaas word.

38. Alle naturelle wat in stryd met die wet in die stede kom, moet onverwyld op aanvraag van die plaaslike bestuur, deur die staat verwyder word. Waar die staat oortuig is dat 'n plaaslike bestuur nie die beleid uitvoer nie sal die staat die nodige stappe doen.

39. Alle Munisipaliteite moet die bepalings van artikel 12 van Wet 25/1945 sodanig toepas dat geen permitte uitgereik word vir die indiensneming van buitelandse naturelle nie. By diensverlating moet bestaande permitte verval en nie oordraagbaar wees nie.

40. Naturelle van buite die Unie moet -

(a) Onder strenger kontrole geplaas word;

(b) as tydelike arbeiders beskou word wat onderhewig is aan repatriasie na vasgestelde dienstyf of wanneer wenslik.

41. Die stelsel van identifikasie en kontrole moet streng toegepas word.

42. Die hele stelsel van kontrole moet in noue voeling staan met die Nasionale Stelsel van arbeidsreëling deur die arbeidsburo, soos later uiteengesit word.

43. Die Party beoog die desentralisasie van nywerhede onder meer ook met die doel om die grootskaalse saamdromming van naturelle te voorkom en om die beginsel van apartheid te bevorder.

44. Die oprigting van nywerhede naby naturellegebiede sal ondersoek word.

45. Die ideaal waarop gemik moet word is die geleidelike uitskakeling van Naturelle uit nywerhede in blanke gebiede, maar dit word besef dat dit alleen in die loop van baie jare kan bereik word. Intussen is daar sekere beginsels wat toegepas moet word op die gebruik van naturelle-arbeid in blanke gebiede sodat dit op so 'n wyse geskied dat dit nie die voortbestaan van die blanke ras en die Westerse beskawing in Suid-Afrika in gevaar kan stel nie.
46. Die belange en werkgeleentehede van die blanke werker moet beveilig en beskerm word.
47. Die beginsel van apartheid sal sover prakties moontlik in alle fabriek, bedrywe en werksplekke deurgevoer word en dit sal nie toegelaat word dat blankes onder 'n naturel of op 'n voet van gelykheid met die naturel saam werk nie.
48. 'n Kwota-stelsel betreffende die getalsverhouding tussen blankes en naturellewerkers in die bedrywe sal waar wenslik en prakties moontlik toegepas word en waar wenslik sal die werkkring van blankes en naturelle in sekere industrië afgebaken word.
49. Die verdringing van blankes deur naturelle en kleurlinge uit bedrywe wat tradisioneel die arbeidsveld van die blankes is, sal verhoed word. Elke seksie van die bevolking is geregtig op beskerming teen die onbillike ekonomiese konkurrensie van enige ander seksie.
50. Die Party verklaar hom teen die organisasie van naturelle in vakbonde op hierdie stadium van hulle ontwikkeling aangesien die breë naturelle-arbeidsmassa nog nie ryp is om

die grondbeginsels en funksies van vakuniewese te begryp en te waardeer nie, maar die Party beskou dit as die plig van die staat as voog oor die naturelle om 'n stelsel in die lewe te roep wat hulle belange op doeltreffende wyse sal kan behartig.

51. Naturellevakmanne in bou en ander bedrywe moet hulle arbeidsveld vind in naturelle woonbuurtes in stedelike gebiede.

ARBEID

52. 'n Nasionale Stelsel van arbeidsreëling en arbeidskontrole sal in die lewe geroep word met 'n Sentrale Arbeidsburo en 'n doeltreffende netwerk oor die hele land om aanvraag en aanbod so snel en mobiel moontlik te laat fungeer en om die grootskaalse verkwisting van arbeid uit te skakel.

53. 'n Opname van die beskikbare Naturelle-mannekrag in die stede, reservate en platteland sal gemaak word en op datum gehou word.

54. 'n Opname van die arbeidsbehoefte van die stede, platteland asook van die Naturelle-mannekrag benodig vir die ekonomiese ontwikkeling en instandhouding van die reservate, sal gemaak word.

55. Sover moontlik moet 'n doeltreffende stelsel van verdeling van arbeid tussen die landbou, industrië, myne en stede ontwerp word.

56. Gereelde opgawes van die beraamde benodigde arbeid sal deur die bedrywe en deur die stede by die Arbeidsburo ingehandig word.

57. Alle werklose naturelle moet geregistreer word.
58. Leeglêery en leeglopery sal nie geduld word nie.
59. 'n Stelsel van verpligte mediese ondersoek van arbeiders moet ingestel word.
60. Sentrums vir die opleiding van huisbediendes en arbeiders en ander nodige bedrywe sal oorweeg word.
61. Gesorg moet word vir behoorlike huisvesting van arbeiders en ondersoek sal ingestel word in hoeverre die laste van behuising gedra moet word deur die Staat, plaaslike besture en veral die werkgever.
62. Deskundige ondersoek sal ingestel word na al die aspekte van naturelle-arbeid en na die stelsel van trekarbeid.

NATURELLE ONDERWYS

63. Die Party aanvaar die beginsel dat die naturel geregtig is op en behoefte het aan gesonde opvoeding en dat dit 'n deel van die taak van die blanke as voogde van die naturel is, om hom behulpsaam te wees met die verskaffing van die noodsaaklike onderwysgeriewe.
64. Die onderwysplan moet streng Christelik-nasionaal van karakter wees, moet sover doenlik by die Bantoe se eie volksaard, aanleg en agtergrond aanpas en moet Bantoe-nuttige en Bantoewaardige burger en burgeresse kweek.
65. Die skoolwese moet rekening hou met die ontwikkelingspeil en behoeftes van die massa naturelle en die leerplan, metodes en organisasie moet aanpas by die dink-peil en maatenskaplike struktuur van die naturel.

66. Die doel van die opvoeding moet wees om karakter te bou en die naturel aan sy eie omgewing te laat aanpas op die grondslag van sy eie samelewing en maatskaplike naturelle-struktuur met waardering van sy volkseïendomme en die aankweek van nasionale trots en selfrespek.

67. Spesiale aandag moet gegee word aan die vaardigheidsvakke, bv., hande-arbeid, nywerheidsopleiding en landbou en kommersiële opleiding, huisarbeid, ens.

68. Moedertaal- en Godsdiensonderwys moet 'n belangrike plek inneem, terwyl as tweede taal geleer sal word die taal van die blanke wat die meeste in die omgewing van die naturel gebruik word.

69. Onder die besef van die besondere belangrikheid van naturelle-onderwys is dit die Party se standpunt dat dit 'n staatsaangeleentheid moet wees, waardeur die staat deeglike toesig sal moet hou oor die beleid en leerplanne. Behoorlike erkenning sal gegee word aan die werk van die Kerke en Sendinggenootskappe dog met die duidelike voorwaarde dat uitvoering gegee word aan die beleid van apartheid.

70. Kerke en Sendinggenootskappe wat 'n beleid volg wat indruis teen die Staat se beleid van apartheid sal nie toevertrou word met die onderwys van naturelle nie.

71. Naturelle-onderwys moet onder die Unie Regering staan en moet ressorteer onder 'n aparte afdeling met sy eie direkteur van onderwys onder die Departement van Naturellesake.

72. Die finansiëring van natuurlike-onderrys moet bereken word op die grondslag van sy kultuurpeil, sy ekonomiese dra-krag en sy behoeftes en moet wees meer in verhouding met sy bydrae tot die staatsinkomste en moet gemik wees op die uiteindelijke selfversorging en selfstandige behartiging van sy eie uitgawes vir sy onderrys.

73. Waar nodig moet gesorg word vir hoër onderrys en Universitêre opleiding vir Natuurlike in sy eie gebiede.

74. Spesiale voorsiening moet gemaak word vir die opleiding van natuurlike wat leiding kan gee en gesag uitoefen in Natuurlikegebiede.

75. Die verskaffing van hoër onderrys moet gepaard gaan met die verskaffing van professionele en administratiewe poste vir natuurlike in die reserwes. Ontwikkelde natuurlike sal aangemoedig word om hulle dienste, professioneel en andersins tot die beskikking van hulle eie volk in hulle eie gebiede te stel.

MAATSKAPLIKE EN WELSYNSDIENSTE

76. 'n Stelsel van mediese dienste in die reserwes sal ingestel word en 'n begin sal gemaak word met die oprigting van hospitale en klinieke in die reservate waar die natuurlike deur hulle eie mediese praktisyns, sover moontlik behandel sal word.

77. In die stedelike gebiede sal aparte fasiliteite by die blanke hospitale vir die natuurlike besorg word terwyl klinieke in die stedelike natuurlike dorpe opgerig sal word.

78. Spesiale aandag moet gewy word aan die opleiding van natuurlikemedici en verpleegsters.

79. 'n Stelsel van maatskaplike werk en voorligting veral ten opsigte van volksgesondheid, voeding en huishouding ens., ens., sal oorweeg word en fasiliteite sal verstrekkend word vir die opleiding van naturelle as maatskaplike werkers en werksters.

80. Dit sal die strewe wees om toe te sien dat naturelle oor die algemeen deur hulle eie mense bedien word.

81. Die verbod op die verkryging van sterk drank deur naturelle moet streng gehandhaaf word en drastiese stappe teen die smokkelhandel in drank sal geneem word.

82. Wat sy maatskaplike en welsynsdienste betref sal ook 'n stelsel gevolg word waardeur by die naturel 'n verantwoordelikeheidsin aangekweek word en waardeur hy geleer word om uiteindelik selfonderhoudend en selfversorgend te wees.

VERTEENWOORDIGING VAN NATURELLE IN DIE UNIE SE WETGEWENDE LIGGAME

83. Die Naturelle sal in die Senaat verteenwoordig word deur sewe blanke senatore, drie waarvan deur die Regering aangestel word op grond van hulle besondere kennis van naturellesake en vier waarvan deur die verskillende naturelle-rade gekies word.

84. Die verteenwoordiging van die Kaapse Naturelle in die Volksraad sal afgeskaf word.

85. Met die oog op die verskuiwing van naturelle-onderwys en ander naturellebelange is dit nie meer nodig dat naturelle in die Provinsiale Raad van Kaapland verteenwoordig sal word nie.

86. Die Party verklaar hom beslis teen die uitbreiding van die stemreg aan naturelle in die Unie en is ten gunste van die afskaffing van die huidige verteenwoordiging van naturelle in die Volksraad en in die ondergeskikte wetgewende liggame van die Unie.

87. Die Naturellesakekommissie sal afgeskaf word en in die plek daarvan sal 'n Permanente Raad van deskundiges soos bepaal in Artikel B-11 in die lewe geroep word.

88. Die Senatore in die Senaat wat Naturellebelange verteenwoordig sal 'n staande Komitee vir Naturellebelange vorm.

89. Hierdie Senatore sal nie die reg hê om oor die volgende sake te stem nie:

(a) Mosie van wantroue in die Regering;

(b) Oorlogsverklaring; en

(c) sake rakende die uitbreiding van die kiesreg.

EIE REGERINGSTELSE EN BESTUUR IN RESERWES

90. Die Party staan voor dat 'n eie stelsel van regering en bestuur, min of meer op die grondslag van die Boengastelsel, waarby die naturellehoofde volledig ingeskakel word en wat die beste aanpas by die naturel se volkstruktuur, vir die reserwes ingestel word, waardeur hulle volle geleentheid sal kry om hulle politieke en staatkundige aspirasies uit te lewe en konstruktief ingespan kan word vir hulle eie opbou.

91. So 'n Raad sal vir elke reserwe in die lewe geroep word en sal bestaan uit die opperhoof van die gebied en sy erkende indoenas met 'n aantal verkose verteenwoordigers.
92. Alleen manlike naturelle wat in die reserwes gevestig is sal hiervoor die stemreg hê.
93. Aanvanklik sal hierdie Reserwerade staan onder leiding en advies van blanke amptenare en deskundiges met soveel speling vir eie leiding en inisiatief moontlik vir die naturelle self. Namate verantwoordelikheid aan die dag gelê word sal hulle geleidelik oorgaan in die hande van die naturelle self.
94. Aanvanklik sal die Reserwerade beperkte bestuursmagte hê wat uitgebrei sal word, namate erns en verantwoordelikheid aan die dag gelê word, tot selfstandige wetgewende liggame wat volle verantwoordelikheid vir die Regering en administrasie van die gebied ten opsigte van alle naturellebelange in die gebied aanvaar, onder toesig van die Unie Regering.
95. Die Goewerneur-generaal besit die veto-reg oor wetgewing van die Reserwerade.
96. Die Naturelleraad sal afgeskaf word en uiteindelik vervang word deur Rade vir elkeen van die etniese groepe en hoof-subgroepe soos bepaal in artikel E-3.
97. In die stedelike lokasies sal lokale rade ingestel word wat deur die geregistreerde bewoners van die lokasies gekies word en wat verantwoordelik sal wees vir die bestuur en administrasie van die lokasies onder toesig en beheer van die Munisipaliteite; hierdie Rade sal nooit tot selfstandige liggame kan ontwikkel nie.

JUDISIEEL

98. Die eie Regstelsel van die naturel sal erken en waar nodig uitgebou word.

99. Naturellereg, wat nie strydig is met die algemene beginsels van menslikheid wat dwarsdeur die beskaafde wêreld erken word, sal van toepassing wees in alle siviele sake en in kriminele sake van mindere belang tussen naturel en naturel.

100. Appèl kan aangeteken word na die Naturelle-appèlhof.

101. Kriminele sake van ernstiger aard sal voor die blanke howe dien tot tyd en wyl die naturelle in hulle eie gebied ryp is vir hulle eie selfstandige howe.

102. Die beleid is om die naturel ook op hierdie gebied te lei tot sy eie selfstandige regspleging onder toesig van die blankes.

ADMINISTRASIE

103. Die Goewerneur-generaal word beskou as die opperhoof van die naturelle.

104. Die Departement van Naturellesake sal onmiddellik hervorm word ten einde hom aan sy dubbele roeping van opvoedende leiding en doelbewuste administrasie te laat beantwoord.

105. Alle naturellebelange en -aangeleenthede moet onder die Departement van Naturellesake ressorteer met sub-departement vir al die belangrike afdelings.

106. Die Minister sal bygestaan word deur 'n permanente Raad van deskundiges en 'n doeltreffende Etnologiese Instituut,

met 'n goed toegeruste personeel vir elke etniese volks= groep.

107. Sub-afdelings vir spesiale behartiging van die belange van plaasnaturelle en stedelike naturelle sal gestig word.

108. Amptenare behoort gebruik te word waar hulle dienste die nuttigste is afgesien van rang en bevordering.

F. BELEID TEENOOR INDIËRS

1. Die Party huldig die beskouing dat die Indiërs 'n vreemde en uitheemse element is wat nie assimileerbaar is nie. Hulle kan nooit eie aan ons land word nie en hulle moet dus as 'n immigrante-gemeenskap behandel word.

2. Die Party aanvaar as grondslag van sy beleid die repatriasie van soveel Indiërs as wat moontlik is, en stel voor 'n deeglike ondersoek na die uitvoerbaarheid van so 'n beleid op grootskaal. Met die oog op die erns van die vraagstuk moet Suid-Afrika gewillig wees, indien nodig, om groot finansiële opofferings vir die bereiking van hierdie doel te maak.

3. Geen Indiër immigrante sal in die land toegelaat word nie.

4. Solank as wat Indiërs nog in die land is, sal 'n beslote beleid van apartheid tussen blankes en Indiërs op alle terreine toegepas word sowel as tussen die Indiërs en ander inheemse nie-blanke groepe sover moontlik.

5. Die Wet op Grondbesit van Asiate en stemreg van Indiërs van 1946 sal dadelik in hersiening geneem word en -

- (a) Geen verteenwoordiging sal aan Indiërs gegee word in die wetgewende liggame van die land nie.
 - (b) Indiërs sal gevestig word in aparte gebiede en hulle sal nie toegelaat word om in blanke gebiede te woon of vaste eiendomme te besit nie.
 - (c) Blankes sal nie toegelaat word om in Indiërgebiede te woon, handel te drywe of vaste eiendomme te besit nie.
 - (d) Sover moontlik sal die beleid van apartheid deurgevoer word ten opsigte van die Indiërs en die inheemse rasse.
 - (e) Behoorlike vergoeding sal uitbetaal word vir eiendomme wat in die blanke of Indiërgebied gekonfiskeer word.
6. Fasiliteite om handel te drywe buite sy eie gebiede en veral in blanke gebiede sal drasties ingekort word.
7. Indiërs sal geleidelik nie toegelaat word om in naturelle gebiede of lokasies handel te drywe nie. Hierdie reg moet vir die naturelle self verseker word.
8. Inter-provinsiale beweging van Indiërs moet doeltreffend aan bande gelê word.
9. Die Vrystaat moet sy beskerming teen Indiërs hou.
10. Kaapland moet behoorlik teen die indringing van Indiërs beskerm word veral wat besit van vaste eiendomme en die handel betref.

11. Gesinstoelae aan Indiërs moet afgeskaf word.
12. Die Party sal drasties optree teen Indiërs wat die nie-blanke rasse teen die blankes opstook.

(Geteken) P.O. Sauer, L.V. (Voorsitter).

" Prof. dr. G.B.A. Gerdener.

" Dr. E.G. Jansen, L.V.

" J.J. Serfontein, L.V.

" M.D.C. de Wet Nel, L.V. (Sekretaris).

---ooo000ooo---

O P S O M M I N G

Die verstedeliking van die swartes het veral vanaf 1902 'n aanvang geneem en stelselmatig toegeneem totdat dit gedurende die Tweede Wêreldoorlog geweldig momentum gekry het. Met die totstandkoming van sekondêre nywerhede en industrieë is swartes benodig vir ongeskoolde arbeid, maar die kontrolering van instromelinge is bemoeilik aangesien die stamgebiede aan die begin van die eeu onafgebaken was. Nywerheids- en stadsontwikkeling het in die Swartgebiede uitgebrei en meegebring dat die enigste werkgeleentheid wat vir die swartes bekombaar was, die was in die Blanke-gebiede.

Met die verstedeliking van die swartes het omvangryke politieke-, sosiale- en maatskaplike vraagstukke na vore getree wat dikwels daartoe bygedra het om vredeliewende swartes in misdadigers te verander. Gesteun deur die liberaliste en die kommuniste het die swartes ook politieke eise aan die blankes gestel en in 'n toenemende mate 'n haat vir die blanke gekoester.

In sy verset teen die blanke het die ou grief van passe 'n klimaks bereik gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Georganiseer deur die kommuniste is 'n anti-pas veldtog geloods. Die Verenigde Nasionale Party het die pas as 'n goeie beheermaatreël bestempel terwyl die regerende Verenigde Party die passtelsel nie konsekwent in al die Provinsies toegepas het nie. Dit het veroorsaak dat beheer oor die instromende swartes na die stede verder bemoeilik is.

(b)

Die arbeidsprobleem wat deur swart verstedeliking meegebring is het die kommuniste die kans gebied om aan te dring op die erkenning van swart vakbonde. Hierdeur kon die kommuniste die arbeidsmag konsolideer in sy strewe tot die diktatorskap deur die "massas". Die Herenigde Nasionale Party het sterk teenkanting gebied, maar die Verenigde Party het teen die einde van die oorlog swart vakbonde nie-amptelik erken.

Swart verstedeliking het die segregasiebeleid van Suid-Afrika bedreig. Weer eens was dit die Herenigde Nasionale Party wat die swartes apart van die blanke wou laat ontwikkel, maar die Verenigde Party het segregasie as 'n struikelblok in die pad van rasseverhoudinge bestempel. Alhoewel die 1936-wetgewing m.b.t. die swartes nie die goedkeuring van die Nasionale gehad het nie, is dit nie deur die regering konsekwent toegepas nie. Die liberalistiese elemente in die Smuts-kabinet, die Naturellevertegenwoordigers en die Kommunistiese Party het voorspraak vir algehele gelykstelling gemaak. Segregasie het 'n politieke strydperk geword en na die Tweede Wêreldoorlog gesorg vir die Herenigde Nasionale Party oorwinning.

Die Herenigde Nasionale Party se voetstuk van sy segregasiebeleid was die behoud van blanke heerskappy in Suid-Afrika. Dit het nie beteken dat die swartes in die toepassing van dié beleid onderdruk sou word nie, maar dat swartes apart moes ontwikkel in die gees van voogdyskap.

'n Jaar voor die Tweede Wêreldoorlog het die Herenigde Nasionale Party by wyse van 'n petisie aangedring op wetgewing teen

gemengde huwelike, politieke- en ekonomiese segregasie en aparte woongebiede vir blank en Nie-Blank. Die Verenigde Party het algehele segregasie as 'n onuitvoerbare beleid beskou.

Die verstedeliking van die swartes het 'n vrugbare teelaarde geword vir die Kommunisme. Die swartes is op die "onregverdige" behandeling deur die blankes gewys en allerlei griewe is deur die kommuniste geëksploiteer. Vanaf 1941, toe Suid-Afrika via Engeland, 'n bondgenoot van Rusland geword het, het die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party openlik die stedelike swartes opgerui en oproere en stakings georganiseer.

Die Herenigde Nasionale Party het die kommuniste se doelstellings besef en jaarliks die Smuts-regering gewys op die verderflike invloed van die Kommunisme op die swartes, maar telkens is die Herenigde Nasionale Party se vertoë deur die Verenigde Party bestempel as "spookstories". Tydens die Tweede Wêreldoorlog is die kommunistiese mondstuk, Inkululeko, ongehinderd versprei en het groter steun vir die kommunistiese ideologie ingepalm.

Afgesien van die kommunistiese invloed onder die stedelike swartes tydens die oorlog het liberalisme meegebring dat daar 'n tipe Swart-nasionalisme na vore getree het. Die stedelike swartes het losgeraak van sy stamverbintenis en die swart vel het verskillende swartbevolkings saamgesnoer en vir hom 'n simbool geword van onregverdige behandeling deur die blanke. Hy het die blanke nie meer beskou as toevlugsoord vir bestaan nie,

(d)

maar het aanspraak gemaak op algehele gelykheid met die blanke.

Politieke regte aan swartes is deur die Herenigde Nasionale Party gesien as die ondergang van die blanke in die land. Die 1948-verkiesing is oor die Swartvraagstuk geveg, en het 'n oorwinning vir die Herenigde Nasionale Party meegebring.

---ooo000ooo---

